

'n Bydrae tot die Studie van twee
Taaltegniese Woorde in Afrikaans, nl.

SOOS en OF.

Akademiese Proefskrif

aangebied ter verkryging van die graad

Doctor Litterarum

deur

Gert Jacobus Labuscagne

Potchefstroomse Universiteitskollege vir C.H.O.

(Universiteit van Suid-Afrika).

Pietermaritzburg.
November 1950.

INHOLD.

Voorwoord.	
Inleiding	(i) - (v)
<u>Hoofstuk I.</u>	
Die Taaltegniese Woord <u>soos</u>	1 - 86
<u>Afdeling A.</u>	
Algemeen	1 - 17
<u>Afdeling B.</u>	
Die Tweeledige Hoedanigheidstruktuur (Hoof-tipe)..	18 - 46
<u>Afdeling C.</u>	
Die Drieledige Hoedanigheidstruktuur	47 - 57
<u>Afdeling D.</u>	
Die Tweeledige Hoedanigheidstruktuur (Hoof-tipe) en die Drieledige Hoedanigheidstruktuur met 'n graad- aanduidende Bywoord <u>so</u> , <u>netso</u>	58 - 64
<u>Afdeling E.</u>	
Die Tweeledige Hoedanigheidstruktuur (sub-tipe (a) en (b))	65 - 76
<u>Afdeling F.</u>	
A: <u>Soos</u> noem 'n Byvoeglike Verband	77 - 81
B: <u>Soos</u> noem 'n Onderwerpsverband	82 - 84
C: <u>Soos</u> noem 'n Voorwerpsverband	84 - 86
<u>Hoofstuk II.</u>	
Die Taaltegniese Woord <u>of</u>	87 - 157
<u>Afdeling A.</u>	
<u>Of</u> noem 'n Toegowing	87 - 103
<u>Afdeling B.</u>	
<u>Of</u> noem 'n Onderwerpsverband	104 - 109
<u>Afdeling C.</u>	
<u>Of</u> noem 'n Voorwerpsverband	110 - 114
<u>Afdeling D.</u>	
<u>Of</u> noem 'n Alternatief	115 - 119

Afdeling E.

Of noem 'n Tydsbetrekking 120 - 122

Afdeling F.

Of noem 'n Voorwaarde 123 - 124

Afdeling G.

Of noem 'n Omstandigheid 125 - 126

Afdeling H.

Of noem 'n Byvoeglike Verband 127 - 156

Afdeling I.

Of noem 'n Vergelyking (Vergelykende Hoedanigheid) .. 157

Samevatting 158 - 162

Literatuuropgawe 163 - 174

VOORWOORD.

'n Voltooido proefskrif wys 'n bepaalde eindstadium in die loopbaan van 'n student aan, maar so weinig word erken dat hierdie eindstadium érens 'n begin (moes) gehad het, dat daar 'n proses van vorming was, 'n proses waarin die student leiding ontvang het. Dit sal dus nie 'n mooi oorsig wees om die aandeel van jou wetenskaplike leiers op hierdie stadium buite rekening te laat nie. Daarom wil ek van die Universiteit Pretoria prof. M.S.B. Kritzinger en dr. Tj. Buning bedank vir die belangstelling wat hulle vir byna ses jaar in my letterkundige studie getoon^{het}, Prof. T.H. le Roux (emeritus-professor) en prof. S.A. Louw word bedank vir hulle leiding, 'n leiding waarvan ek die waarde eers beter kon besef toe ek my finaal op die taalkunde gaan toelê het.

Aan die Stedelike Universiteit, Amsterdam, Holland, het prof. Donkersloot opnuut by my 'n belangstelling vir die letterkunde gewek en sy persoonlike aandag vir ruim drie jaar word hoog op prys gestel.

Hierdie bepaalde proefskrif sou miskien nooit geskryf gewees het nie as dit nie was vir prof. Anton Reichling, Hoogleraar in die Algemene Taalwetenskap te Amsterdam nie. Dit was voorwaar 'n voorreg om sy lesings by te woon en om hom persoonlik te ken. Aan hierdie geleerde is ek veel verskuldig, nie alleen omdat hy persoonlik soveel in my studie belanggestel het nie, maar omdat sy menslikheid en sy simpatieke hulpvaardigheid so 'n besonder sterk stimulus was. Miskien gee ek hom in hierdie werk nie altyd die erkenning wat hy verdien nie, want dit was telkens dat tydens lang gesprekke in sy studeerkamer baie probleme vir my langs 'n suggestiewe vraag van hom oplosbaar geword het.

Tenslotte, volgens die tydsorde waarop ek aan die onderskeie Universiteite student was, moet ek U, prof. Labuschagne van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir C.H.O., hartlik bedank vir U bereidwilligheid om as promotor op te tree, Hoeveel ek U

wenke/

wenke en belangstelling in hierdie werk op prys stel, kon ek alreeds persoonlik aan U meedeel, maar ek wil dit hier graag (weer) bevestig. U kennis van en insig in die jongere Taalwetenskaplike strominge en U eie oortuigende opvattinge het dit vir my 'n voorreg gemaak om die finale afronding van hierdie proefskrif onder U leiding te kon doen.

Pietermaritzburg,
November 1950.

Inleiding.

In hierdie werk is ons gerig op die werklik kommunikatiewe gebruik van twee woorde deur 'n bepaalde groep van saamlewende mense. Ons arbeid is dus 'n sinkroniese taalbeskouing. Buite hierdie fase val alles wat slegs deur 'n nie meer lewende geslag gebruik was en wat ons dus enkel uit historiese beskouing kan ken (1*). So 'n beskouing is 'n diakroniese. In 'n sinkroniese taalbeskouing bly die diakroniese uiterlik op die agtergrond, bv. om aan 'n Engelssprekende te kan laat verstaan dat die woordvorm w-a-t-e-r vandag in Afrikaans gebruik word as 'n vorm om 'n vloeibare stof wat ons drink mee in te ken, daarvoor is dit heeltemal nie nodig om hom te laat verstaan dat in Latyn 'n ander vorm bruikbaar was nie. Die diakroniese kan slegs in die sinkroniese oorgeneem word as 'n bepaalde gebruik nie bloot uit 'n sinkroniese analise begrypbaar gemaak kan word nie. Maar verskillende werke kan verskillende doelstellinge hê. Is die doelstelling 'n sinkroniese én diakroniese beskouing, bv. van die konsonantstelsel in Afrikaans, dan moet dit duidelik so geformuleer wees. Dit is dan 'n histories-vergelykende studie. Ons studie is egter geen vergelykende studie nie en die historiese werp ook geen lig op ons probleme nie. Vir die begryp van bv. soos is dit dan ook nie nodig om meer as net moderne Nederlands te noem nie.

Die twee woorde soos en of is afsonderlik vir ons net soveel woord as woorde soos boom, perd, liefde ens. Hulle is so fonematies-gesistematiseer dat ons hulle ten eerste ken as resp. soos en of en nie as 'n klanke-samestelling soos suus en op nie. Hulle is dus kenbaar aan die opposisionele aspek van elke afsonderlike foneem omdat oo nie vervang kan word deur uu nie en f ook nie deur p nie. Verder, gegee eenmaal die foneme s, ʃ, o, ɔ en f, ɔ, d.w.s. afgesien van die afsonderlike klankverskille van die foneme onderskoi ons die geheel van die woord deur klankkombinasie en -plaatsing, d.w.s. na die vorm van die woord as resp. s-o-o-s en o-f en nie as gekombineer en geplaas as ssoo en fo nie. M.a.w. deur klankkombinasie

en-plaatsing onderskei ons die woord-vorm soos en of van alle ander vorme wat uit dieselfde foneme kan bestaan, bv. ooss, fo, soso, ens.

Samevattend dus is soos en of afsonderlik twee kenbare en onderskeibare woorde in Afrikaans. Tot hierdie gevolgtrekking raak ons fonologies en morfologies (wat die vormgeheel betref, maar in die laaste geval is dit ook sekondêr fonologies), maar ons raak eers tot genoemde gevolgtrekking as ons die betekenis van die twee woorde ken: aan die betekenis ken ons 'n woord(-vorm) en nie andersom nie 2*).

Die bepaalde klankkombinasies en -plaatsing gee dan uiteinde-lik vir ons die woordvorm en hierdie woordvorm is 'n funksionele vorm. As die woord dan nou, nadat dit gemaak is, 'n teken is dan is die woordvorm, resp. die bepaalde klankgolwe nog nie die teken nie, maar die woordvorm plus die betekenis as 'n geheel en omdat betekenis die onaanskouelike moment is wat die woordvorm struktureer, daarom is hierdie onaanskouelike moment, omdat in hierdie geheel daar tog 'n hierargie bestaan, die teken 3*). Maar dit is o.i. nie 'n funksie van die woord om betekenis te hê nie, om te simboliseer nie, 'n teken te wees nie, want 'n woord is woord omdat hy betekenis het (is), omdat hy teken is. Ons kan nie glo dat dit 'n funksie van 'n perd is om perd te wees nie, tensy ons beeldspraak gebruik, want om in 'n kar te trek of te loop is bv. funksies van 'n perd wat nie terselfdertyd sy wesensvorm, bv. sy bepaalde biologiese struktuur is nie. Bühler praat ook voortdurend van die "Darstellungsfunktion" van 'n woord.

Vir ons is dit egter voldoende om te weet dat vir die bepaalde woordvorme s-o-o-s en o-f dit essensieel is dat hulle betekenis het voordat ons soos en of as woorde kan beskou. Wat is dan nou die betekenis van soos en of? Dit is terselfdertyd 'n vraag na waarvoor is soos en of tekens of wat simboliseer hulle. As 'n woord 'n teken is (iets waarin ons iets anders) nadat dit gemaak is dan is hy 'n teken vir iets wat ons waarnemend of voorstellend kan ervaar.

Hierdie/

2*) Reichling skryf uitvoerig hieroor in Het Woord, hoofstuk 6.

3*) Dit is o.i. die funksie van 'n woord om te wees 'n teken.

Hierdie ervaring is belangrik en hieruit kom ook ons begrip saak waarvoor die woord dan nou teken is. Ons lewe ervarend. Ervaring is die naam wat ons gee aan die verskynsel waarby ons weet dat ons by iets betrokke is: as ek 'n viervoetige dier buite my waarneem of my so-iets voorstel en ek weet dis 'n perd dan ervaar ek 'n perd en nie 'n bees nie. As ek my haat of 'n atoombom voorstel en ek weet dis haat en 'n atoombom en nie liefde of 'n tennisbal nie, dan ervaar ek haat en 'n atoombom. Hierdie "iets" wat ek my in die waarneming of voorstelling teenoor my kan stel, die nie-ek, noem ons 'n saak. As ek 'n saak perd ervaar ('n selfstandige saak dus) en hy is lopend dan ervaar ek ook sy funksie, dus, ek ervaar twee sake. Ervaar ek sy bruin kleur, dan is ek ook op daardie saak betrokke. Hierdie ervaring kan ek nou verwoord en sê: (die) bruin perd loop. Ervaar ek hom as 'n en nie as die perd (saak) nie dan is ek op hierdie 'n-saak(getal) betrokke. Om kort te gaan: daar is in wese net soveel woord-kategorieë as wat daar ervarings-kategorieë, dus sake bestaan.

As ek dan nou 'n man sien loop en ek ervaar 'n betrekking ('n verband) tussen sy loop en die van bv. 'n kreef dan is hierdie betrekking 'n saak wat ek teenoor my stel en waarvoor daar in die taal 'n woord moet wees en daar is want nou kan ek al my ervaringe: die + man + loop + betrekking tussen die-man-loop + 'n + kreef + loop as sake verwoord en sê: Die man loop soos 'n kreef. Die woord soos beteken dan linguisties die ervaringskategorie (saak) waarvoor hy gemaak is, nl. 'n betrekking en niks meer nie. Nou kan ons soos gaan uitneembaar haal soos in Nederlands (zo + als) en sê so verwoord die deel van die betrekking waar uitgewys word na iets en as is die bepalende van die iets waarna uitgewys word, in ons voorbeeld 'n kreef se loop. So beteken of ook 'n betrekking en niks meer nie, dis gemaak om linguisties 'n betrekking te simboliseer, om teken te wees vir 'n betrekking-saak.

Nou kan hierdie betrekking 'n bepaalde nie-linguistiese aard hê: dit kan 'n onderwerps-betrekking. In bepaalde betrekkinge

sê dat soos of of nou ook bv. 'n voorwerps-betrekking beteken nie. Die aard van die betrekking is alleen maar terugvoerbaar op die betekenis van die woorde soos en of want 'n voorwerp, onderwerp, ens. kry ons alleen maar waar daar 'n betrekking tussen sake bestaan. Die aard van die betrekking is dus nie identiek aan, te identifiseer met die betekenis self nie. Die nie-linguistiese aard word uit die betrekking geabstraheer - die nie-linguistiese kry dus die taal as uitgangspunt.

Vir soos en of moet ons dus 'n duidelike onderskeid maak tussen betekenis ('n betrekking) en die aard van die betrekking wat alleen terugvoerbaar is op die linguistiese betekenis en vir hierdie laasgenoemde verskynsel (die aard) gebruik ons die begrip noem. So kan ons dan sê dat of in taalgebruik (praat, hoor, lees en skryf) 'n voorwerps-verband noem. 'n Woord soos esel noem ook in taalgebruik. Die esel trek in die wa - hier noem esel ook wat hy in die taal beteken, nl. 'n bepaalde viervoetige dier. Maar sê ons: Jan is 'n esel dan noem esel hier alleen maar 'n bepaalde eselse kenmerk, bv. luiheid, omnoselheid, 'n onderskeiding wat wêl tot die geheel van die betekenis van esel hoort, nl. 'n bepaalde soort dier. Hierop hoef ons nie verder in te gaan nie, maar wil alleen duidelik stel dat die wyse van noem van 'n woord soos esel nie op dieselfde vlak lê as dié van ons taal tegniese woorde soos en of nie. Vir die begrip noem vgl. verder by soos voetnoot 1*). Die fout kan wel begaan word omdat in hierdie werk daar nie 'n volledige uiteensetting gegee kan word van ons woordteorie nie (daarvoor verwys ons na die moderne taalwetenskap en o.a. ook na Reichling se Het Woord) en daarom wil ons vooraf waarsku: waar ons in hierdie werk praat van die noemfunksie van soos en of daar moet noem(-funksie) nie geïdentifiseer word met (die) betekenis (van soos en of) nie. As ons in die eerste paragraaf van soos se bespreking dan ook sê dat in 'n bepaalde gebruik van soos 'n hoedanigheid altyd veronderstel word, dan sê ons nie dat soos 'n hoedanigheid beteken nie.

HOOFSTUK 1.

DIE TAALTEGNIËSE WOORD SOOS.

Afdeling A.

Algemeen.

Die twee noemfunksies 1*) van soos wat ons as uitgangspunt neem vir 'n bespreking word deur grammatici genoem "'n bywoordelike bysin van vergelyking" en "'n bywoordelike bysin van hoedanigheid". Maar aangesien die "hoedanigheid" en die "vergeelyking" eweveel hoedanigheid veronderstel, reken ons dat dit juister en meer onderskeidend sou wees om te praat van 'n vergeelykende hoedanigheid en 'n egte hoedanigheid as twee van die verbande wat by 'n sinslid met soos teëgekem word. Al die geraadpleegde Afrikaanse grammatikaboeke noem soos by wat ons dan 'n egte hoedanigheid noem, maar slegs Booyesen 2*) gee daarvan een voorbeeld. In grammatikaboeke van ander tale vind 'n mens genoeg spore van ons probleem, veral as gelet word op die teëspraak en die verwarrende onsekerheid, soos verderaan sal blyk.

Booyesen noem vir die egte hoedanigheid die voorbeeld: Jy het nie gedoen soos ek jou gesê het nie, en Van Wijk 3*): Ik zal het doen, soosals je zegt, en Oberman 4*): Piet schrijft, soosals een oude boer met **stramme** vingers dat zou doen, maar laasgenoemde voeg onmiddellik daaraan toe (een van die onsekerhede al!) dat ons hier (miskien bedoel as: na aanleiding van hierdie voorbeeld) ook wel kan spreek van

vergeelyking 5*) en dan soek 'n mens vergeefs by hom na 'n vergeelykende hoedanigheid/

1*) Met die begrip noem volg ons hier dus Reichling (vgl. Het Woord): In taalbeskouing beteken 'n woord wat dit in die taalgebruik deur middel van sy betekenis noem. Hierdie onderskeiding is van Husserl afkomstig. Noem is weergewend uitwys na die sake deur die gebruik van woorde in 'n sin en hierdie "weergewend uitwys" berus op die betekenis van die woord wat 'n bepaalde soort gedagte is ('n denkmoment) 'n gebruiksgedagte wat in verskillende situasies bruikbaar is, vandaar die "polisering" en dispresies hierdie "bruikbaar wees in verskillende situasies", die handelingskarakter van die woord wat hom onderskei van wat dit nie is nie, nl. "die draer van 'n begrip" (vgl. Reichling in N.TgXXXI) Vergelyk ook voetnoot 20*.

2*) Booyesen, p. 288

3*) Van Wijk, p. 66

4*) Oberman, p.16.

5*) Nou is dit opvallend dat Van Wijk geen kommentaar lewer op sy genoemde voorbeeld van 'n egte hoedanigheid nie, want by vergeelykende hoedanigheid (p.66) gee hy o.a. die voorbeeld: Ik deed het zoo goed als ik naar kon, en verduidelik in 'n voetnoot dat 'n mens ook die benaming "bijzin van hoedanigheid" daarvoor kan gebruik en stel dit op een vlak met: Hij zat op de bank als een ruiter op zijn paard (vgl. para 27(ii)) wat hy ook tot "'n bepaling van hoedanigheid" wil reken. Nou word ons gedwing daartoe om te vra: wat is dan nou die maatstaf? Nou kan ons ook aan Jespersen vra (Essentials of English Grammar, p.370) waar hy die verskil vandaan haal tussen die twee noemfunksies van die Engelse soos. Nou word ons dus

hoedanigheid as 'n tipe sekondêre sinslid ("bysin"). Maar die vraag is eintlik: Waarom twyfel Oberman en ander aan hulle eie voorbeelde en op watter gronde noem Booyesen en Van Wijk dan hulle voorbeelde egte hoedanigheid, en bestaan daar enige goedgestaafde rede waarom die voorbeelde van laangenoemde twee grammatici en van ander nie ook vergelykende hoedanigheid kan wees nie, gesien ook die omstandighede omskryf in voetnoot 5*)? Ons wil dus hier 'n bydrae lewer tot die bepaling van die maatstawwe vir die verskil tussen die twee genoemde noemfunksies van soos en ons begin met 'n verantwoording van die begrippe wat ons voortaan sal gebruik.

Die voorbeeld van bv. Booyesen is, gemeet aan die kriterium van sinsklankgeheel 6*), 'n sin 7*) wat bestaan uit 'n primêre en sekondêre sinslid ("hoofsin" en "bysin" was ons gewoon om te sê), maar eintlik is die sin van Booyesen drieledig waarvan die derde lid "saamgetrokke" is: Jy het nie gedoen soos ek jou gesê het om te doen nie/ dat jy moet doen nie. In daardie infinitief-konstruksie of dat-sinslid

word/

6*) Sinsklank(geheel): die musiese melodie wat die taalgebruikseenheid kenmerk. Wat is melodie?: Melodie(spreek-) is die afgeronde geheel van hoogte-, sterkte- en duurverskille in die spraakgeluid, eventueel onderbroke deur in daardie geheel passende ruste. L.w. passende ruste en nie vaste intervalle nie. Hiermee wyk ons dan saam met Reichling (vgl. sy artikel: Het Personale aspect in het Taalgebruik in Bundel Opstelle, de Vooyes) af van bv. Overdiep wat 'n sin beskou as 'n deur ruste omringende gedeelte. In die musiek kry ons vaste intervalle, in die taal nie, alleen maar passende ruste omdat die sintaksis ons altyd toelaat om deur te gaan. Die sin bestaan dus nie uit 'n melodie nie, maar word daardeur gekenmerk. 'n Sin is dus die gebruikte woorde of die kompleks van gebruikte woorde gekenmerk deur die sinsklank (per Reichling) en woord en sin is korrelatief en korrelatiewe begrippe. Die sin is dus nie kwantitatief en die woord daarvan afgesplits soos die ou definisies daarvan, volgens 'n genetiese oogpunt beskou, dit wil(wou) voorstel nie. Uit hierdie genetiese oogpunt beskou, is die woord beskou as ontstaan uit die sin en wel as 'n soort sinsdeling waar in 'n sin kleiner dele onderskei word om dinge te noem. Geneties het ons dus 'n kwantitatiewe verskil gehad wat meebring: 'n grotere, die sin, 'n kleinere, die woord en nou alweer 'n allerkleinste, die foneem (vgl. die def. van Trubetzkoy: Phonologische Einheiten, die sich.... nicht in noch kürzere aufeinander-folgende phonologische Einheiten zerlegen lassen, nennen wir Phoneme (Grundzüge, p.34 in Travaux 7)). Maar volgens ons is daar geen sin sonder 'n woord nie en geen sin voordat 'n woord gemaak is nie. Met woord en sin dus as korrelatiewe begrippe is dit nie meer nodig om kwantitatief bv. die foneem die kleinste te noem nie. Trubetzkoy se definisie van 'n foneem dra dus die spore van die agtergrond van die groot stryd tussen woord en sin. Vgl. ook Van Wijk se foneemdefinisie (p.99) as die kleinste element van die taal wat nie verder deelbaar is nie en stel hierlangs De Saussure se sintagma-begrip en ons bly by die genetiese woord- sin- en foneem-oppvattinge.

word die saakkompleks van die primêre sinslid (algemeen gesproke is dit die regerende sinslid omdat dit hier die soos-sinslid regeer) met die nodige wysiginge herhaal: vgl. die voorbeeld van Booyesen waar die gesegde saak 8*) in die infinitiefkonstruksie 'n infinitiefsaak word en in die geval van die dat-sinslid kom daar nog 'n hulpwerkwoord moet by 9*). Maar van belang is die feit dat dié aanvulling tot die struktuur van die hoedanigheid self behoort. Volg daar bv. 'n omdat-sinslid vóór of ná die genoemde derde sinslid (ons sal maar die infinitiefkonstruksie hier ook as 'n sinslid beskou omdat met daardie term terselfdertyd na die dat-sinslid verwys kan word) dan behoort dit ook tot die sin, maar dit behoort nie tot dié deel van die sin wat die struktuur van die hoedanigheid uitmaak nie, want daartoe behoort alleen die primêre (regerende) sinslid, die soos-sinslid en die aan te vulge infinitiefkonstruksie of dat-sinslid (die derde sinslid dus) wat noodsaaklik 'n deel van die soos-sinslid se regerende sinslid kan herhaal 10*). Vergelyk verder buite Booyesen:

Jy het nie gehandel soos ek verwag het dat jy sou handel nie.

Ek kan die son nie doen soos hy my gevra het om dit te doen nie.

Die soldate het nie aangeval soos hulle bevoel is om te doen nie.

Hierdie (drie) vir die hoedanigheid relevante sinslede sal ons die hoedanigheidstruktuur (van die sin) noem 11*). Enige sin het weer 'n bepaalde struktuur van sinslede (al kan dit (die sin) soms maar net uit een(sins-)lid bestaan) en dit sluit al die neweskikkende en/of onderskikkende sinslede in. Dit sal ons die sinstruktuur noem of beter gesê: dié lede behoort óók tot die sinstruktuur. Behalwe

die eerste/
8*) Met die begrip gesegde-, onderwerp-, of voorwerpsaak deel ons nie die sake in kategorieë nie, maar verwys ons enkel na die sintaktiese verband (later verwys ons spesifiek daarna as die konteksuele verband) wat daar in ons voorbeelde onder bespreking tussen die sake van die saakkompleks bestaan.

9*) Hierdie wysiging van die regerende sinslid (van die soos-sinslid) in die derde sinslid word bepaal deur immanente wette wat hier nie ter sprake is nie omdat hulle nie deur die betekenis van soos gestruktureer word nie en ook nie die noemfunksie van soos raak nie.

10*) Straks kom ons daarop terug en noem terloops waarom daardie derde sinslid juis kan en soms moet herhaal word. Vir die hoe van die herhaling of wysiging, vgl. voetnoot 9*).

die eerste lid van die samestellinge hoof(-sin) en by(-sin) vermy ons ook die tweede lid in die woord (hoof(-)sin en (by(-)sin omdat 'n taaluiting wat 'n sin is volgens die sinsklank-geheel onmoontlik nog weer sinne kan bevat wat hoof- of by-sinne genoem kan word. Sodanige dele van 'n geheel kan hoogstens momente van daardie geheel wees en nie gehele van 'n geheel nie, want dit is dit wat die term sin impliseer as die taaluiting 'n werklikheid is wat volgens die sinsklank-geheel 'n sin genoem kan word. En daardie momente van 'n sinsgeheel noem ons lede 12*). Hiermee word nog niks gesê van die logiese afhanklikheid van die verskillende sinslede volgens die noem-funksie van soos nie omdat dit gedek word deur die begrip sinslid-verband.

Die sinstruktuur van ons drie voorbeelde hierbo is dan nou, sover dit ons nou aangaan, soos volg: (1) Dié van Booyesen: 'n Regerende sinslid (Jy het nie gedoen) 13*) plus 'n sekondêre soos-sinslid (soos ek jou gesê het nie) terwyl die hoedanigheidstruktuur genoemde sinstruktuur plus 'n volgende dat-sinslid (dat jy moet doen (nie)) of infinitiefkonstruksie (om te doen (nie)) bevat al hoof hierdie derde sinslid van die hoedanigheidstruktuur nie telkens uitdruklik uitgesreek te word nie. Word dit uitgespreek dan kan sinstruktuur en die hoedanigheidstruktuur natuurlik saamval, maar aan die ander kant kan die sinstruktuur verder uitgebrei word (die sintaksis laat dit altyd toe) terwyl dié bepaalde tipe hoedanigheidstruktuur met die derde sinslid voltooi is.

(2) Dié van Van Wijk (Ik zal het doen, zocals je zegt) val onder dieselfde kategorie as die van Booyesen.

(3) Dié van Oberman: 'n Regerende sinslid (Piet schryft) plus 'n sekondêre soos-sinslid (zocals een oude boer met stramme vingers dat zou doen) en daarmee, dus met dié twee sinslede, is die hoedanigheidstruktuur ook voltooi omdat daar geen derde sinslid kan wees wat

noodsaaklik/

12*) Dit is omdat Overdiep nie gewerk het met die begrip Gestalt nie dat hy tenspyte van sy musiese maatstaf vir die sin nie ontslae

noodsaaklik 'n deel van die soos-sinslid se regerende sinslid sal herhaal nie 14*).

Elke sinslid het weer 'n struktuur van dele (sinsliddele) en omdat struktuur 'n inwendige skikking impliseer, kom ons sodoende uit by die betrekkinge van onderwerp, gesegde, voorwerp, ens. Die verbande tussen die afsonderlike dele noem ons in navolging van Reichling 15*) die konteksuele verband 16*)

Die drie genoemde voorbeelde is weer konteksueel soos volg gestruktureer:

(1) Die van Van Wijk: Die regerende sinslid bevat 'n onderwerp (ik), 'n gesegde (zal doen) en 'n anaforiese voorwerp (het); die soos-sinslid ook: 'n onderwerp (je), 'n gesegde (zegt) en miskien moet ons daar 'n voorwerp "me" ook veronderstel (zoals je(me) zegt). Beskou ons die hele hoedanigheidstruktuur dan kan van die derde sinslid gesê word dat dit die eerste (regerende) sinslid sal "navolg".

(2) Die van Oberman: Die regerende sinslid bevat 'n onderwerp (Piet) en 'n gesegde (schryft) en die soos-sinslid 'n onderwerp (een oude boer met stramme vingers), gesegde (zou doen) en 'n anafories-terugwysende voorwerp (dat). Van 'n derde sinslid is hier, soos reeds gesê, natuurlik geen sprake nie.

3) Met die voorbeeld van Booyson gaan ons 'n stukkie verder: Die regerende sinslid met sy onderwerp en gesegde en die soos-sinslid met sy onderwerp, gesegde en voorwerp is konteksueel ogter nie parallel nie omdat die soos-sinslid 'n sinsliddeel het (nl. die voorwerp jou) wat sy regerende sinslid nie het nie. En hiermee het ons nog twee begrippe: nie-parallele konteksuele struktuur en parallele konteksuele struktuur.

Omdat ons in 'n taalgebruikseenheid te make het met die sake 17*) is die verbande, die betrekkinge wat ons vind, betrekkinge

tussen/
14*) Waarom mis die tipe hoedanigheidstruktuur waar toe die voorbeeld van Oberman behoort dan hierdie derde sinslid? Die antwoord volg hierna.

15*) Reichling, Het Woord, p. 410-411

16*) Hiermee verwys ons nie die begrip sintaksis nie. Sintaksis (sintaktiese verband) is die verband tussen woorde (onderling) en die groepe onderling. Die begrip konteks gebruik ons alleen maar om die feite

betrekkings tussens hierdie sake in 'n sinslid, en ons sal vir soos kan aantoon dat die aard van die genoemde saak in 'n bepaalde konteksuele verband op sy tyd relevanter vir die noemfunksie van soos kan wees as die verband self waarin 'n saak verskyn. Bekyk ons 'n sin soos: Jan huil omdat sy kind siek is, dan is dit vir die noemfunksie van die voegwoord omdat heeltemal irrelevant of die onderwerpsaak Jan nou identiek is aan of geopponeerd is teen die onderwerpsaak van die omdat-sinslid, want in: Jan huil omdat hy siek is, noem omdat, nes in die ander geval, nog maar die rede waarom Jan huil al is die onderwerpsake van die twee sinslede nou identiek. Die enigste verskil is dat ons daardeur 'n ander saakkompleksgeheel kry, maar in hierdie geval tóg geen ander logiese betrekking tussens die twee sinslede nie. Vir soos sal ons wel die aard van die sake in elke konteksuele verband moet bekyk. Ons moet dus die sake-struktuur van elke sinslid nagaan. Die voorbeeld van Booyesen (Jy het nie gedoen soos ek jou gesê het nie) is saaklik soos volg gestruktureer:

(1) Die onderwerpsaak (jy) van die regerende sinslid is nie-identiek aan (dus geopponeerd teen) die onderwerpsaak (ek) van die soos-sinslid, maar as saak wel identiek aan die voorwerpsaak (jou) van daardie sinslid, en ook weer identiek aan die onderwerpsaak (jy) van die genoemde derde sinslid (...dat jy moet doen nie).

(2) Die onderwerpsaak (ek) van die soos-sinslid én die gesegdesaak(sc) is nie identiek aan enige ander kern-saak in die hoedanigheidstruktuur (d.w.s. die drie sinslede saam) nie. Hulle kom dus nêrens weer voor nie en ons noem hulle daarom absoluut geopponeerde sake, d.w.s. hulle staan in absolute opposisie tot alle ander sake wat as kernsake in daardie hoedanigheidstruktuur gerealiseer is (18*). Uit die verdere analise sal blyk dat vir ons doel 'n geopponeerde saak nie anders funksioneer as 'n absoluut geopponeerde saak nie. Die klem val in albei gevalle op geopponeerdheid. Ons neem alleen maar van absoluut geopponeerdheid kennis in soverre dit ook 'n verskynsel is. Wat funksioneel is, is dus: saak-opposisie en-identiteit met laasgenoemde

(3) Die gesegdesaak van die regerende sinslid (het gedoen) is weer identiek aan die van die aangevulde derde sinslid (moet doen).

Die tipe identiteit waar bv. 'n onderwerpsaak identiek is aan 'n voorwerpsaak in 'n ander sinslid noem ons kruis-identiteit, terwyl ons die tipe waar 'n onderwerpsaak identiek is aan 'n onderwerpsaak of 'n direkte voorwerpsaak aan 'n direkte voorwerpsaak of 'n indirekte voorwerpsaak aan 'n indirekte voorwerpsaak in 'n ander sinslid weer direkte identiteit noem. In watter verband 'n saak weer herhaal word in 'n ander sinslid, bepaal dus die verskynsel van kruis- of direkte identiteit. 19*).

Ons bekyk nog die voorbeeld van Oberman:

(1) Die onderwerpsaak(Piet) van die regerende sinslid én dié van die soos-sinslid (een oude boer met stramme vingers) is vereers geopponeerd teen mekaar, d.w.s. nie identiek nie en tweedens absoluut geopponeerd (maar dié soort geopponeertheid is irrelevant), en alleen die gesegdesake van beide sinslede (schryft - zou doen (schryven)) is direkte identiek. Die vorm waarin die gesegdesaak hier in die soos-sinslid herhaal word (die anafoor (dat) en die moment doen) is taalmiddels om 'n reedsgenoemde saak weer mee te noem.

Die begrippe geopponeerde en identieke sake hou verband met 'n paar taalverskynsels. Eerstens met die feit dat die betekenis 20*) van 'n woord soos perd waarmee ons in 'n taalgebruikseenheid die saak perd noem, hom opponeer teen die betekenis van bv. die woord esel waarmee ons weer die saak esel noem. En dit hang saam met die feit dat 'n voornaamwoord waarmee ons vooruit en terug kan verwys na nog te noeme of alreeds genoemde sake tot ons beskikking staan. Verder hang dit saam met die taalgewoonte en -middels om deur herhaling, variasie of omskrywing 'n saak weer te noem, en ook met die feit dat 'n werkwoord 'n aktiewe en 'n passiewe vorm kan hê, ens. Elke situasie

moet dus/
19*) Maar daar moet onderskei word tussen aktiewe direkte identiteit (Hy praat soos hy sing) en passiewe direkte identiteit (Hy slaan soos hy geslaan word). Dieselfde geld vir kruis-identiteit. Behalwe waar die passiewe uitdruklik genoem word, word dit altyd veronderstel dat die aktiewe bedoel word.

20*) Betekenis: Kortliks: dis die mededeelbare kennis wat ons het in 'n bepaalde generatiewe-geostatistiese sterkklankteken (die woord)

moet dus apart bekyk word. Vir ons word in taalgebruik 21*) 'n saak genoem deur 'n woord, òf 'n woordgroep 22*) (desnoods kan ons ook praat van 'n (woord-) groepsaak), 'n saakkompleks deur 'n sinslid en 'n saakkompleksgeheel deur 'n sin.

Dit is dan nou duidelik dat die drie proefvoorbeelde wat ons aan grammatici ontleen van mekaar verskil wat betref: (i) die sinstruktuur, (ii) die sake-struktuur en (iii) die konteksuele struktuur van elke sinslid (die sinslidstruktuur) en tog word die soos-sinslid deur die drie grammatici tot dieselfde sinslidverband, nl. egte hoedanigheid gereken 23*). Die vraag is nou nie of hulle voorbeelde juis vir hierdie verband is nie (dit sal self later blyk), maar of een van die sinslede van die hoedanigheidstruktuur of die hoedanigheidstruktuur in sy geheel aan 'n bepaalde struktuur moet voldoen voordat ons kan praat van 'n egte of 'n vergelykende hoedanigheid by die soos-sinslid.

Die bedoeling is dan nou ook nie om die struktuur van hierdie sinne te ontleed en te beskryf alleen maar net die oogmerk om dit bloot te lê nie, maar om te soek na taanlik konsekwent toepasbare objektiewe maatstawwe waarmee die twee (en ander) noemfunksies van die voegwoord soos van mekaar onderskei kan word en o.i. loop die maatstawwe hier primêr deur die struktuur heen 24*). Wat die sake-struktuur van die vergelykende hoedanigheid betref, kon ons meer as 'n duisend klasse onderskei, maar dis nou nie die plan om hulle almal hier te illustreer nie, daaron grens ons alleen maar die egte hoedanigheid hier af en laat die sake-struktuur wat ver daarbuite in die grotere domein van die vergelyking val met rus. Ons wil dus weet en probeer aantoon waarom 'n soos-sinslid tot die egte hoedanigheid gereken (moet) word, want

21*) Die uitgangspunt van die taalkunde moet wees die taalfeite en nie die taalsisteen nie, en die taalfeite kry ons in die taalgebruik daarom dat bv. die foneem-definisie van die Praagse Skool wat t.o.v. die taal gegee is ons nie kan bevredig nie.

22*) 'n Woordgroep is een geheel van woorde wat bepaalde vormlike kenmerke vertoon en wat deur die kenmerke onderskei word van ander woorde of groepe van woorde (per Reichling). Geheel is 'n eenheid wat dele vertoon en 'n eenheid is iets on-verdeeld in homself en onderskei van ander.

23*) En dan verwys ons weer na die verwarring by Oberman, Van Wijk, en Jespersen.

24*) En soos ons gesien het, omvat struktuur vir ons doel (i) sinstruktuur, (ii) sake-struktuur, (iii) konteksuele struktuur. Hitter

ons het alle reg om uit die ervaring te vermoed dat die nie 'n uitge-
maakte saak in die taalkunde is nie.

Ons sal dus die egte en die vergelykende hoedanigheid
vanuit die volgende verskynsels bekyk:

(1) Die egte hoedanigheid: struktureel, d.w.s. die sinstruktuur en
daarby die konteksuele struktuur en die "volledige" sake-struktuur.

(11) Die vergelykende hoedanigheid: struktureel, d.w.s. die sinstruktuur
en die konteksuele struktuur en daarlangs die sake-struktuur alleen maar
in soverre dit 'n hulpmiddel is om die egte hoedanigheid voldoende mee
te kan verduidelik.

Toe ons 'n paar reëls hoër op gekonstateer het dat die mant-
stawwe vir die egte en die vergelykende hoedanigheid primêr van die
struktuur 25*) af gevind kan word, uit die taalverskynsels self

georden/

25*) Struktuur: Die skikking van dele in 'n geheel en die struktuur van
'n taalverskynsel is die (inwendige) ordening van daardie verskynsel en
dis inwendig vir sover die ordening voortvloei uit die aard van die geheel
en van die dele in hulle onderlinge verhouding (vgl. Reichling: De Taal,
Haar Wetten en Haar Wezen, E.N.S.I.). Die taalkunde beskou nou hierdie
taalverskynsels onder die opsig van hulle linguistiese sistematiek en
hulle linguistiese funksie. Die psigologie weer beskou die menslike
gedragsvorm (waaronder ook hulle spreek, ens. hoort) onder die opsig van
hulle psigiese struktuur en funksie. Omdat geleërdes hierdie twee doel-
stellinge deurnemmer maal, word taalpsigologie ten onregte tot die taal-
kunde gereken, i.p.v. as heteronome vak van die taalwetenskap (só 'n vak
is een wat (i) linguistiese verskynsels tot voorwerp het, (ii) wat linguis-
tiese verskynsels bestudeer as lede van 'n grotere, nie per se linguis-
tiese kategorie van verskynsels nie om (iii) daaruit konklusies te trek
wat die linguistiese verskynsels en die linguistiese sistematiek help
verklar). In die 19de eeu word die taalkunde selfs tot 'n aanhangsel
van die psigologie gemaak.

"Strukturele taalkunde" druk dus 'n teenstelling uit tot ander soorte van
taalkunde, bv. historiese, vergelykende, psigologiese, beskrywende ens.
maar "strukturalisme" is 'n metode, nie 'n wetenskap nie (vgl. Reichling:
Wat is Algemene Taalwetenskap? p.14). Gaan ons oor van die besondere
tot die algemene taalwetenskap dan kan gesê word dat die algemene staan
of val met die vraag of dit struktureel is of nie. Dit is in elk geval
nie so met alle besondere taalkunde nie al veronderstel dit natuurlik
ook die strukturele taalkunde. Omdat algemene taalwetenskap struktureel
is, is algemene taalwetenskap nie algemene, vergelykend-historiese
taalwetenskap nie (Schrijnen, Handleiding). Hierdie historiese element
kom voor in die feit dat Schrijnen hom nie geheel losgemaak het van
H. Paul se Prinzipien nie. (L.w.: Paul: taalkunde bereik pas eers vol-
ledig sy doel as dit alle taalkunde van alle taalprodukte van alle tye
bestudeer het.). Algemene taalwetenskap is ook nie psigologiese en
kultuurhistoriese verantwoording van die taalverskynsels nie (Schrijnen,
Handleiding). Vanaf Von der Gabelenz, deur De Saussure wat die grond-
slag lê deur te sê dat die wette wat ons moet vind die wette is van 'n
die tekensisteem, kom ons tot ook ons definisie van algemene taalweten-
skap (per Reichling): algemene taalwetenskap is die wetenskap van die
eie sistematiek wat die struktuur van die taalgebruik en van die taal-
produkte beheers (In: Wat is Algemene Taalwetenskap). Die vraag is
hoe kom ons tot die taalstruktuur van só bv. Afrikaans? Daartoe kom

georden kan word, was ons ons natuurlik bewus van die feit dat alle strukturele verskynsels nie relevant kan wees nie. Dit sal ons kan aantoon, maar as ons die relevante verskynsels gevind het, dan het ons nog nie die juiste begrippe om dit nee te omskryf nie en sonder daardie begrippe is die relevantheid van elke verskynsel ook nog nie bewys nie. Die begrippe wat ons hier wil ontwikkel en wat voortkom uit die strukturele aspek van die taal, sal kan bewys hoe waardeloos die a priori 26*) in die taalkunde kan wees. Dit kan bewys dat nie twee verskynsels identiek is nie. Met hierdie begrippe word ons gedwing om alleen bymekaar te groepeer wat volgens dieselfde leidinggewende prinsipes 27*) bymekaar hoort. Hierdie begrippe sal ons ontwikkel aan die hand van die invloed van die semantiek op die sintaksis en as voorbeeld neem ons die dat-sinslid.


In 'n sin soos: Ek weet dit dat hy sal kom, is elke moment strukturend aan die geheel, maar lank nie almal is deur-strukturend nie:

(1) Die voornaamwoord dit as moment wat uitwys na die volgende dat-sinslid kan hier weggelaat word sonder dat die saakkompleks (-geheel) 'n ander word en/of sonder dat die geheel oninterpreteerbaar word.

Daarsonder staan of val die interpreteerbaarheid nie. Maar aan interpreteerbaarheid self is twee kante 28*): daar is 'n interpretasie-harmonie en dan nog oers 'n interpretasie-dissonant voordat ons die

teenstelling/

Taalwetenskap? bedoel net reekse van kategorieë en verskynsels. Ons sou dit so kan voorstel:



26*) A priori: Wanneer die beskouing van die denkbeelde alleen reeds voldoende is om oor die verhouding van die voorwerpe te oordeel. A priori beweer 'n mens dat iemand wat die fondamente van sy huis wegneem ook die hoër gedeelte laat instort want dis onnodig om te gaan ondersoek of die algemene reël sal nagekom word dat swaar voorwerpe wat nie ondersteun word nie wel sal gevolg word.

27*) 'n Prinsipe is iets waarvan iets anders, hoe dan ook, voortkom:

(1) Alle mense het 'n hart. (2) Jy het ook 'n hart. (3) Jy is ook 'n mens. (1) en (2) is prinsipes en (3) die konklusie.

28*) Die term (on-)interpreteerbaarheid kry ons van Reichling, Over Essentiële en Toevallige Grammatica-regels, maar tog verskil ons van hom in die gedetailleerde toepassing daarvan en was ons gereedsaak gedurende

teenstelling on-interpreteerbaarheid kry. In ons analise van soos het ons hierdie skakeringe nie juis nodig nie en maak ons die stelling alleen maar hier om ons begrippe wat ons aan die ontwikkel is, toe te lig. Die weglating van die voornaamwoord dit in ons gegewe voorbeeld lei dan nou nie tot 'n interpretasie-dissonant nie, nog minder tot oninterpreteerbaarheid, maar in die geheel sit nog 'n interpretasie-harmonie sonder die dit. Die geheel is nog geformuleer volgens normale formuleringsgewoonte in die Afrikaanse taal. Deur weglating van dit word hier nie 'n essensiële struktuurreël opgehef nie, want dis normaal om te sê: Ek weet dat hy sal kom, en juis omdat daar nog geen essensiële struktuurreël opgehef is nie, daarom is die interpretasie (wat afhang van die verbindbaarheid van die woorde en groepe onderling) nog harmonies. Dus, terwille van die interpreteerbaarheid (wat kom uit die leksikale aard en die geaktiveerde betekenisonderskeidings self en dit stel die onderlinge verbindbaarheid daar) is die anafoor hier geen deur-struktureringsmoment nie. Dit kan 'n ander funksie in die sin hê, bv. in 'n gedig kan die ritmies-melodiese beweging daarvan gaan afhang. Dan sal dit weer vir daardie funksie 'n deur-struktureringsmoment wees.

In ons voorbeeld hierbo kan die voegwoord dat ook weggelaat word sonder dat die betrekking tussen die twee sinslede wat gedink is, opgehef word: Ons weet hy sal kom. Die voegwoord dat is hier dan ook geen deur-struktureringsmoment vir die verwoording van die gedagte logiese funksie van die sekondêre sinslid nie.

Maar laat ons nou bv. die voornaamwoord dit weg in 'n geval soos: Ek noem dit sonde dat jy so sleg is, dan hef ons al klaar 'n struktuurreël op, want: Ek noem sonde dat jy so sleg is, is as formuleringsgewoonte in Afrikaans nie normaal nie. Oninterpreteerbaar is dit nie, maar hoogstens gee dit 'n interpretasie-dissonant. En nou kan ons verder gaan en selfs bewys dat hierdie weglating sy gevolg op die geaktiveerde betekenisonderskeiding van die gesegde-woord kan hê (vandaar die dissonant hier). Die woord noem het ook nog die

dit vooruit geprojekteer word deur hierdie laaste onderskeiding bv. wanneer iemand sou vra: Noen (= gee my die naam van) 'n slegte ding? en ek antwoord: Ek noen sonde; en hier is sonde ook weer 'n voorwerp (ook weer 'n ander geaktiveerde betekenis-onderskeiding van sonde) teenoor predikatief-attriboot in ons ander voorbeeld waar van noen die onderskeiding: 'n Kenmerk toeskryf geaktiveer word. Terwyl noen dan twee verskillende sinsmodelle bewerkstellig al na gelang van die geaktiveerde betekenis-onderskeiding is die hoorder gedwing daartoe om in die proses van interpreteer twee modelle en dus twee verskillende betekenis-onderskeidings van een of meer woorde, dus verskillende sintaktiese valensies met mekaar te kruis as die voornaamwoord lit hier weggelaat word. Eers as die dat-sinslid gehoor word, word terug-geinterpreteer, die reeds gevormde interpretasie herstel: noen as 'n naam noen, word herstel tot noen as 'n kenmerk toeskryf en so ook met sonde wat teruggeplaas moet word in die kader van 'n predikatief-attriboot en sy geaktiveerde betekenis-onderskeiding. En dis presies hierdie herstel van 'n interpretasie wat nie die bedoeling van die taal(-gebruikseenheid) is nie. Oninterpreteerbaar is die geheel nog nie, maar wel kom ons eers deur 'n interpretasie-dissonant tot 'n interpretasie-harmonie en dis in stryd met die bedoeling van 'n formuleringproses. Sodoende word die voornaamwoord hier op sy eie wyse weer 'n leer-struktureringsmoment en met hierdie begrip kan ons nou ander gevalle gaan analiseer, bv.

Ek beskou dit my plig dat ek jou moet help X Ek
 beskou my plig dat ek jou moet help.
 Hy bring dit toe op die lappe dat ek lui is X Hy
 bring toe op die lappe dat ek lui is.

Selfs die weglating van die voegwoord dat is in ons voorbeeld: Ek noen dit sonde dat jy so lui is abnormal want Ek noen dit sonde jy so lui is, kom weer vir hierdie struktuur neer op die opheffing van 'n essensiële struktuurreël wat immanent is. So word die moment dat as verwoording (veruiterliking) van 'n logiese samehang wat gedink is weer vir die bepaalde saakkompleksgeheel 'n leer-struktureringsmoment.

(2) Vervang ons nou in ons voorbeeld: Ek weet dat jy sal kom die

en sodoende word die saak ek vir die bepaalde saakkompleksgeheel 'n deur-structureringsmoment.

So is die taal deur-en-deur gestruktureer en ook deur-gestruktureer en na die voorafgaande uiteensetting is dit duidelik dat 'n deur-structureringsmoment vir verskillende funksies onskryf kan word en óók dat dieselfde moment vir dieselfde funksie (die illustrasie van dat hierbo) deur verskillende strukture (ruin gesproke) tot deur-structureringsmoment of nie gewin kan word. So sal ons in hierdie analise van soos dan nou gaan soek na die deur-structureringsmomente vir die egte en die vergelykende hoedanigheid. Sodoende kom ons dan tot 'n reeks bepaalde prinsipes wat die opbou van die taalprodukte vir ons doel beheers en hierdie prinsipes pas ons nie a priori toe nie, maar haal hulle uit die feite self, uit die waarneming van die feite, uit die ordening van die feite m.a.w. uit die gevarieerde veelheid van gegewens verenig volgens 'n prinsipe wil ons 'n sisteem d.w.s. 'n ^e geheel van geordende veelheid gaan aflei, of anders gesê van 'n sisteem: die geheel van faktore wat die feite beheers. Die prinsipe is dieselfde as die vasstelling van 'n taal-sisteem (29*)

Onder die eersvolgende opskrif kom ons eers weer terug op 'n struktuur-verskil wat alreeds genoem is, maar nou gaan dit om die argumente daarvoor omdat dit die hoofindeling van ons verdere bespreking gaan oplewer. Dit gaan hier dus nou nie om die onderskeid tussen egte en vergelykende hoedanigheid nie.

Die hoedanigheidstruktuur.

Sê ons: Jan loop dan kan die loop-handeling op 'n bepaalde wyse geskied. Dis bekend. Sê ons: Piet loop, dan kan hierdie loop-handeling ook op 'n bepaalde wyse geskied. Sê ons nou: Jan loop soos Piet loop, dan word die hoedanigheid van die Jan-loop-handeling gestel teenoor die hoedanigheid van die Piet-loop-handeling, m.a.w. die

hoedanigheid/

29*) Bloch & Trager (Outline of Linguistic Analysis) se onskrywing van 'n sisteem in die algemeen kom daarop neer dat die ordelike beskrywing van enige waarneembare gedraagsfeite self al die sisteem moet wees terwyl volgens ons 'n mens 'n sisteem nie in sy geheel kan waarneem nie, maar slegs kan aflei. Ons beswaar teen hierdie (taal-)sisteem-opvatting van Bloch & Trager is gegrond op die feit dat hulle nie onderskei nie tussen (1) 'n sistematiese reeks feite (in 'n taal-sisteem byvoorbeeld

die hoedanigheid van die eerste sinslid staan direk teenoor die hoedanigheid van die handeling van die tweede (soos-sinslid). Dit is ook die geval in:

Die man sing soos 'n nagtegaal (die wyse van die man se sing word gestel teenoor die van die nagtegaal s'n)
 Die hond loop soos die duiwel (die wyse van die hond se loop word gestel teenoor die van die duiwel s'n)
 Die perd skop soos 'n muil (die perd se wyse van skop word gestel teenoor die van die muil s'n).

d.w.s. die hoedanigheidstruktuur beslaan struktureel slegs twee van die sinslede van die hele sin, nl. die regerende sinslid van die soos-sinslid en die soos-sinslid self. As ons voortaan praat van die eerste sinslid dan bedoel ons hierdie regerende sinslid (van soos) en met tweede sinslid bedoel ons die soos-sinslid self al verskyn die soos-sinslid ook in die tyd vóór sy regerende sinslid, bv. soos 'n voëltjie wat vlieg, het my gedagtes ook koers gevat. Bestaan die sin ook maar net uit hierdie twee sinslede dan val sin en hoedanigheidstruktuur natuurlik saam, maar ons weet dat die sin verder voltooi kan word terwyl die hoedanigheidstruktuur struktureel egter daár afgesluit is, wat nie wil sê dat ander sinslede van die sin nie kan bydra tot die kennis van die noemfunksie van soos nie. Daarop kom ons weer terug.

Sê ons nou weer: My vader het jou geleer dan het sy leer-handeling soos gerig op jou ook op 'n bepaalde wyse geskied, hy het jou bv. goed geleer, of hy het jou met slae geleer. As ons nou weer sê: Jy behandel die diere dan word jou behandel-handeling op 'n bepaalde wyse tot die diere gerig. Sê ons nou: Jy behandel die diere soos my vader jou geleer het (om hulle te behandel) dan staan die hoedanigheid van jou behandel-handeling van die diere nie direk teenoor die hoedanigheid van my vader se leer-handeling soos dié tot jou gerig was nie, maar dit staan wel teenoor die hoedanigheid van die handeling wat da r weer in die derde sinslid (hier die infinitief-konstruksie) herhaal word. Nou merk ons ook in sodanige gevalle dat die soos-sinslid altyd, en na gelang van die leksikale aard van sy gesegde-woord, struktureel vervoltooid kan word of vervoltooid is met 'n infinitief-konstruksie en/of 'n dat-sinslid waarin die eerste sinslid (d.w.s. die regerende sinslid) met bepaalde voorvoegsels

om hulle te behandel/ dat jy hulle moet behandel.

Die hoedanigheidstruktuur spreik hom dus hier weer uit oor drie sinslede van die sin en dit hang af van die struktuur (ruim gesproke) van die derde sinslid of hy uitgesproek moet word of nie en hy word uitgesproek sodra sy sake-struktuur on/of konteksuele struktuur, ons, in die kern gaan verskil van die van die eerste sinslid bv.

(a) Jy behandel die diere soos my vader jou geleer het: hier hoef die derde sinslid nie uitgesproke te wees nie.

(b) Jy behandel die diere soos my vader jou geleer het om mense te behandel: die derde sinslid moet uitgesproek wees o.a. omdat die voorwerpe in die eerste (die diere) en die derde(mense) sinslid nie identiek is nie.

As die hoedanigheidstruktuur hom dan nou oor twee sinslede van die sin versprei dan praat ons van 'n tweeledige hoedanigheidstruktuur(hoof-tipe). Hoof-tipe slaan op die aard van die voorbeelde wat hierbo gebruik is. Dan is daar nog subtipes wat straks verklaar word. As die hoedanigheidstruktuur hom dan nou oor drie sinslede van die sin versprei, dan praat ons van 'n drie-ledige hoedanigheidstruktuur(hoof-tipe). Hoof-tipe slaan ook weer op die aard van die voorbeelde wat hierbo gebruik is. Hier is daar egter geen sub-tipes nie, in elk geval nie volgens die struktuur nie en kan "hoof-tipe" maar weggelaat word.

Dan is daar 'n derde tipe struktuur (die genoemde sub-tipes) wat tussen die bogenoemde twee lê: dit is ook tweeledig omdat die soos-sinslid ook nie aangeval kan word met wat ons genoem het 'n derde sinslid nie, maar dit vertoon weer ooreenkoms met die drie-ledige in soverre dat die "hoedanighede" van die eerste en die soos-sinslid self nie teenoor mekaar gestel word nie, bv. Die verslag is goedgekeur soos dit voorgelê is. So 'n voorbeeld is dus nie te vergelyke met: Jan loop soos Piet (loop) nie, want die verslag kan bv. ongewysig goedgekeur wees, maar dit kan nie ook die wyse wees waarop dit voorgelê is nie. Dit is ook nie te vergelyk met: Hy doen soos ons verman het dat hy sou doen nie. Dit staan dus as 'n soort

substantief in die regerende sinslid, is 'n probleem vir Afdeling E. Die twee genoemde voorbeelde wat ons by Jaspersen kon **kry** en waarvan hy een as "comparison" en die ander as "manner" beskou, val juis onder hierdie tipe:

You may come just as you are, don't dress.
Everything is left just as it was when the murder was discovered.

Hierdie derde tipe wat struktureel tweeledig is, maar in die reeds genoemde opsigte van die hoof-tipe verskil, is die tipe wat ons wil noem: tweeledige hoedanigheidstruktuur (sub-tipe). Hierdie sub-tipe val uiteen in 'n sub-tipe (a) en sub-tipe (b). Eersgenoemde het ons hierbo gehad (die verslag is goedgekeur soos dit voorgelê is) en laasgenoemde omvat voorbeelde soos:

Soos jy weet, is dit vandag koud.
Soos die mense sê, is die wêreld in 'n warboel

Dat dit ook tweeledig is, kom uit die feit dat die soos-sinslid (ruimer gesê: die hoedanigheidstruktuur) nie ook aanvulbaar is met 'n derde sinslid nie. Dat dit ooreenkoms vertoon met die drieledige struktuur se aard, spruit daaruit voort dat die wyse waarop jy weet (die eerste sinslid in die eerste voorbeeld hierbo) nie gestel word teenoor die wyse waarop dit vandag koud is nie, soos dit ook die geval is met die drieledige hoedanigheidstruktuur. Hierdie sub-tipe(b) word saam met sub-tipe (a) in Afdeling E bespreek.

Opsommend het ons dus:

(a) 'n Tweeledige hoedanigheidstruktuur (hoof-tipe).

Jan lieg soos 'n mntroos (lieg).
Die senter loop soos blits (loop).
Elkeen maak soos hy wil (maak)
Piet werk vandag weer soos (hy) gister (gewerk het).

(b) 'n Drieledige hoedanigheidstruktuur.

Jy het nie gedoen soos ek gesê het (dat jy moet doen nie).
Die man is behandel soos ons gevra het (dat hy moet behandel word).

Die eerste en grootste probleem is dan nou om hier by (a) en (b) die egte en die vergelykende hoedanigheid met 'n mate van sekerheid van mekaar te onderskei. Die eerste, nl. (a) word verderaan in Afdeling B

(o) (i) 'n Tweeledige hoedanigheidstruktuur (sub-tipe (a)).

Jy kan gaan netsoos jy is (is=bevind).
Die huis is gekoop netsoos dit staan (staan=bevind)

(ii) 'n Tweeledige hoedanigheidstruktuur (sub-tipe (b)).

Soos die spreekwoord sê, is 'n mens nooit te oud
om te leer nie.
Soos jy weet, is Piet vandag siek.

In die bespreking wat hieronder volg, moet ons 'n hoofbasis
hê vir die indeling van ons materiaal en ons gebruik die verbande:
onderwerp, gesegde en voorwerpe daarvoor 30*). Van hier af werk ons
dan tot by die bywoordelike bepalinge,

Afdeling B.Die tweeledige hoedanigheidstruktuur (Hoof-tipe).

1. Die eerste en die tweede sinslid is gelyk wat betref die hoof-konteksuele groepe: onderwerp en gesegde.

Elkeen maak soos hy wil.

Jan werk soos hy werk en ons kan daar nou niks aan doen nie.

Ons is bly dat ons gehandel het soos ons gedoen het.

In hierdie voorbeelde is die hoedanigheid van die eerste sinslid ook dié van die tweede sinslid. Dit is volgens die beginsel van identiteit, nl. A. is A, 'n man is 'n man. Een saak kan alleen identiek wees aan 'n"ander" as albei sake dieselfde saak is en dit geld ook vir die "twee" hoedanighede. Vir hierdie voorbeelde is die identiteit van hulle afsonderlike hoedanighede 'n stelling wat ons voorlopig as aanknopingspunt maak om later eers te bewys. Vir die hoedanighede is die tyd(strappe) in hierdie voorbeelde egter neutraal omdat die tyd(strappe) van die eerste sinslid dieselfde is as die van die tweede. Dit is egter nie die geval nie in: Elkeen maak vandag weer soos gister. Hier is die tydsaak vandag in die eerste sinslid nou as tyd (-saak) geopponeerd gerealiseer teenoor die tyd (-saak) gister in die tweede sinslid. Hierdie geopponeerde tyd(-saak) beteken dat die hoedanighede van die handeling van die eerste sinslid wat op een tydstip bestaan nou "identiek" word aan die hoedanigheid van dieselfde handeling verrig deur dieselfde onderwerpsaak op 'n ander tydstip. En in so 'n geval kan daar van (absolute) identiteit nie meer sprake wees nie, ten spyte van enige ander moontlike meewerkende identiteitsfaktore wat ons nog moet opspoor. Nou kan daar alleen maar ooreenkoms van hoedanighede wees. Omdat die tyd vir die hoedanighede in die bogenoemde voorbeelde neutraal is, was dit een van die redes waarom ons dit hoër op as identiek aanvaar het. Vgl. verder hoedanighede op geopponeerde tye, dus alleen maar ooreenkoms:

- (a) Die ou perd lol weer vandag soos gister.
Die span speel vandag weer soos verlede jaar.
- (b) Ons struikel op die midlag soos in die skemeraand
(Jes. 59:10 - kurs. van ons)

(ii) plus kategoriaal gerealiseer: lol en speel in die eerste sinslid is teenwoordige tyd, maar in die soos-sinslid is ge-lol(het) en ge-speel(het) kategoriaal verlede tyd gerealiseer.

In die voorbeeld by (b) word verskillende tyd alleen maar leksikaal verwoord: op die middag X in die skemeraand.

Tot dusver het ons alleen die tydspektroni te bewys en ons het dan ook gesien dat namate die tyd in die twee sinslide verskil, bestaan die hoedanighede ook op verskillende tye en dat dit na ons mening enige identiteit van hoedanighede wat op dieselfde tyd mag bestaan, laat oorgaan tot ooreenkoms. Vir die behoud van die identiteit van hoedanighede moet die tye waarop dit bestaan dus nie geopponeerd wees teen mekaar nie. Dis ons gevolgtrekking uit die voorafgaande: Nie-geopponeerde tye is dan vir die identiteit van hoedanighede 'n deur-struktureringmoment. Is die tye wel geopponeerd dan veroorsaak dit weer (in ons gegewe voorbeelde) ooreenkoms van hoedanighede, d.w.s. ooreenkoms is hier weer afhanklik van die feit dat die tye geopponeerd moet wees 31*) en daarom kan geopponeerde tyd weer vir die ooreenkoms 'n deur-struktureringmoment wees. Straks werk ons twee ander begrippe uit vir (nie-) geopponeerde tye wat meer bruikbaar sal wees en die hele veld van bywoordelike bepalinge dek.

Vir die kennis van die tye waarop die hoedanighede van die handelinge bestaan, is die tye binne die tweeledige hoedanigheidstruktuur (die eerste en die soos-sinslid) nie alléén relevant nie. Ons voorbeelde gee wel daardie indruk omdat dit nog so gekies is dat die leksikaal verwoorde geopponeerde tye konteksueel teenoor mekaar staan: Die ou perd lol vandag weer soos gister. Vandag is konteksueel gerealiseer en gister ook (d.w.s. elk is 'n sinsliddeel binne 'n sinslid). Maar vergelyk:

Soos hy gepraat het toe hy jonk was (sinslid), so
 het hy gepraat toe hy 'n man was (sinslid).
Soos ek skrik wanneer ek jou sien (sinslid) so
 skrik ek ook wanneer ek my krediteure sien (sinslid)

Die tyd in die soos- en in die eerste sinslid is vir die hoedanighede neutraal, die onderwerp- en gesegdesake is elk ook identiek 32*) sodat in die hoedanigheidstruktuur (soos hy gepraat het...so het hy gepraat; soos ek skrik ...so skrik ek ook) self daar niks te vind is wat die identiteit van die hoedanighede kan ophef nie. Maar buite die hoedanigheidstruktuur self lê twee geopponeerde tydsaakkomplekse (vir die eerste voorbeeld: toe hy jonk was X toe hy 'n man was, d.w.s. as sinslede gerealiseer) wat die identiteit van die hoedanighede wat ons binne die hoedanigheidstruktuur self kon vind wel deeglik ophef tot 'n ooreenkoms omdat die hoedanighede nou gesien word as bestaande op verskillende tye.

Vanaf twee konteksueel gerealiseerde tydsake binne elke sinslid van die hoedanigheidstruktuur het ons nou gegaan tot die ander uiterste, nl. tot twee as saakkomplekse gerealiseerde tydsake daarbuite. Maar die praktyk bewys egter dat 'n konteksuele tydsverband in bv. die eerste sinslid ook sy verbandsparellel (nie noodwendig as saak nie) kan vind buite die hoedanigheidstruktuur, d.w.s. dat 'n tydsak in die hoedanigheidstruktuur en 'n tydsaakkompleks daarbuite tegelyk vir die kennis van die tyd van die hoedanigheid relevant kan wees:

Die span speel vandag soos toe hulle teen julle opgetree het.

Opn. Hierdie voorbeeld as sodanig vra om 'n verduideliking: Die hoedanigheid van die speel-handeling in die regerende sinslid staan nie teenoor die hoedanigheid van die optree-handeling in die toe-sinslid nie, maar teen lid van die handeling van die soos-sinslid wat hier nie uitgesproke is nie. Die sin is dus gelyk aan so-iets: Die span speel vandag soos hulle gespeel het toe hulle teen julle opgetree het.

In die gegewe voorbeeld is die tydsverskil ook kategoriaal gerealiseer en die konteksueel-leksikaal verwoorde tydsak vandag in die regerende sinslid vind sy opposisie in 'n tydsaakkompleks (toe hulle...). Konteksuele verband werk dus hier saam met 'n sinslidverband om die ooreenkoms van die hoedanighede te laat ken en hierdie ooreenkoms van die hoedanighede raak die bepaalde noemfunksie van die

In hierdie laaste voorbeeld is die tydsaakkompleks wat die geopponeerde tyd van die konteksuele tydsaak vandag in die regerende sinslid bevat, juis ook afhanklik van die soos-sinslid wat sy regerende sinslid is, omdat dit die tyd aandui waarop die hoedanigheid van die handeling van die soos-sinslid bestaan. Maar ook die teenoorgestelde is moontlik: 'n tydsaak kan in 'n konteksuele verband in die soos-sinslid gerealiseer word terwyl sy opposisie-saak as tydsaakkompleks ook die regerende sinslid van die soos-sinslid as regerende sinslid kan hê, omdat dit weer die tyd aandui waarop die hoedanigheid van die soos-sinslid se regerende sinslid bestaan het:

Toe hulle teen julle gespeel het, het die span
gespeel soos nou.

Hier is dit ook nog aan die kategoriaal gerealiseerde tydsverskil plus die leksikaal verwoorde tyd wat ons die hoedanighede ken as bestaande op geopponeerde tye. So herken ons dan ook 'n ooreenkoms van hoedanighede op verskillende tye en geen identiteit nie.

Wat binne die hoedanigheidstruktuur self lê, is dus nie altyd voldoende om die noemfunksie van soos aan te meet nie. Die hele sin of situasie werk daaraan mee. Word die hoedanighede geken as identiek dan noem die voegwoord soos 'n egte hoedanigheid en word dit geken as vertonende slegs maar ooreenkoms dan noem soos 'n vergelykende hoedanigheid en een van die faktore wat die funksie van egte hoedanigheid aan die hand kan werk is die deur-struktureringmoment: nie-geopponeerde tyd en een wat die vergelykende hoedanigheid aan die hand kan werk, is die deur-struktureringmoment: geopponeerde tyd. Vgl. (a) vir die egte hoedanigheid en (b) vir die vergelykende:

- (a) 'n Mens handel nooit soos jy moet nie.
Ons het alleen maar gereageer soos ons kon
In elk geval sake gaan nie soos dit moet nie
- (b) Nee, hy is weer gesond, want hy sing weer soos
vroeër.
Op veertigjarige leeftyd knoei 'n mens nie meer
soos in jou jeug nie.

Hier in (b) is die vergelykende hoedanigheid dan 'n vergelyking tussen die hoedanighede van identieke gesegdesake, as handeling verrig deur identieke onderwerpsake op geopponeerde tye

regerende sinslid bevat bywoordelike bepalinge wat die soos-sinslid mis (nooit, alleen en maar). Die twee sinslede is konteksueel nie parallel nie en dit bring ons by die volgende afdeling.

Alhoewel die egte hoedanigheid die beste fungeer binne 'n parallelle konteksuele struktuur van die regerende en die soos-sinslid is dit nie 'n dwingende vereiste nie en moet parallel nie te eng geïnterpreteer word nie ook nie die begrip tydsaak nie. Om twee redes wat met die deurstruktureringsmomente verband hou:

(i) 'n bepaalde moment wat die egte hoedanigheid kan laat oorgaan tot 'n vergelykende, soos die reedsbesproke tydsaak byvoorbeeld, kan funksioneer sonder die bedoeling om tyd in die twee sinslede te opponeer en dan is dit moontlik dat die sekondêre sinslid daardie konteksuele genoemde verband van tyd kan mis en ons gevolglik twee vir die egte hoedanigheid irrelevante en nie-parallelle konteksuele strukture kry, d.w.s. daar kan bywoordelike sake wees wat vir die noemfunksie van soos 'n relevante en 'n irrelevante sy kan hê. Die relevante sy van die tydsaak het ons hierbo al gehad.

(ii) 'n Bepaalde saak wat 'n konteksuele verband in bv. die regerende sinslid kan skep, kan vir die egte en vir die vergelykende hoedanigheid heeltemal irrelevant wees sodat die afwesigheid van daardie saak en gevolglik ook sy verband in die ander sinslid ewemin funksioneel is, d.w.s. daar is bywoordelike sake wat vir die noemfunksie van die voegwoord soos alleen maar 'n irrelevante sy het.

Nommer (ii) kom straks ter sprake en nommer (i) bekyk ons eers in verband met tyd waarmee ons besig is. Nadat ons kon aantoon het dat tyd (nie-geopponeerde tyd) vir die egte hoedanigheid 'n deurstruktureringsmoment kan wees en dat die bestaan van twee hoedanighede op geopponeerde tye 'n vergelykende hoedanigheid kan bewerkstellig, moet irrelevante en relevante tyd van mekaar onderskei word. Sê ons bv.: Jan maak teenswoordig net soos (nes) hy wil, 'n saak wat ons ook kan noem met vandag, deesdae e.a. maar dan is vandag nie 'n saak wat geopponeer word deur 'n saak gister nie, dan is teenswoordig hier vir die hoedanigheid wat ons wil noem 'n oop tyd-saak (dit is oop

jaar, by 'n ander geleentheid geopponeer word nie 33*). Vgl. ook Jan maak altyd/ nooit/ selde/ telkens/ voortdurend soos hy wil (egte hoedanigheid). Ons sou wel kan sê dat teenswoordig in ons sin die tyd aandui van die bestaan van sowel die hoedanigheid van die regerende sinslid as die van die soos-sinslid. Sê ons: Jan handel teenswoordig weer soos vroër, dan word teenswoordig deur die realisering van vroër 'n geslote tydsak (geopponeerde tydsak), dit staan daarteen afgegrens en die hoedanighede bestaan op twee verskillende tye en sodoende kry ons weer 'n vergelykende hoedanigheid en in die ander geval 'n egte hoedanigheid omdat vir laasgenoemde 'n oop tydsak weer 'n deur-struktureringmoment is.

Ons gevolgtrekking is dus dat geopponeerde tye waarvan tot dusver gepraat is tot stand kom deur tydsake wat in 'n sin as geslote tydsake (of tyd-saakkomplekse) gerealiseer is. Dit gold selfs vir die kategoriale tydstrappe wat twee verskillende tye "voorwoord"; verder dat nie-geopponeerde tydsake weer tydsake is wat as oop tydsake gerealiseer word en dit geld ook vir die neutrale kategoriale tydstrappe. Die begrippe oop en geslote sake sal slegs op die bywoordelike bepalinge toegepas word.

Die bywoordelike bepaling van plek as deur-struktureringmoment. Die bepaling van plek is net soos die bepaling van tyd potensieel 'n deurstruktureringmoment vir identiteit of ooreenkoms van hoedanigheid en dit hang maar daarvan af of dit as geslote (wat beteken: as geopponeerde) saak of as oop (wat beteken: as nie-geopponeerde) saak vir die hoedanigheid fungeer. Geslote is die pleksake wat die hoedanigheid van die handeling van die eerste sinslid stel as bestaande op 'n ander plek as die van die handeling van die soos-sinslid. Die oop pleksake stel die hoedanighede voor as bestaande op één plek en so kan dit identiteit daarvan aan die hand werk. Die geslote pleksaak is dus 'n deur-struktureringmoment vir die vergelykende hoedanigheid en die ope weer vir die egte hoedanigheid. Vgl. (a) vir egte hoedanigheid en (b) (vir vergelykende hoedanigheid):

(a) Jan/

33*) Met oop en verdere met die begin geslote bedoel ons hier die

- (a) Jan maak tuis nes hy wil
By my ouers gedra ek my soos dit hoort
- (b) Die kind maak tuis noual net soos by sy vriende.
Op 'n groot vergadering spreek ek net soos in my klaskamer.

In die gegewe voorbeelde is die pleksaak weer konteksueel gerealiseer, maar selfs die ope kan as sinslid(plek-saakkompleks) voorkom:

Oral waar ons kom, plunder ons soos ons kan.

Die sinslid van plek en die soos-sinslid van egte hoedanigheid het hier dieselfde regerende sinslid (ons plunder) en ons vind dit as gewoon by die oop bywoordelike sake. Die plek-saakkompleks kan self nog weer met 'n bywoordelike woord in die regerende sinslid saamgevat word: Oral waar ons kom, daar plunder ons soos ...

By die vergelykende hoedanigheid word ook weer die volgende vier moontlikhede teëgekem om die geoponeerde pleksake te realiseer: (i) as saak in 'n konteksuele verband in die regerende en die soos-sinslid, (ii) as saakkompleks afhanklik van die regerende sinslid met 'n opposisie-saak konteksueel in die soos-sinslid gerealiseer, (iii) as saakkompleks van die soos-sinslid afhanklik met 'n opposisie-saak konteksueel in die eerste sinslid gerealiseer en (iv) as saakkompleks afhanklik van die eerste sinslid en as saakkompleks afhanklik van die soos-sinslid:

- (i) Hy werk op die plaas nes in die skool.
(ii) Waar hy vandaan kom, skyn die maan snags nes by ons.
Waar hy 'n mens teëkom, is hy opgewonde soos
op 'n landbouvergadering.
(iii) Jan jok by ons nes by wie hy nie vertrou nie.
(iv) Waar 'n mens hom sleg behandel, werk geen mens soos
hy dit doen by wie goed na hom kyk nie.

Vir 'n bywoordelike saak om geslote te kan wees, moet sy opposisie-saak ook gekem word en in die reël word dit ook as sinsliddeel in die soos-sinslid of as saakkompleks wat van die soos-sinslid afhanklik is, uitgesproke. Dit skyn dan ook weer normaal te wees om 'n oop bywoordelike saak tot sinsliddeel van die regerende sinslid te maak want vandaar af geld dit makliker vir albei sinslede maar selfs hy kan 'n sinsliddeel van die soos-sinslid wees as hy by die eerste

voorbeeld as dit 'n sinsliddeel van die soos-sinslid is:

.... Skyn die maan nes by ons snags.

So-iets gaan natuurlik ook gepaard met 'n verskuiwing in die geleding in soverre dat snags nou met die gesege van die soos-sinslid verbind word as tydsaak, maar nie geopponeerd nie. Vgl. ook:

Waar hy vandaan kom, lê die ryp nes by ons smorens op die gras.

Sowel smorens as op die gras is hier oop bywoordelike tyd- en pleksake wat ook vir die eerste sinslid (die ryp lê) gold en deur-struktureringsmomente is vir die egte hoedanigheid, maar die identiteit van hoedanighede word opgehef deur die geslote pleksake: waar hy vandaan kom, en by ons, sodat soos hier 'n vergelykende hoedanigheid noem. Die gebruik van 'n oop bywoordelike saak in die soos-sinslid i.p.v. in die regerende sinslid word gewoon as daar in eersgenoemde 'n geslote bywoordelike saak (of ander nie-identieke sake) in voorkom, soos in die laaste voorbeeld met: by ons. Dit is 'n verstaanbare neiging en noontlikheid want as daar geen geopponeerde sake in die soos-sinslid gebruik word nie dan word die proses van samotrekking van sake tot die uiterste toe deurgevoer en oop bywoordelike sake wat kan verplaas word, word gewoonlik in die regerende sinslid gehou, solank hulle plek in die soos-sinslid nie 'n ander saakkompleksgeheel gee nie.

Ander bywoordelike bepalinge as deur-struktureringsmomente.

Nadat die funksionaliteit van oop en geslote bywoordelike sake met behulp van tyd en plek geïllustreer is, kan ons met nog 'n paar bywoordelike sake kort gaan:

(1) 'n Oop middelsaak.

Die seun skryf nou maar eenmaal met 'n pen soos hy daarnee skryf.

Die hoedanigheid van die skryfhandeling met 'n pen word hier nie gestel teenoor die hoedanigheid van dieselfde handeling verrig deur dieselfde onderwerpssak met 'n ander middelsaak nie, gevolglik bewerk 'n oop middelsaak nie opreënkoms van hoedanighede nie, maar identiteit aan die hand. Geslote is dit in:

Soos hy met 'n pen skryf, so skryf hy ook met 'n

hoedanighede van identieke gesegdesake, as handeling verrig deur identieke onderwerpsake met behulp van geopponeerde middelsake (omdat dit geslote gerealiseer is).

(2) 'n Oop doelsaak.

Om mekaar tevrede te stel, swoeg ons tog nie soos ons moet nie.

Die doel van die twee handeling en gevolglik ook die hoedanighede waarop die handeling vir daardie doel verrig word, vertoon identiteit. Die momente tog en nie in die regerende sinslid is ook oop bywoordelike sake (soos ons straks sal sien) sodat die identiteit nie daardeur opgehef kan word nie.

'n Geslote doelsaak:

Soos ek knoei om jou ontwil, so knoei ek soms ook om my eie ontwil.

Die vergelykende hoedanigheid is 'n vergelyking tussen die hoedanighede van identieke gesegdesake, as handeling verrig deur identieke onderwerpsake maar met geopponeerde doelsake in die sinslid gerealiseer. Terloops: geopponeerde (doel-)saak slaan op die gerealiseerde sake, en geopponeerde doel(-saak) weer op die gestelde betrekkinge.

(3) 'n Oop oorsaaksaak

Deur eersug moet ons werk soos in die moderne tyd. Deurdadig hy sy vingers afgekap het, moes hy ly soos hy gely het.

Op voorwaarde dat ander identiteitsfaktore aanwesig is, sal 'n oop oorsaaksaak die identiteit van hoedanigheid ook nie ophef nie.

'n Geslote oorsaaksaak:

Deur sy koppigheid verloor hy nes deur sy onnoselheid.

Met die hierbo besproke bywoordelike sake kon ons aantoon dat daar bywoordelike sake is wat as oop en as geslote sake gerealiseer kan word, en dus vir die funksie van die ogte en die vergelijkende hoedanigheid relevant word. 'n Oop bywoordelike sake is vir die egte hoedanigheid altyd 'n (mede-) dour-structureringsmoment terwyl 'n geslote bywoordelike sake weer die identiteit van hoedanigheid kan

opgemerk word dat al is die ander bywoordelike sake in die hoedanig-
 struktuur nou as oop sake gerealiseer en al is die onderwerp- en
 gesegdesake nou elk identiek dan kan die tydsak nog daarbinne as
geslote saak gerealiseer word: Orals brou Jan soos verlede jaar (teen-
 woordige tyd brou staan hier teenoor verlede jaar se het gebrou). Maar
 o.i. is dit nie die geval met die modale bepaling nie, tenminste nie
 op dieselfde vlak as ander bywoordelike sake nie en beskou ons die
 leksikaal-verwoorde modaliteit op sigself genome as 'n oop bywoordelike
 saak wat nóg vir die funksie van die egte nóg vir dié van die verge-
lykende hoedanigheid relevant kan wees in soverre dat die noemfunksie
 van soos nie van hom gaan afhang nie. En uitdruklik noem ons ook die
 negatief omdat die ontsegging van identiteit van hoedanighede deur
 'n negatief nie die gevolg het dat daardeur ooreenkoms van hoedanigheid
 tot stand kom nie; nog minder bewerkstellig die ontsegging van
ooreenkoms van hoedanigheid deur 'n negatief weer identiteit van
 hoedanigheid;

Die man doen maar soos hy wil.
 Ek sal alte seker maak soos ek kan
Miskien maak ek soos ek wil.
 Hy maak tog soos hy wil en ons kan daar niks aan
 doen nie.
 Ek het hom gewaarsku maar hy het nietemin/desondanks/
desnieteenstaande gemaak soos hy wil.
 Ek kan trouens/immers nie maak soos ek wil nie.
Miskien maak Jan nie weer soos gister nie (verg.
 hoedanigheid).

Nou kan ons oorgaan tot 'n ander moontlikheid van saak-
 besetting van die konteksuele verbande, nl. dié van die onderwerpsake.
 Die oop en geslote bywoordelike saak(-komplekse) binne die konteksuele
 grens van onderwerp en gesegde het ons elke ~~keer~~ bespreek met behulp
 van 'n struktuur waarin die onderwerpsak van die eerste sinslid
 identiek is aan die van die soos-sinslid. Nou kan die onderwerpsake
 ook nie-identiek wees, d.w.s. geopponeerd teen mekaar wat in 'n
 struktuur sonder voorwerpe beteken dat die onderwerpsake van die twee
 sinslede meestal neig tot absolute geopponeerdheid van sake:

Wie dit gedoen het, het soos 'n gek gehandel (onder-
 werp-sinslid)
 Koos loop soos Piet.
 Die man sing soos 'n nagtegaal.

Al hierdie gegewe voorbeelde mis geslote bywoordelike sake sodat geen van hierdie sake 'n vergelykende hoedanigheid kan bewerkstellig nie. Selfs die tydstrappe kategoriaal uitgedruk (bv. het + ge-handel) is vir albei sinslede neutraal, vir die noemfunksie van soos dus neutraal en in hierdie strukture geen deur-struktureringmoment vir 'n vergelykende hoedanigheid nie. Die regerende (eerste) en die soos-sinslid verskil dus vir ons doel primêr van mekaar op die vlak van die sake-opposisie van die onderwerpe. Wat die funksie van die soos-sinslid in elke geval ook al mag wees, daardie funksie sal (ook) moet afhang van die aard van die onderwerpsake Met nie-identieke onderwerpsake word die hoedanigheid van die handeling gesien soos dit deur verskillende onderwerpsake verrig word, gevolglik moet daar ook verskillende hoedanighede bestaan wat alleen maar met mekaar 'n ooreenkoms kan vertoon en geen identiteit nie - 'n identieke hoedanigheid van twee sinslede kan alleen maar deur identieke onderwerpsake bewerkstellig word (as al die ander voorwaardes vir identiteit ook aanwesig is). Met nie-identieke onderwerpsake word 'n funksie van egte hoedanigheid opgehef en is die vergelykende hoedanigheid (in ons voorbeelde hierbo) elke keer 'n vergelyking tussen die hoedanighede van identieke gesegdesake, as handeling verrig deur geopponeerde onderwerpsake. In 'n sin waarvan die regerende en die sekondêre soos-sinslid konteksueel uit 'n onderwerp en 'n gesegde bestaan, is die identiteit van die onderwerpsake dus een (in 'n reeks van) deur-struktureringmoment(e) vir die funksie van die egte hoedanigheid en nie-identiteit van onderwerpsake weer een (in 'n reeks van) deur-struktureringmoment(e) vir die vergelykende hoedanigheid. Daarom is die algemene erkende vergelykinge soos die volgende "vergelykinge":

Hy loop soos die duiwel.
Hy is so vinnig soos blits.
Hy suip soos 'n vis.

d.w.s. omdat die hoedanighede van die eerste sinslid soos dit bestaan by o.a. een onderwerpsake gesien word as vertoonende 'n ooreenkoms met die van 'n ander onderwerpsake nl. die in die tweede sinslid.

Dieselfde geld vir identieke en nie-identieke gesegdesake:

identieke gesegdesake, as handelinge verrig deur geopponeerde onderwerpsake op geopponeerde tye en plekke. Die vergelykende hoedanigheid het hier drie sekondêre deurstruktureringsmomente:

- (i) die verskynsel van geopponeerde onderwerpsake: Die seun X 'n skoolkind.
- (ii) die verskynsel van geslote(geopponeerde) tydsake (as geslote bywoordelike sake geformuleer): vandag X op 'n vakansiedag.
- (iii) die verskynsel van geslote(geopponeerde) pleksake (as geslote geformuleer): by die huis X in die klas.

Die identieke gesegdesake (te kere gaan) word deur die oorhand van die verskynsels in (i), (ii) en (iii) genoem nou irrelevant.

Sê ons: Die seun gaan soos 'n skoolkind te kere, dan is uitdruklik alleen die geopponeerde onderwerpsake (die seun X 'n skoolkind) as deur-struktureringsmoment behou. Die ander deur-struktureringsmomente in die ongewysigde voorbeeld fungeer nie (meer nie), dus het die geopponeerdheid van onderwerpsake as primêre deur-struktureringsmoment oorgebly, terwyl dit saam met die ander nog sekondêr was en al het die ander nou weggeval, word dieselfde noemfunksie van soos nog behou. So word die tydsake primêr in: Die seun gaan vandag soos op 'n skoolvakansiedag te kere, en die pleksake in: Die seun gaan tuis te kere soos in die klas, ens.

Sê ons: Die seun handel vandag by die huis nes hy wil, dan is vir die egte hoedanigheid primêr deur-strukturerend:

(i) die verskynsel van direk-identieke onderwerpsake: die seun X (hy); en gesegdesake: handel X wil (handel)

(ii) die verskynsel van oop tydsake: vandag X -

(iii) die verskynsel van oop pleksake: by die huis X -

en die tyd en plek is oop omdat die hoedanigheid van die handeling van die regerende sinslid nie gesien word as bestaande op 'n ander tyd of plek as dié van die soos-sinslid nie. Hef ons nou alleen naar die identiteit van onderwerpsake op (die seun = hy) dan val die bepaalde funksie van egte hoedanigheid: Die seun handel vandag by die huis nes sy vriende of hef die oop tydsake op dan kan daar selfs katego-

Die seun handel vandag by die huis soos gister. Dus, elke deur-struktureringsmoment van die egte hoedanigheid is op sigself primêr vir hierdie noemfunksie van die voegwoord soos.

Ons kan nou al 'n paar voorbeelde van grammatici toets aan die deur-struktureringsmomente wat ons in hierdie afdeling gevind het.

(1) Die voorbeeld van Oberman: Piet schrjft zoals een oude boer met stramme vingers dat zou doen, bevat ten eerste al geopponeerde onderwerpsake (Piet X een oude boer ...), 'n deurstruktureringsmoment vir 'n vergelykende hoedanigheid en net die een sodanige moment word die identiteit van hoedanighede wat daar kon bestaan het klaar mee opgehef. Sy voorbeeld illustreer dus nie, soos hy meen, 'n egte hoedanigheid nie, maar 'n vergelykende.

(2) Een voorbeeld van Jespersen: The other felt exactly as he did, bevat ook geopponeerde onderwerpsake (the others X he) en val dus binne die kader van die van Oberman. Tereg noem Jespersen dit dan ook "a comparison" (p. 370).

(3) Curne 34*) gee heelwat voorbeelde:

(i) Do at Rome as the Romans do: die geopponeerde onderwerpsake is voldoende om die vergelykende hoedanigheid aan te ken.

(ii) You do not act as you speak: die geopponeerde gesegdesake bepaal die vergelykende hoedanigheid.

(iii) Sy voorbeelde van egte hoedanigheid is ook van 'n ander struktuur (bv. drie-ledig) en kom later ter sprake.

(4) Van Wijk (p.51): Hy zat op de bank als een ruiter op zjyn paard: Geopponeerde onderwerpsake (hij X een ruiter) en geslote bywoordelike sake van plek (op de bank X op zjyn paard) struktureer die vergelyking al klaar so deur dat 'n mens hierdie voorbeeld nie, soos VanWijk wil, ook 'n bepaling van "hoedanigheid" kan noem nie.

(5) Booyesen (p. 289): Soos jy saai, so sal jy maai: Die geopponeerde gesegdesake (saai X maai) struktureer die vergelykende hoedanigheid deur, ten spyte van die direk-identieke onderwerpsake (ij X ij) wat

identiteit/
34*) Curne: Syntax, p. 277- 283. Curne het die verliesste dat hy 'n

identiteit van hoedanighede kan bewerkstellig en Booyesen noem dit dan ook tereg 'n "vergelyking" 35*).

2. Die eerste en die tweede sinslid is gelyk wat betref die hoof-konteksuele verbande: onderwerp, gesegde en direkte of voorsetselvoorwerp 36*).

As ons verbaas is oor die voortreflike wyse waarop 'n hoofsmid 'n perd beslaan het en ons vra hom hoedat hy dit doen, dan kan hy antwoord: O, ou Swartjie beslaan nou maar 'n perd soos hy hom beslaan. Dan word met die een voornaamwoord (hom) uitgewys na die direkte voorwerpsaak (perd) en met die ander voornaamwoord (hy) na die onderwerpsaak (ou Swartjie) van die regerende sinslid. Die onderwerpsake is dan direk-identiek aan mekaar en die voorwerpsake en die gesegdesake ook. Die twee bywoordelike sake (nou en maar) is albei oop bywoordelike sake en met die genoemde direk-identieke sake en neutrale kategoriale tydstrappe kry ons dus 'n identiteit van hoedanighede.

En die direkte of voorsetselvoorwerpsaak kan ook as sinslid geformuleer wees:

Wie ek onder my vleuels geneem het, beskerm ek soos ek wil.
Ek sorg soos ek kan vir wie ek liefhet.

en alhoewel die voorwerpsake buite die hoedanigheidstruktuur self lê (as saakkomplekse), weet ons aan hulle dat die handeling van albei sinslede (die eerste en die soos-sinslid) op dieselfde saakkompleks (direkte identiteit dus) gerig is en hierdie gerigtheid moet ons weet want /selfs met direk-identieke onderwerp- en gesegdesake en oop bywoordelike sake (almal deur-struktureringmomente vir 'n identieke hoedanigheid) kan die voorwerp-sake (sinsliddeel of sinslid) ook nog (absoluut) geopponeerd wees:

Soos/

35*) Die gebrek aan 'n toepasbare maatstaf vind ons baie duidelik ook by Nesfield: He likes you more than (he likes) me, volgens hom "comparison" en daarmee is ons dit eens, maar: Men will reap, as they sow: "Extent or Manner". Daar is baie wat saam met ons Nesfield dit hier nie kan gelyk wees nie. (J.C.Nesfield: English Grammar, Past and Present, London 1922, p. 114) Verl. ook Potgieter, Juta se Nuwe Afrikaanse Grammatika, p.108: Julle het julle gedra soos klein kindertjies dit nie

Soos jy nie weet wat die weg van die wind is, net so weet jy nie die werk van God wat alles maak nie (Pred. 11:5) (kurs. van ons).

Want die mot sal hulle opeet soos 'n kleed, en die wurm sal hulle verteer soos wol, ... (Jes. 51:8) (kurs. van ons).

Die mense behandel hom soos 'n hond.

Met wie ek vriende is, verkeer ek nie soos met wie ek vyande is nie.

Opm. In hierdie voorbeelde maak ons net daar opmerkzaam op dat die voorwerpe ook in die een sinslid 'n konteksuele verband kan hê en met die ander weer 'n sinslidverband kan vertoon, of met albei sinslede (die eerste en die soos-sinslid) slegs in 'n sinslid-verband geformuleer kan wees.

As die handeling van die regerende sinslid dan nou so gerig is op één direkte of voorsetselvoorwerpsaak en die van die soos-sinslid nou weer op 'n ander dan kan die wyse waarop die twee handeling tot hulle afsonderlike voorwerpe gerig wees alleen maar met mekaar 'n ooreenkoms vertoon en góón identiteit nie. Die verskynsel van direk 37*) -identieke direkte of voorsetselvoorwerpsake is dus weer een in 'n reeks van primêre deur-structureringsmomente vir die identiteit van hoedanighede terwyl die verskynsel van absoluut 38*) geopponeerde direkte of voorsetselvoorwerpsake weer een in 'n reeks van deur-structureringsmomente vir die ooreenkoms van hoedanighede is en vir laasgenoemde is dit primêr of sekondêr al na gelang dit die enigste of nie die enigste deur-structureringsmoment in die sin is nie. In die laaste voorbeeld is dit ogter primêr. By die sekondêre kom ons straks.

Hierbo het die direk-identieke en absoluut geopponeerde direkte of voorsetselvoorwerpsake gepaard gegaan met direkte identiteit van die onderwerp en gesegdesake en oop bywoordelike sake. Nou kan ons die ander moontlikhede indeel en kan ons die klem begin lê op die onderskeid tussen direkte identiteit en kruis-identiteit en

hoedat/

37*) Eers in 'n struktuur met voorwerpe kom die onderskeiding direkte en kruis-identiteit goed te pas en die vraag vir watter funksie van soos kruis-identiteit relevant is, is nog voorlopig oop, Vgl. ook voetnoet 38*
38*) Alhoewel alle voorwerpsake (behalwe die egte refleksief) geopponeerd kan wees, hoef almal nie noodwendig absoluut geopponeerd te wees nie. Daarop straks, maar van nou af moet sterker klem gelê word op die twee wyses van opposisie. 'n Absoluut geopponeerde saak fungeer vir ons doel nie anders as 'n geopponeerde saak nie, maar deur 'n onderskeid te maak tussen hierdie twee maniere van geopponeerdheid kan ons ver-

hoedat met laasgenoemde proses absolute geopponeerdheid oorgaan tot die ankele: geopponeerde sake.

1. Direk-identieke direkte of voorsetselvoorwerpsake.

1.1. Met 'n direkte identiteit van die direkte of voorsetselvoorwerpsaak, onderwerp- en gesegdesake en met oop bywoordelike sake (en neutrale kategoriale tydstrappe) kan die identiteit van hoedanighede opgehef word deur 'n daarby gerealiseerde geslote bywoordelike saak 39*) wat 'n deur-struktureringsmoment is vir ooreenkoms van hoedanighede:

Ons vertrou nog op julle soos met die vorige verkiesing. (Tyd is geslote)
 Hulle steek hulle hande na mekaar uit soos op daardie eerste aand van hulle ontmoeting (Tyd is geslote)
 r
 Ons het die seun gestaf soos nog nooit vantevore nie (tyd is geslote).
 Ou Swartjie beslaan 'n perd by 'n boer op sy plaas nes in sy eie winkeltjie. (Plek is geslote).

1.2 Met 'n direkte identiteit van die direkte of voorsetselvoorwerpsaak en 'n gesegdesaak, en met oop bywoordelike sake en neutrale kategoriale tydstrappe kan die identiteit van hoedanighede opgehef word deur absoluut geopponeerde onderwerpsake:

Nes my vrou sorg ek ook vir die kind.
 Nes julle strewe ons ook na mag.
 Die hond vat die muis soos 'n kat dit sal doen
 Ek verkwis my geld nes Piet.

of deur absoluut geopponeerde onderwerpsake plus nog geslote bywoordelike sake:

My broer het die ou hottie nou net deurgeloop soos my vriend gister (Tyd is ook geslote)
 Soos julle ouers in die verlede klae ons ook oor julle gedrag. (Tyd is ook geslote).

1.3. Met 'n direkte identiteit van die direkte of die voorsetselvoorwerp- en onderwerpsaak (en met oop bywoordelike sake en neutrale kategoriale tydstrappe) kan die identiteit van hoedanighede opgehef word deur absoluut geopponeerde gesegdesake:

Soos hy geld uitgee, so kry hy dit ook in die hande.
 Jy moet nie 'n bal vang soos jy een sal aangee nie
 Soos hy beeste koop so verkoop hy hulle weer.

of deur absoluut geopponeerde gesegdesake plus nog geslote bywoordelike sake:

Soos ek eens na geld gesoek het so vermy ek dit nou (Tyd is nou geslote).

1.4. Met 'n direkte identiteit van die direkte of voorsetselvoorwerpsaak (en geslote of oop bywoordelike sake) kan die identiteit van hoedanighede (verder) opgehef word deur absoluut geopponeerde onderwerp- en gesegdesake:

Jy moet nie 'n bal vang soos ek een aangee nie.
Jy moet nie beginsels aanvaar soos jou vriende dit verwerp nie.

1.5. I.p.v. absoluut geopponeerd kan die onderwerpsake ook alleen maar geopponeerd teen mekaar wees, wat beteken dat slegs één onderwerpsaak op 'n slag 'n kruis-identiteit moet vertoon anders raak hulle en selfs die direkte of voorsetselvoorwerpsake elk ook direk-identiek: die eerste of tweede 40*) onderwerpsaak is kruis-identiek aan die eerste en die tweede direkte of voorsetselvoorwerpsaak wat volgens die opskrif hierbo direk-identiek aan mekaar moet bly, en die tweede of die eerste onderwerpsaak kan dan slegs maar absoluut geopponeerd wees:

Nou kan ek myself verwyf soos jy my verlede week wou verwyf het na daardie mislukte drie.
of: Nou kan ek jou verwyf soos jy jou verlede week self verwyf het oor daardie mislukte drie

Die proses van kruis-identiteit (waardeur 'n saak slegs maar geopponeerd is), word hieronder in para 3 nader bekyk.

2. 'n Absoluut geopponeerde direkte of voorsetselvoorwerpsaak.

Behalwe as primêre deur-struktureringmoment vir ooreenkoms van hoedanighede waarvoor hoërop o.a. Jes. 51:8 as voorbeeld aangehaal is, kan die absoluut geopponeerde direkte of voorsetselvoorwerpsaak ook 'n sekondêre deur-struktureringmoment vir ooreenkoms van hoedanighede wees, saam met:

(a) geslote bywoordelike sake in 'n struktuur met direk-identieke onderwerp- en gesegdesake.

Soos ek eens na jou verlang het, so verlang ek nou na my kinders (Tyd is ook geslote).
Soos ons eens met geld gewoeker het, so woeker ons nou met ons talente. (Tyd is ook geslote)
Ek brei die bokvelletjie gladnie soos die beesvel gister nie (Tyd is geslote)

(b)/

40*) Die onderskeiding eerste en tweede onderwerp- of voorwerpsaak, ens. verwys na die onderwerp- of voorwerpsaak ens. van die eerste of tweede

(b) absoluut geopponeerde onderwerpsake in 'n struktuur met direk- identieke gesegdesake en met geslote of oop bywoordelike sake:

Soos julle hunker na mag so hunker ons na vryheid
 Soos jy vir geld leef, so leef ander vir vrede.
Ek behandel nie eers 'n dier soos jy 'n mens be-
 handel nie.

Soos ons voorouers die Bybel gelees het, so lees
die jeug nou speurverhale
 Want daarom het ek jou wandade veroordeel soos 'n
mens die wandade van 'n skurk veroordeel.

(c) absoluut geopponeerde gesegdesake in 'n struktuur met:

(i) direk-identieke onderwerpsake en met geslote of oop bywoordelike sake:

Soos jy in die daglig die goeie vertrap so voed jy
 weer in die duisternis die sonde.

(ii) absoluut geopponeerde onderwerpsake en met geslote en oop bywoordelike sake:

Soos jy die armes benin, so haat ander weer die
 rykes.

(d) Vir die proses van kruis-identiteit (geopponeerde sake) vgl. die volgende paragraaf 3.

3. Kruis-identiteit (d.w.s. alleen maar geopponeerde) direkte of voorsetselvoorwerpsake.

Hier moet soos volg onderskei word:

(a) die direkte of voorsetselvoorwerpsaak van een sinslid kan 'n kruis-identiteit vertoon, terwyl die van die ander absoluut geopponeerd bly, en

(b) die direkte of voorsetselvoorwerpsaak van albei sinslede (die eerste en die soos-sinslid) vertoon kruis-identiteit.

By (a) en (b) moet weer onderskei word tussen:

(i) Kruis-identiteit met 'n saak in 'n ander sinslid van die hoedanig-
 struktuur, en

(ii) Kruis-identiteit met 'n saak in dieselfde sinslid wat neerkom op die gebruik van die egte en toevallig wederkerende voorwerpsvorm.

In die voorbeelde hieronder word nie uitdruklik weer gewys op ander aanwesige deur-struktureringsmomente soos geslote of oop bywoordelike sake en verskillende of neutrale kategoriale tydstrappe

(a) (1) Kruis-identiteit met 'n saak in 'n ander sinslid van die hoedanigheidstruktuur.

(i) Die eerste direkte of voorsetselvoorwerpsaak is kruis-identiek aan die tweede onderwerpsaak, terwyl die eerste onderwerp- en die tweede direkte of voorsetselvoorwerpsaak elk absoluut geopponeerd bly:

Ek sal julle altyd behandel soos julle my vriende behandel het.

Niemand sal oor julle treur soos julle oor julle eie kinders getreur het nie.

Twee deur-struktureringmomente vir 'n ooreenkoms van hoedanighede kom hierdeur tot stand, nl. nie-identieke onderwerpsake en nie-identieke direkte of voorsetselvoorwerpsake.

(ii) Die tweede direkte of voorsetselvoorwerpsaak is kruis-identiek aan die eerste onderwerpsaak, terwyl die eerste direkte of voorsetselvoorwerpsaak en die tweede onderwerpsaak elk absoluut geopponeerd bly:

Die mense sal julle beoordeel nes julle helpers hulle beoordeel het.

Soos jy eenkeer vererg was oor my so was ek vanmore vererg oor Piet gewees.

Twee deur-struktureringmomente vir 'n ooreenkoms van hoedanighede kom hierdeur tot stand, nl. nie-identieke onderwerpsake en nie-identieke direkte of voorsetselvoorwerpsake.

(a) (2) Kruis-identiteit met 'n saak in dieselfde sinslid:

(i) Die eerste direkte of voorsetselvoorwerpsaak is kruis-identiek aan die eerste onderwerpsaak, terwyl die tweede onderwerp- en direkte of voorsetselvoorwerpsaak elk absoluut geopponeerd is:

Ek was my nie soos jy jou kinders was nie.

Ek dink ook soms aan myself soos jy aan ander dink

Twee deur-struktureringmomente vir 'n ooreenkoms van hoedanighede kom sodoende tot stand, nl. nie-identieke onderwerpsake en nie-identieke direkte of voorsetselvoorwerpsake.

(ii) Die tweede direkte of voorsetselvoorwerpsaak is kruis-identiek aan die tweede onderwerpsaak, terwyl die eerste onderwerp- en direkte of voorsetselvoorwerpsake elk absoluut geopponeerd bly:

Twee deur-struktureringsmomente vir 'n ooreenkoms van hoedanighede kom sodoende tot stand nl. nie-identieke onderwerpsake en nie-identieke direkte of voorsetselvoorwerpsake.

(a) (3) Kruis-identiteit met 'n saak in dieselfde sinslid én met 'n saak in 'n ander sinslid van die hoedanigheidstruktuur.

(i) Die eerste direkte of voorsetselvoorwerpsaak is kruis-identiek aan die eerste en die tweede onderwerpsaak, terwyl die tweede direkte of voorsetselvoorwerpsaak absoluut geopponeerd bly:

Pasop dat jy jouself nie mislei soos jy my wou mislei het nie.
 Ek beskerm my soos ek my kinders beskerm.
 Vertrou op jouself soos jy op jou vriende vertrou.

Een deur-struktureringsmoment vir 'n ooreenkoms van hoedanighede kom sodoende tot stand nl. nie-identieke direkte of voorsetselvoorwerpsake.

(ii) Die tweede direkte of voorsetselvoorwerpsaak is kruis-identiek aan die tweede en aan die eerste onderwerpsaak, terwyl die eerste direkte of voorsetselvoorwerpsaak absoluut geopponeerd bly:

Soos ek my was, so was ek ook my kinders
 Glo aan jou vriende soos aan jouself
 Jy moet jou naaste liefhê soos jouself

Een deur-struktureringsmoment kom sodoende tot stand nl. nie-identieke direkte of voorsetselvoorwerpsake.

Kruis-identiteit, net soos absolute geopponeerdheid van die direkte of voorsetselvoorwerpsaak, vloei dus binne hierdie skema terug tot die verskynsel wat alreeds tot deur-struktureringsmoment van ooreenkoms van hoedanighede verklaar is, nl. die afwesigheid van direkte identiteit van een of ander saak of sake, want al is bv. die direkte voorwerpsaak kruis-identiek aan een van die onderwerpsake bly die feit geldig dat die handeling van die een sinslid gerig is op één voorwerp en dié van die ander op 'n ander wat gevolglik twee verskillende hoedanighede veroorsaak wat geen identiteit met mekaar kan vertoon nie.

By die kruis-identiteit van die voorwerpsake wat veral in die voorafgaande paragrawe (a) (1) - (a) (3) ter sprake was, kom ons ook vir die eerste keer die...

aan een van die onderwerpsake, dan is daardie onderwerpsaak natuurlik ook kruis-identiek aan daardie bepaalde voorwerpsaak. En net soos by die voorwerpsaak lei kruis-identiteit van onderwerpsake tot die afwesigheid van direkte identiteit daarvan wat, as dit wel aanwesig is, 'n deur-struktureringsmoment vir identiteit van hoedanighede kan wees. Maar een vorm van kruis-identiteit staan hier apart: dis waar kruis-identiteit so "kruis" is dat dit weer lei tot direkte identiteit, vgl. hieroor paragraaf (b) (3) hieronder.

Die gevolgtrekking is dan dat kruis-identiteit van sake in die tweeledige hoedanigheidstruktuur geen meewerkende faktor kan wees vir identiteit van hoedanighede nie 41*), want dit werk 'n deur-struktureringsmoment van ooreenkoms, nl. nie-direkte identiteit van sake in die hand. Dit het ons geleer uit die hier voorafgaande paragrawe (a) (1) - (a) (3) wat nog één absoluut geopponeerde direkte of voorsetselvoorwerpsaak in die hoedanigheidstruktuur het, maar dit leer ons ook uit die hieropvolgende afdeling (b) wat die hoedanigheidstruktuur voorstel sonder enige absoluut geopponeerde onderwerp-, direkte of voorsetselvoorwerpsake omdat almal op een of ander manier aan mekaar kruis-identiek is.

(b) (1) Kruis-identiteit met 'n saak in 'n ander sinslid van die hoedanigheidstruktuur.

Die eerste onderwerpsaak is kruis-identiek aan die tweede direkte of voorsetselvoorwerpsaak en die eerste direkte of voorsetselvoorwerpsaak weer kruis-identiek aan die tweede onderwerpsaak:

Ek sal hom net so behandel soos hy my behandel het.
Soos jy my skop so skop ek jou
Soos jy Piet verafsku, so verafsku hy jou.
Soos julle na ons verlang, so verlang ons ook na julle.

Twee deur-struktureringsmomente vir 'n ooreenkoms van hoedanighede kom sodoende tot stand, nl. nie-identieke onderwerpsake en nie-identieke direkte of voorsetselvoorwerpsake.

(b) (2) Kruis-identiteit met 'n saak in dieselfde sinslid.

Die eerste direkte of voorsetselvoorwerpsaak is kruis-

identiek/

(1*) By die drieledige hoedanigheidstruktuur sal daar ook 'n direkte of voorsetselvoorwerpsaak in die hand kom.

identiek aan die eerste onderwerpsaak en die tweede direkte of voorsetselvoorwerpsaak weer aan die tweede onderwerpsaak:

Jy gedra jou soos 'n kind (hom gedra)
Soos Piet vir homself sorg, so sorg ek ook vir myself.

Twee deur-struktureringsmomente vir 'n ooreenkoms van hoedanighede kom sodoende tot stand nl. nie-identieke onderwerpsake en nie-identieke direkte of voorsetselvoorwerpsake.

(b) (3) Kruis-identiteit met 'n saak in dieselfde én in 'n ander sinslid van die hoedanigheidstruktuur.

Die eerste direkte of voorsetselvoorwerpsaak is kruis-identiek aan die eerste onderwerpsaak, aan die tweede onderwerp- en aan die tweede direkte of voorsetselvoorwerpsaak:

Ek vertrou myself soos ek dit doen en jy kan daar niks aan doen nie.
Ek vererg my soos ek my wil vererg.
Ek vertrou op myself soos ek wil.

Hier word die kruis-identiteit dan sover deurgevoer dat dit lei tot direkte identiteit van die onderwerp- en die direkte of voorsetselvoorwerpsake sodat die identiteit of die ooreenkoms van hoedanighede gaan afhang van (a) oop of geslote bywoordelike sake, en/of (b) verskillende of neutrale kategoriale tydstrappe en/of (c) identieke of nie-identieke gesegdesake. Vgl.

Ag! Ek bejammer myself vandag weer soos gister toe ek daardie nondeling mees aflê (Tyd is geslote).
 Goed! Ek sal my in die kerk net so gedra soos by die huis. (plek is geslote)

In die eerste drie voorbeelde van hierdie paragraaf (b) (3) oorheers boonop nog oop bywoordelike sake en vir die hoedanigheid neutrale kategoriale tydstrappe sodat die voegwoord soos daar 'n egte hoedanigheid noem, teenoor 'n vergelykende hoedanigheid in die laaste twee voorbeelde.

Om op te som, kan gesê word dat ons tot dusver binne 'n bepaalde skema van betrekkinge tussen sake ook kon aantoon hoedat daar ook 'n saakskema bestaan waarmee 'n situasie beheers kan word en wat vir die ken van die bepaalde noemfunksie van die voegwoord soos relevant is. Die soveel gebruikte begrip formuleringsproses (-formule,

verband staan: (i) 'n betrekking-struktuur en (ii) 'n saak-struktuur, met laasgenoemde gebou op die prinsipes van (i) absoluut geopponeerde sake, (ii) direk-identieke sake en van (iii) kruis-identieke (geopponeerde) sake en hierdie drie beginsels bepaal ook wat oop en geslote bywoordelike sake is want ons moes hierdie laaste twee begrippe ook eers uit (nie-) identiteit ontwikkel voordat aan hulle die benaminge oop en geslote bywoordelike sake gegee kon word.

Vir 'n tweeledige hoedanigheidstruktuur waarvan die eerste en die tweede sinslid die "hoof" konteksuele dele van onderwerp, gesegde en direkte voorwerp of onderwerp, gesegde en voorsetselvoorwerp bevat, is die primêre deur-struktureringsmomente vir die noemfunksie van egte hoedanigheid dus:

- (i) direk-identieke onderwerp-, én die bepaalde voorwerpsake én gesegde-sake.
- (ii) oop bywoordelike sake
- (iii) neutrale kategoriale tydstrapverskille (wat ook 'n oop bywoordelike saak is)

Die primêre en sekondêre deur-struktureringsmomente vir die noemfunksie van vergelykende hoedanigheid is weer:

- (i) nie-direkte identiteit van onderwerp- gesegde- en die bepaalde voorwerpsake wat veroorsaak word deur absoluut geopponeerde of kruis-identieke (geopponeerde) sake.
- (ii) geslote bywoordelike sake.
- (iii) verskillende kategoriale tydstrappe (wat ook 'n geslote bywoordelike saak is).

Dit geld alleen vir die tweeledige hoedanigheidstruktuur en vir die soort waarmee ons hiervoor kennis gemaak het, nl. waar die hoedanigheid van die handeling van die regerende sinslid vergelykend of as identiek gesien word teenoor of aan dié van die soos-sinslid self.

3. Die eerste en die tweede sinslid bevat die res van die "hoof"-konteksuele verbande.

Die prinsipes wat die opbou van die egte en die vergelykende

voorzetselvoorwerp, kan net so oorgedra word op die ander betrekkingstrukture, bv. (i) onderwerp, gesegde, direkte voorwerp én indirekte voorwerp, (ii) onderwerp, gesegde, direkte voorwerp én voorzetselvoorwerp, (iii) onderwerp, gesegde, indirekte voorwerp én voorzetselvoorwerp, (iv) onderwerp, gesegde én indirekte voorwerp. Nou dat ons die deur-struktureringsmomente ken, is dit minder noodsaaklik om verder 'n volledige analise te gee van die prosesse van direkte identiteit, of direkte identiteit plus kruis-identiteit plus geopponeerde sake, of alleen direkte identiteit plus kruis-identiteit, of alleen kruis-identiteit plus geopponeerde sake, ens. ens. Ons sal dus slegs 'n paar gevalle op hulle meriete bekyk om te kan illustreer hoedat die deur-struktureringsmomente wat gevind is hier ook werkzaam is:

1. 'n Voorbeeld soos:

Ek bied jou weer my liefde aan soos altyd

vertoon o.a. die volgende verskynsels:

- (a) Die onderwerp- (ek X ek) gesegde- (aanbied X aanbied) direkte (my liefde X my liefde) en indirekte voorwerpsake (jou X jou) vertoon afsonderlik direkte identiteit.
- (b) Die verskynsel van direkte identiteit by alvier "hoof"-sake is vier deur-struktureringsmomente vir die ogte hoedanigheid, maar
- (c) tyd is in die twee sinslede geslote gerealiseer (aanbied X altyd aangebied het) en dus noem soos 'n vergelykende hoedanigheid, omdat slegs één deur-struktureringsmoment vir die vergelykende hoedanigheid voldoende is om die ogte hoedanigheid op te hef.

2. 'n Voorbeeld soos:

Soos ek hierdie plaas aan julle gegee het, so sal my kinders julle dit weer ontnem.

vertoon o.a. die volgende verskynsels:

- (a) Die onderwerp- (my kinders X ek) en gesegdesake (gee X ontneem) is elk (absoluut) geopponeerd: twee sekondêre deur-struktureringsmomente vir 'n vergelykende hoedanigheid.
- (b) Die direkte voorwerp- (dit=hierdie plaas X hierdie plaas) en die indirekte voorwerpsake (julle X julle) vertoon elk afsonderlik direkte identiteit

- (c) Hier is ook geen verskynsel van kruis-identiteit nie.
- (d) As gevolg van (a) (sonder om eers die tydsverskil in aanmerking te neem), noem soos hier 'n vergelykende hoedanigheid.

3. 'n Voorbeeld soos:

Ek het vir hom die saak verdedig soos ek joune vir jou verdedig het.

vertoon o.a. die volgende verskynsels:

(a) Die onderwerp- (ek X ek) en die gesegdesake (verdedig X verdedig) vertoon afsonderlik direkte identiteit

(b) Die direkte- (die saak X joune= jou saak) en indirekte voorwerpsake (hon X jou) is elk (absoluut) geopponeerd: twee sekondêre deurstruktureringsmomente wat maak dat soos hier 'n vergelykende hoedanigheid noem

4. 'n Voorbeeld soos:

Ek gee my weer aan julle oor soos ek dit al 'n menige keer wantevore ook gedoen het.

vertoon o.a. die volgende verskynsels:

(a) Die onderwerpsake (ek X ek) is direk-identiek en ook kruis-identiek aan die direkte voorwerpsake (my X my) wat beteken dat laasgenoemde twee sake ook direk-identiek is aan mekaar.

(b) Die indirekte voorwerp- (julle X julle) en die gesegdesake (oorgee X doen= oorgee) vertoon elk afsonderlik ook direkte identiteit

(c) Die voorafgaande faktore is almal deurstrukturerend vir 'n egte hoedanigheid, maar

(d) tyd is geslote (oorgee X het gedoen=het oorgegee) en daarom noem soos hier 'n vergelykende hoedanigheid.

5. 'n Voorbeeld soos:

Soos jy jou liefde aan jou medemens gee, so sal hulle weer hulle s'n aan jou gee.

vertoon o.a. die volgende verskynsels:

(a) Die eerste onderwerpsaak (hulle) is kruis-identiek aan die tweede indirekte voorwerpsaak (jou medemens) en die eerste indirekte voorwerpsaak (jou) ook kruis-identiek aan die tweede onderwerpsaak (jy) maar die onderwerp- (hulle X jy) en die indirekte voorwerpsake (jou X jou medemens) vertoon elk afsonderlik geen direkte identiteit nie en die

al twee deurstruktureringsmomente vir 'n vergelykende hoedanigheid.

(b) Die direkte voorwerpsake (hulle s'n= hulle liefde X jou liefde) vertoon geen direkte identiteit nie en dis nog 'n faktor ten gunste van die vergelykende hoedanigheid.

(c) Die direkte voorwerpsake mis ook die verskynsel van kruis-identiteit en is daarom absoluut geopponeer

(d) As gevolg van (a) en (b) noem soos hier 'n vergelykende hoedanigheid.

6. 'n Voorbeeld soos:

Hy het my ontsnap soos 'n slegte skurk dit sou
gedoen het.

vertoon o.a. die volgende verskynsels:

(a) Die onderwerpsake (hy X 'n slegte skurk) mis direkte identiteit.

(b) Die indirekte voorwerpsake (my X my) en ook die gesegdesake (ontsnap X sou gedoen het = sou ontsnap het) vertoon wel afsonderlik direkte identiteit.

(c) As gevolg van (a) noem soos hier 'n vergelykende hoedanigheid

7. 'n Voorbeeld soos:

Soos julle my beskuldig het van diefstal, so
beskuldig ek julle nou van hoogverraad.

vertoon o. a. die volgende verskynsels:

(a) Alhoewel die eerste onderwerpsaak (ek) kruis-identiek is aan die tweede direkte voorwerpsaak (my) en die eerste direkte voorwerpsaak (julle) kruis-identiek aan die tweede onderwerpsaak (julle) vertoon die onderwerp- (ek X julle) en die direkte voorwerpsake (my X julle) self afsonderlik geen direkte identiteit nie.

(b) Die voorsetselvoorwerpsake (diefstal X hoogverraad) mis ook direkte identiteit en is self absoluut geopponeer omdat kruis-identiteit afwesig is.

(c) Die gesegdesake (beskuldig X beskuldig) is wel direk-identiek.

(d) As gevolg van (a) en (b) noem soos hier 'n vergelykende hoedanigheid.

8. 'n Voorbeeld soos:

Soos 'n goeie vriend dit sou gedoen het, het Jan
my van al sy ereningske vertel

- (a) Die onderwerpsake (Jan X 'n goeie vriend) mis direkte identiteit en sonder kruis-identiteit is dit ook absoluut geopponeerd.
- (b) Die taalmoment sy in sy ervaring wys in elke sinslid terug na 'n onderwerpsaak wat nie direk-identiek is aan die ander onderwerpsaak nie. Dus is die voorzetselvoorwerpsake daardeur ook nie direk-identiek nie (Jan se ervaring X 'n goeie vriend se ervaring; en Jan is hier nie direk-identiek aan 'n goeie vriend gerealiseer nie)
- (c) Die gesegde- (vertel X doen=vertel) en indirekte voorwerpsake (my X my) vertoon direkte identiteit.
- (d) As gevolg van (a) en (b) noem soos hier 'n vergelykende hoedanigheid.

9. 'n Voorbeeld soos:

Nes sy vader het Piet ook weer die verhaal aan my vertel.

vertoon o.a. die volgende verskynsels:

- (a) Die onderwerpsake (Piet X sy vader) is nie direk-identiek nie en daarby ook absoluut geopponeerd omdat dit kruis-identiteit mis.
- (b) Die gesegde- (vertel X vertel) direkte(die verhaal X die verhaal) en indirekte voorwerpsake(my X my) vertoon elk afsonderlik direkte identiteit.
- (c) As gevolg van (a) noem soos hier 'n vergelykende hoedanigheid.

10. 'n Voorbeeld soos:

Presies soos sy vader dit aan my vertel het, het Jan dit ook weer aan sy suster gaan vertel.

vertoon o.a. die volgende verskynsels:

- (a) Die onderwerpsake (Jan X sy vader) is nie direk-identiek nie, maar selfs absoluut geopponeerd. Dieselfde geld vir die indirekte voorwerpsake (sy suster X my).
- (b) Die direkte voorwerp- (dit X dit) en gesegdesake (vertel X vertel) vertoon elk afsonderlik direkte identiteit.
- (c) As gevolg van (a) noem soos hier 'n vergelykende hoedanigheid.

11. 'n Voorbeeld soos:

Jou verhaaltjie kan jy nou maar aan my vertel nes jy wil, maar ek glo jou tog nie.

(a) Die onderwerp-(jy X jy), gesegde- (vertel X vertel), direkte voorwerp-(jou verhaaltjie X jou verhaaltjie) en indirekte voorwerpsake (my X my) vertoon elk afsonderlik direkte identiteit (die sinslid: maar ek glo jou tog nie is hier irrelevant).

(b) Tyd is oop.

(c) En as gevolg van (a) en (b) noem soos hier 'n egte hoedanigheid.

Hierbo het ons alleen die "hoof"-konteksuele groepe as uitgangspunte geneem en veral tyd buite bespreking gehou tensy waar dit deurslaggewend is (vgl. no. 1) of kan woes (vgl. 11).

AFDELING C.Die drieledige hoedanigheidstruktuur.

Ons bekyk eers weer die voorbeelde wat Booyesen en Van Wijk van die egte hoedanigheid gee en wat, soos al aangedui is, tot die drieledige hoedanigheidstruktuur behoort: Jy het nie gedoen soos ek jou gesê het (om te doen nie) en: Ik zal het doen soos jê zegt (dat ik het moet doen). Die eerste sin, die van Booyesen, bevat in die eerste sinslid konteksueel 'n onderwerp en 'n gesegde (jy het (nie) gedoen) en in die soos-sinslid konteksueel 'n onderwerp, gesegde en indirekte voorwerp ((soos) ek jou gesê het (nie)). Wat die sake-struktuur betref, is die onderwerpsake van die eerste en die soos-sinslid nie direk-identiek nie (jy X ek), maar die onderwerpsaak van die eerste sinslid (jy) is wel kruis-identiek aan die indirekte voorwerpsaak (jou) van die tweede sinslid. By die tweeledige hoedanigheidstruktuur het ons kon aantoon dat identiteit van bv. die onderwerpsaak aan 'n ander saak behalwe aan die onderwerpsaak van die soos-sinslid neerkom op opheffing van die funksie van egte hoedanigheid omdat direkte identiteit van bv. onderwerpsake 'n primêre deur-struktureringsmoment is vir die egte hoedanigheid en nie-direkte identiteit weer vir die vergelykende hoedanigheid. Hier het ons dus nie-direkte identiteit en die voorbeeld word deur Booyesen tot die egte hoedanigheid gereken.

In die voorbeeld van Van Wijk is die onderwerpsake van die eerste en die soos-sinslid (ik X jê) ewemin direk-identiek.

Curme 42*) wat 'n onderskeid maak tussen "manner proper" (egte hoedanigheid) en "comparison" (vergelykende hoedanigheid) noem vir laasgenoemde die voorbeeld: Everything had happened exactly as (had been) expected(that it would happen). Hierdie voorbeeld behoort ook tot die drieledige hoedanigheidstruktuur omdat die leksikaliteit van die gesegde-woord van die soos-sinslid van so 'n aard is dat 'n derde sinslid aangevul kan word tot bv. dat dit sou gebeur, of om te gebeur. Maak ons die soos-sinslid aktief, waardeur die saakkompleksgeheel geen ander word nie, dan het ons so-iets: Alles het presies

Watter onderwerpsaak ons ookal vir die soos-sinslid invul, dit sal nie direk-identiek wees aan die van die eerste sinslid nie en dit sal ook nie kruis-identiteit vertoon nie. Hierdie beperking hang in hierdie bepaalde voorbeeld van Curme saam met die kategoriale aard van die sake in die eerste en die soos-sinslid. By Overdiep 43*) vind ons twee soortgelyke voorbeelde wat hy ongelukkig nie benoem nie: Het is presies zoo gebourd als ik je daar vertel en verderaan: Het ging presies zoals (net zoals) ik dacht. Ongelukkig gee Curme nie 'n drieledige voorbeeld vir sy "manner proper" nie!

Die voorbeelde van Booyesen en Van Wijk (vir hulle egte hoedanigheid) en die van Curme (vir hom vergelykende) het dus almal een gemeenskaplike verskynsel nl. nie-direkte identiteit van die onderwerpsake van die eerste en die soos-sinslid (jy X ek; ik X je; everything X ?) en tog val die noemfunksie van soos vir die drie grammatici hier in twee kategorieë. Nie-direkte identiteit van die onderwerpsake van die eerste en die soos-sinslid en dan tog nog egte hoedanigheid (Booyesen en Van Wijk) en ook vergelykende hoedanigheid (Curme) kan alleen maar één van twee dinge beteken: of die deurstruktureringsmomente vir die egte hoedanigheid wat ons vir die tweeledige hoedanigheidstruktuur kon aangetoon het, is nie deur te voer op die drieledige struktuur nie omdat ons hier met 'n geheel ander-soortige hoedanigheidstruktuur te maak het, of sodanige momente is wél deur te voer, maar dat wat ons gevind het vir die tweeledige geen momente was nie. Die antwoord sal ons later gee.

Maar in die voorbeeld van Booyesen word die onderwerpsaak van die regerende sinslid (jy) wel (duidelik) in die soos-sinslid getrek al is dit nou maar as indirekte voorwerpsaak (jou) in die aktief (kruis-identiteit dus). In die geval van Van Wijk word die herhaalde onderwerpsaak (ik) nie uitgesproke daarin getrek nie, maar met:soos jy sê (dat ek dit moet doen), moet ons aannem dat ons het:soos jy vir my sê (dat ek dit moet doen), d.w.s. die indirekte voorwerpsaak(my) is verswyg. In die geval van Curme word die onderwerpsaak, of geen vir ons relevante saak in die soos-sinslid

vir verdere beskouing:

(a) die soos-sinlid vertoon 'n sake-identiteit met die eerste sinlid: Booyesen (Jy het nie gedoen soos ek jou gesê het nie) en Van Wijk (Ik zal het doen zooals je zegt)

(b) die soog-sinlid vertoon absoluut geen sake-identiteit met die eerste sinlid nie: Curme (Everything had happened exactly as (had been) expected).

'n Verdere ooreenkoms wat die voorbeeld van Curme met die van Booyesen en Van Wijk vertoon, lê hierin: die relevante sake in die eerste en die derde sinlid vertoon elk op hulle beurt direkte identiteit.

Hierdeur bly daar slegs een verskil oor tussen die voorbeelde van Booyesen en Van Wijk aan die een kant en die van Curme aan die ander kant en dis nl. die verskil wat ons so pas onder (a) en (b) saamgevat het.

Hoe pas ons nou ons deur-struktureringsmomente wat ons by die tweeledige hoedanigheidstruktuur aangewys het op hierdie gevalle toe? Vereers dit: omdat die hoedanigheid van die soos-sinlid in die drieledige hoedanigheidstruktuur nie gestel word teenoor die van die eerste sinlid nie (44*), daarom staan die tweeledige struktuur natuurlik apart van die drieledige en is die deurstruktureringsmomente, soos dit vir die tweeledige gevind is, nie sonder enige wysiging oor te neem nie. Die eerste wysiging is dan ook dat die deurstrukture-ringsmomente wat vir die tweeledige gevind is, nou nie getoets moet word aan die eerste en die tweede sinlid nie, maar aan die eerste en die derde.

Dit bring ons terug by die genoemde ooreenkoms wat daar bestaan in die sakestruktuur van die eerste en die derde sinlid van Booyesen en Van Wijk en die van Curme aan die ander kant (nl. die relevante sake in die eerste en die derde sinlid vertoon elk op hulle beurt direkte identiteit) en nou kan ons ons stelling maak: indien die eerste en die derde sinlid wel sake-opposisie gaan vertoon (vercers nie die genoemde ooreenkoms nie) dan werk die deurstrukture-

En dit werk hier afgesien daarvan of die soos-sinslid sake-identiteit (Booyesen en Van Wijk) met die eerste sinslid vertoon of nie (Curme). Hiermee stel ons daardie groot verskil tussen Booyesen en Van Wijk aan die een kant en Curme aan die ander kant buite werking, en daarmee verlaat ons ook (voreers) die voorbeelde van Booyesen, Van Wijk en Curme d.w.s. die tipe waartoe hulle behoort as gevolg van die genoemde ooreenkoms en betyk die gevalle waar daar in die eerste en die derde sinslid nie sake-opposisie bestaan/ ^{nie.} Hierdie sake-opposisie in die eerste en die derde sinslid illustreer ons aan beperkte sintaktiese en sake-strukture. Hieronder plaas ons die derde sinslid telkens tussen hakies al kan dit nie verswyg word nie.

A. Die sintaktiese struktuur (wat ons kies) : Die eerste en die derde sinslid bevat die hoof-konteksuele groepe onderwerp en gesegde. Die sintaktiese struktuur van die soos-sinslid laat ons vry.

Die sake-struktuur (wat ons kies): Die eerste en die derde onderwerpsaak is nie direk-identiek aan mekaar nie, en verder:

1. 'n Saak van die eerste word wêl in die tweede sinslid getrek. Ons vind dan nou o.a.

(i) Die eerste onderwerpsaak (resp. jy/hierdie man) is direk-identiek aan die van die tweede sinslid (resp. jy/hy) en die derde (resp. hulle/hulle) kruis-identiek aan die indirekte voorwerpsaak van die tweede sinslid (resp. die ander/ander):

Jy het self nie gedoen soos jy aan die ander voorgeskryf het (om te doen nie).
Hierdie man speel nooit soos hy van ander verwag (om te doen nie).

(ii) Die eerste onderwerpsaak (resp. die grotere gemeenskap/jy) is kruis-identiek aan die indirekte voorwerpsaak (resp. hulle/jou) van die tweede sinslid en die derde onderwerpsaak (resp. ons/ek) is direk-identiek aan die tweede onderwerpsaak (resp. ons/ek):

Die grotere gemeenskap handel tog nooit soos ons aan hulle vertel (dat ons voortdurend doen nie).
Jy het tog ook nie gemaak soos ek aan jou gesê het (dat ek sou doen nie).

(iii) Die eerste onderwerpsaak ('n mens) is direk-identiek aan die tweede (jy) en die derde (ander) absoluut geopponeerd:

(iv) Die eerste onderwerpsaak(die ou seuntjie) is kruis-identiek aan die tweede indirekte voorwerpsaak (hom) en die derde onderwerpsaak (sy mantjies) absoluut geopponeerde:

Die ou seuntjie het daren toe geresiteer soos ons aan hom verduidelik het (dat sy mantjies dit verlede jaar gedoen het).

Hoedat die sake-struktuur ook al mag verloop, hierbo staan een feit vas, nl. relevante sake in die eerste en die derde sinslid is geopponeerde teen mekaar en hierdie verskynsel struktureer die vergelykende hoeknigheid.

2. 'n Saak van die eerste sinslid word nie in die tweede sinslid getrek nie.

Met die eerste en die derde sinslid bestaande hoofkonteksueel nog slegs uit 'n onderwerp en 'n gesegde moet die eerste onderwerpsaak deurgaans absoluut geopponeerde bly, want, ons herhaal, dit word nou nie in die tweede sinslid getrek nie en dit moet, volgens die sake-struktuur wat ons gekies het (vgl. terug by A), geopponeerde wees teen die derde onderwerpsaak, en dit laat geen ander verband waarin hy weer herhaal kan word nie. Vir die derde onderwerpsaak bly daar aan die ander kant dan o.a. die volgende moontlikhede oor:

(i) Die derde onderwerpsaak (resp. jou opponente/ons saak) kan ook absoluut geopponeerde wees:

Toe gaan jy mos kleitrap soos ons almal verwag het (dat jou opponente hierdie keer sou doen).
Julle saak het toe eintlik verloop soos julle aan almal vertel het (dat dit met ons s'n die geval sou wees).

(ii) Die derde onderwerpsaak (resp. ek/jou vriende) kan direk-identiek aan die tweede onderwerpsaak (resp. ek/jou vriende) wees:

Die kinders het toe te werk gegaan soos ek gereken het (om te kon doen).
Jy moet nie altyd maak soos jou vriende lus het (om te doen nie).

(iii) Die derde onderwerpsaak (resp. die kinders/kinders) kan kruis-identiek wees aan die tweede indirekte voorwerpsaak (resp. die kinders/kinders):

Hy boks doesdae soos ons die kinders altyd geleer het (om te doen).

(iv) Die derde onderwerpsaak (ek) kan direk- en kruis-identiek wees aan die tweede onderwerp-(ek) en indirekte voorwerpsaak(myself) as ons in die tweede sinslid die refleksiewe vorm het:

Jy sal tog nie kan werk soos ek aan myself myself voorskryf (om te doen nie).

B. Die eerste en die derde sinslid bevat die hoof-konteksuele groepe: onderwerp, gesegde en direkte (of voorsetsel-) voorwerp. Dis die verdere sintaktiese struktuur wat ons kies. Wat die sake-struktuur van die eerste en die derde onderwerp betref, bly ons in soverre by dié van A. dat die eerste en die derde onderwerpsaak nog nie direk-identiek is nie.

1. In Saak van die eerste word wel in die tweede sinslid getrek.

Terwyl die onderwerpsake van die eerste en die derde sinslid dan nie direkte identiteit met mekaar vertoon nie, vind ons o.a. die volgende ander moentlikhede as bv. die direkte (of voorsetsel-) voorwerpsake wel nog elkeen direk-identiek bly:

(i) Albei onderwerpsake is absoluut geopponoerd (Piet X sy vrou) wat beteken dat die direkte (of voorsetsel-) voorwerpsaak van die eerste sinslid (my) in die tweede getrek moet wees (ek):

Piet het my gekul soos ek ointlik verwag het (dat sy vrou dit sou doen).

(ii) Die eerste onderwerpsaak (resp. jy/hy) is direk-identiek aan die tweede (resp. jy/hy) en:

(a) die derde (jou voorganger) is absoluut geopponoerd:

Jy het nie my kan gewas soos jy gewoet het (dat jou voorganger dit altyd gedoen het nie).

(b) of die derde (hulle) is kruis-identiek aan die tweede indirekte voorwerpsaak (ander):

Hy sal my nou moet waardeer soos hy van ander verneem het (dat hulle dit onder die onstandighede sou gedoen het).

(iii) Die eerste onderwerpsaak (resp. ons/Piet) is kruis-identiek aan die tweede indirekte voorwerpsaak (resp. ons/hor) en:

(a) die tweede(julle) en derde (julle) onderwerpsake is direk-identiek:

(b) of die derde onderwerpsaak (hulle) is kruis-identiek aan die direkte (of voorsetsel-) voorwerpsaak (hulself) wat beteken dat die refleksiewe voorwerpsvorm in die derde sinslid gebruik word en dat die derde onderwerpsaak (hulle) ook kruis-identiek aan wees aan die eerste direkte (of voorsetsel-) voorwerpsaak (die kinders) omdat die direkte (of voorsetsel-) voorwerpsaak van die eerste en die derde sinslid volgens ons afdeling hier direkte identiteit moet vertoon:

Piet sorg vir die kinders soos ek dit vir hom beskryf het (dat hulle dit gewoonlik self doen).

(iv) Die eerste onderwerpsaak (resp. ek/ek) is kruis-identiek aan die derde direkte (of voorsetsel-) voorwerpsaak (resp. my/myself) en:

(a) die derde onderwerpsaak (jy) is absoluut geopponeerd wat beteken dat die eerste direkte (of voorsetsel-) voorwerpsaak 'n refleksiewe vorm kan hê en ook direk-identiek te kan wees aan die derde direkte (of voorsetsel-) **voorwerpsaak:**

Ek sal my nooit self kan oortuig soos ek al gewoond is (dat jy dit altyd gedoen het nie).

(b) of die derde onderwerpsaak (jy) is direk-identiek aan die tweede onderwerpsaak (jy) met die tweede indirekte voorwerpsaak (my) o.a. kruis-identiek aan die eerste direkte (of voorsetsel-) voorwerpsaak (myself) as tenminste een saak van die eerste sinslid in die tweede getrek moet wees:

Soos jy altyd vir my vertel het (dat jy dit sou doen as ek eers hierdie ouderdom bereik het) so sal ek nou maar vir my self sorg.

2. 'n Saak van die eerste sinslid word nie in die tweede getrek nie.

As die direkte (of voorsetsel-) voorwerpsaak van die eerste en die derde sinslid bv. nog o.a. 'n direkte identiteit moet vertoon, bly daar vir die onderwerpsake verder die volgende moontlikhede oor sonder om aan mekaar identiek te wees:

(i) Die eerste (ons) en die derde (julle) onderwerpsaak kan elkeen absoluut geopponeerd voorkom:

Ons behandel die diere soos vertel word dat julle hulle behandel.

(ii) Die eerste onderwerpsaak (ek) kan absoluut geopponeerde bly terwyl die derde onderwerpsaak (jy) kruis-identiek is aan die eerste (jou) en die derde (jouself) direkte (of voorsetsel-) voorwerpsaak, wat beteken dat die voorwerpsvorm in die derde sinslid refleksief kan wees om die eerste en die derde voorwerpsaak (jou X jouself) direk-identiek te hou:

Ek sal jou benadeel soos niemand ooit gedroom het (dat jy jouself eers kon benadeel nie).

(iii) Die eerste onderwerpsaak (resp. ons/ Piet) kan absoluut geopponeerde bly terwyl die derde onderwerpsaak (resp. jy/my)

(a) direk-identiek is aan die tweede onderwerpsaak (jy):

Ons het die spelers afgerig soos jy van plan was (om te doen).

Ons sal die oumense nie verstoot soos jy gheoop het (om te kon doen nie).

(b) of kruis-identiek is aan die tweede indirekte voorwerpsaak (my):

Dit is jammer, maar Piet het nou die som gemaak soos jy aan my verduidelik het (om dit te doen).

Die voorafgaande analises is weer 'n kort skets van hoe die sake-struktuur kan verloop sodra opposisies van sake in werking tree, m.a.w. sodra die deurstruktureringsmomente vir die vergelykende hoedanigheid in funksie tree. Die spel wat die taalgebruik speel met direkte, kruis-identiteit en absoluut geopponeerde van sake in die opbou van die drieledige hoedanigheidstruktuur neem groot afmetinge aan, veral as die voorwerpsake ook bykom en dit raak al hoe ingewikkelder vir 'n kort analise na mate die passiewe vorm ook in aanmerking geneem word. Maar by die otlike honderde sake-strukture wat ons kon bestudeer het, was daar nie één geval wat ons nie kon terugbring tot die eenvoudige beginsels wat hierbo aan eenvoudige (gerekonstrueerde) voorbeelde geïllustreer is nie. Op grond hiervan raak ons dan tot die reeds genoemde gevolgtrekking, nl. dat die deurstruktureringsmomente wat by die tweeledige hoedanigheidstruktuur vir die vergelykende hoedanigheid aangewys kon word ook van toepassing is op die eerste en die derde sinslid van die drieledige, afgesien daarvan of die

sinslid, of na die model van Curme, nl. die soos-sinslid vertoon géén sake-identiteit met die eerste sinslid nie.

Tenslotte bly daar nog die vraag: watter oplossing is daar nou vir die gevalle waar die eerste en die derde sinslid géén sake-opposisie vertoon nie, d.w.s. waar vir die eerste en die derde sinslid die deurstruktureringsmomente van die tweeledige se egte hoedanigheid aanwesig is en wat verder:

(a) gebou is na die model van Curme se voorbeeld vir 'n "comparison", nl. met 'n soos-sinslid wat geen sake-identiteit met die eerste sinslid vertoon nie, of

(b) gebou is na die model van Booyesen en Van Wijk vir 'n egte hoedanigheid, nl. met 'n soos-sinslid wat wel sake-identiteit met die eerste sinslid vertoon?

Ons antwoord hierop is dat die verskynsel wat Curme se voorbeeld vertoon wat betref die afwesigheid van sake-identiteit (tussen die eerste en die soos-sinslid) ons nie kan oortuig dat dit die rede is waarom hy sy voorbeeld 'n "vergelyking" noem nie. En verder: die verskynsel wat Booyesen en Van Wijk se voorbeelde vertoon, nl. 'n soos-sinslid met sake-identiteit met die eerste sinslid oortuig ons ewemin dat ^{dit} die rede is waarom hulle hulle voorbeelde weer egte hoedanigheid noem.

By die tweeledige hoedanigheidstruktuur kon ons taamlik breedvoerig aantoon hoedat die egte hoedanigheid 'n "sensitiewe" konstruksie is, een wat op al sy primêre deurstruktureringsmomente staatmaak en vir die drieledige voer ons dit verder, alhoewel in 'n ander rigting, deur te sê dat wat daar by die voorbeelde van Booyesen en Van Wijk méér is aan deurstruktureringsmomente vir 'n egte hoedanigheid as net die sake-identiteit van die eerste en die derde sinslede gevind moet word met behulp van abstrakte filosofiese argumente. Maar dis presies daar waar ons ondersoek ophou. En hierdie stelling pas mutatis mutandis op die model van Curme: die eerste en die derde sinslid is gestruktureer na die model van 'n egte hoedanigheid, die feit dat die soos-sinslid geen sake-identiteit met die

of dit werklik 'n vergelykende hoedanigheid is, kan ons alleen met abstrakte filosofiese argumente aandurf.

Dit kan nie ontken word nie dat hierdie modelle van Booyen en Van Wijk en Curme met die genoemde sake-identiteit van die eerste en die derde sinslid nogal die gebruiklikste in die taal is, maar dis geen rede waarom ons nie kan vra op watter gronde kon grammatici hier die noemfunksie bepaal het nie? Ons gee 'n reeks voorbeelde van albei modelle:

(a) Na die model van Booyen en Van Wijk.

Jy kon dus nie handel soos jy vermoed het (dat jy sou kon handel nie).
 Elkeen maak vandag soos hy lus het (om te maak)
 Julle het nie opgetree soos ek deur julle belof is (dat julle sou optree nie).
 Jy het nie gedoen soos ek jou gesê het (om te doen nie).
 Ons sal vir hom sorg soos deur hom gereël is (dat ons dit moet doen).
 Ons het die gebeurtenis gesien soos ons gehoop het (dat ons dit sou doen)
 Hy trek hom die siekte van sy vrou presies aan soos hy aan ons geskryf het (dat hy dit sou doen as dit erger word).
 Hy gedra hom soos hy hom dit voorgeneem het (om hom te gedra).
 Natuurlik het ons hom nie ontgroen soos hy vir ons gevra het (dat ons dit moet doen nie).
 Hy het hom, soos hy geleer is (dat hy dit moet doen) aan die gesag van sy vader onderwerp.
 ... Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het (dat julle hom sou sien) Mark. 16:7.
 En Noag het gedoen soos die Here hom beveel het (om te doen) Gen. 7:5.
 Toe het Abraham weggetrek soos die Here hom gesê het (om weg te trek) Gen. 12:4.
 En die Here het Sara besoek soos Hy belof het (dat Hy sou doen) Gen. 21:1.
 Ek het gedoen soos U my beveel het (om te doen) Gen. 27:19.

(b) Na die model van Curme

Die plante het nie gereageer soos ons gereken het (dat hulle sou doen nie).
 Die afgerolde klippe het die weg versper soos ons vermoed het (dat hulle dit sou doen).
 Jy moet so-iets rondvasuin soos bepaal is (dat jy dit moet doen) en nie op jou eie manier nie.
 Hy het die geld aan die armes gegee soos ons gehoop het (dat hy dit sou doen).
 My vriende het my bygestaan soos julle voorspel het (dat hulle dit sou doen)
 En die dae sal ten gronde gaan en die gelyktes sal verwoes word, soos die Here gesê het ... (dat dit sou gebeur) Jeren. 48:8.
 En die wat ingaan, het gegaan as mannetjie en wyfie van alle vlees soos God aan hom beveel het (dat

Terugvoerbaar op sy betekenis saamgestel uit 'n verwysende so en 'n bepalende as vind ons dat soos noemend (dus nie sy betekenis self nie) tegelyk onderskei en vereenselwig. Soms tree die onderskeidende moment na vore, bv. Ek loop soos ek nog nooit geloop het nie (tweeledig). Die "vergelyking" maak hier 'n opposisie en dit hang van die op soos volgende sake af (45*) of 'n opposisie (vergelyking) of 'n identifikasie optree: al hierdie moontlikhede word deur soos vrygelaat. Maar ook in die identifikasie is die element onderskeid nie geheel afwesig nie: Ek loop soos ek loop is geen sinlose herhaling nie, maar beteken: ek het 'n bepaalde wyse van loop en loop word hier dus nader bepaal, al is dit nie in die taal nie, maar alleen verwysend. Indien 'n mens van die dubbelsydige struktuur van die betekenis van soos (zoals) uitgaan, word al die moontlikhede duidelik en ook die gevalle waar identifikasie en opposisie nader aan mekaar lê as wat dit van mekaar onderskei kan word soos dit bv. die geval is by die reeks voorbeelde (a) en (b) wat hier voorafgaan. Omdat ons so dig moontlik by die taalgegewens wou bly en omdat ons dit reeds uitgeput het terwille van "objektiewe" maatstawwe, moet ons die taalmateriaal met 'n meervoudige interpretasie en wat slegs subjektief (abstrak) beoordeel kan word, soos die by (a) en (b) verder in hierdie werk buite bespreking laat (46*)

45*) In die geval van die drieledige hang dit o.i. primêr af van die sake van die derde sinslid wat ook op soos volg.

46*) In 'n persoonlike mededeling van 11 Maart 1950, gee prof. H.J. Pos (taalkundige en filosoof, vgl. die bibliografie) van die Departement Filosofie van die Stedelike Universiteit Amsterdam, wat die inhoud

AFDELING D.

Die tweeledige hoedanigheidstruktuur (hoof-tipe) en die drie-ledige hoedanigheidstruktuur met 'n graadaanduidende bywoord so, netso.

By die analise van die tweeledige hoedanigheidstruktuur (hoof-tipe) en die drieledige hoedanigheidstruktuur wat reeds afgehandel is, kon ons primêre en sekondêre deurstruktureringsmomente vind as prinsipes waarvolgens die vergelyking en die egte hoedanigheid opgebou is, of anders gesê: ons kon prinsipes vind waarvolgens die hoedanigheid opgebou is en dit kon ons in twee verdeel, nl. die geldende vir die egte hoedanigheid en die geldende vir die vergelykende hoedanigheid. By die gebruik van soos (soos wat) (as(as wat)) saam met 'n graadaanduidende bywoord so, netso, is ons betrokke by 'n graad van hoedanigheid. Hierdie graad van hoedanigheid kan ons onderverdeel in:

(i) graadaanduidende egte hoedanigheid (dis die parallel van die egte hoedanigheid).

(ii) graad-gelykstellende vergelyking 47*) (dis die parallel van die vergelykende hoedanigheid).

Dis die aard van die betrekking en van die struktuur wat hierdie nuwe benaminge noodsaaklik maak, nl. die betrekking wat saam met soos gestel word deur die graadaanduidende bywoord, en, wat die struktuur betref, noteer ons die volgende:

(a) vir die egte hoedanigheid wat ons reeds afgehandel het, is dit nie nodig dat die hoedanigheid in die vorm van 'n bywoordelike bepaling verwoord word nie:

Die vent werk nes hy wil.

maar dit kan uitgesproke wees, alhoewel dit gewoner is by die vergelykende hoedanigheid.

(b) vir die vergelykende hoedanigheid is dit ook nie nodig dat die hoedanigheid in die vorm van 'n bywoordelike bepaling verwoord word nie:

Die man lieg nes jy

maar dit kan uitgesproke wees:

Die man loop skeef, nes jy.

Hy het my ongemerk bekruip, soos(wat) 'n kat altyd agter 'n muis aansluit.

Tot dusver het ons ons besig gehou met die egte en die vergelykende hoedanigheid sonder 'n uitgesproke bywoordelike bepaling van hoedanigheid by 'n selfstandige werkwoord. Die gebruik van die graadaanduidende bywoord (so, netso) projekteer egter dominanter op 'n uitgesproke bywoordelike hoedanigheid in die regerende sinslid: Hy loop netso skeef soos ek en dit projekteer ook op 'n uitgesproke eienskap (kenmerk) na 'n koppelwerkwoord: Hy is so sterk soos 'n bees.

By die gebruik van die graadaanduidende bywoorde so, netso onderskei ons dan tussen:

1) die toekenning aan 'n saak van 'n graad van 'n uitgesproke eienskap en hieronder val die naamwoordelike gesegde. Hier vind ons weer:

(a) 'n Tweeledige hoedanigheidstruktuur.

Hy is so sterk soos(as) 'n bees.

Hy is so lelik soos(as) die duiwel.

(b) 'n Drieledige hoedanigheidstruktuur.

Die man is netso onbetroubaar soos (soos wat)
(as (as wat)) hulle gesê het (dat hy sou wees).

2) die toekenning van 'n graad van 'n uitgesproke hoedanigheid by 'n selfstandige werkwoord. Hier vind ons ook weer:

(a) 'n Tweeledige hoedanigheidstruktuur.

Hy loop netso krom soos (as) ek.

Jy werk netso deeglik soos(as) jou broer.

(b) 'n Drieledige hoedanigheidstruktuur.

Hy werk netso hard soos (soos wat) (as (as wat))
ons vir hom gesê het (dat hy moet werk).

Jy loop nie so vinnig soos (as) ek gedink het
(dat jy loop nie).

Ons neem met 'n groot mate van sekerheid aan dat die deur-
struktureeringsmomente wat ons vir die egte en die vergelykende hoe-
danigheid kon aanwys, ook in al hulle onderdele aanwesig is by hulle
parallele in die graad-afdeling, nl. graadaanduidende egte hoedanig-
heid en graad-gelykstellende vergelyking. Daarom vind ons dit

geregverdig om hier af te sien van dieselfde breedvoerigheid as by die egte en die vergelykende hoedanigheid. By die drie-ledige hoedanigheidstruktuur (egte en vergelykende hoedanigheid) het ons ons alreeds tot 'n kleiner omvang van die materiaal beperk omdat daaraan die grondbeginsels voldoende geïllustreer kon word. Verder moet ons onthou dat die sake-struktuur in naby die duisend klasse onderskei kan word en elkeen daarvan bewys dieselfde grondbeginsels, nl. die genoemde deur-structureeringsmomente.

Vir hierdie graadgevälle wil ons dan alleen maar die werking van die grondbeginsels, wat noual bekend is, aan 'n afgegrensde reeks materiaal illustreer (48*). Daarvoor kies ons: wat die naamwoordelike gesegde en die graad van die hoedanigheidswoord by 'n selfstandige werkwoord betref alleen maar die tweeledige hoedanigheidstruktuur met 'n naamwoordelike gesegde. En wat die sake-struktuur betref: slegs die eenvoudige konstruksie met die hoof-konteksuele groep: Onderwerp en gesegde.

Ons onderskei dan:

1. Binne die kader van identieke onderwerp- en identieke gesegde-sake:

(a) Die eienskap wat toegeken word aan die identieke onderwerpsake kan wees (i) self identiek aan mekaar, of (ii) geopponeerd teen mekaar. Die bywoordelike sake is oop:

(i) Ek is so sterk soos (49*) ek is en dit het die natuur aan my gegee.
Niemand kan dit verhelp dat hy so sleg is soos hy is nie.

(ii) Die huis is so lank soos dit breed is.
Die man is nou eenmaal maar netso vriendelik soos hy lelik is.

Die voorbeelde onder (i) bevat o.i. al die deur-structureeringsmomente wat nodig is vir 'n egte hoedanigheid, want ons kan nie

insien/

48*) Omdat ons met ander strukture te doen het, sal ons moet ander-soortige verskynsels teëkom, maar (sover ons die geheel self uitgetoets het) seker nie verskynsels wat ons nie met ons arbeid tot dusver in hierdie werk sal kan verklaar nie. Een so 'n verskynsel is al klaar die geopponeerde eienskappe wat met 'n koppelwerkwoord verskyn, maar ons sal sien hoedat dit deur die aangeduide deur-structureeringsmomente vir 'n "vergelyking" gedek word.

insien dat daar iets met iets vergelyk word nie 50*). Ons reken dan ook dat soos hier 'n egte hoedanigheid noem, en vanweë die graad-aanduidende bywoord noem ons dit 'n graad-aanduidende egte hoedanigheid.

Wat die voorbeelde by (ii) betref, vind ons:

(i) identieke onderwerpsake (resp. die huis X dit/ die man X hy), identieke gesegdesake (resp. isX is/ is X is) en oop bywoordelike sake (bv. tyd, plek, ens.) wat vir 'n (graad-aanduidende) egte hoedanigheid deur-strukturerend is, maar

(ii) geopponeerde eienskappe (resp. lank X breed/ vriendelik X lelik) wat hier die primêre deurstruktureringsmoment vir 'n vergelykende hoedanigheid vorm. Vanweë die graadaanduidende bywoord noem ons die verband hier dan nou 'n graad-gelykstellende vergelyking.

In die volgende paragraaf is die deur-struktureringsmomente vir 'n graad-gelykstellende vergelyking uit die indeling af te lees (uit die noem van geopponeerde sake) en ons bewoerd anders as by (a), nl.

(b) die vergelyking is 'n graad-gelykstellende vergelyking tussen

(i) identieke, of (ii) geopponeerde eienskappe toegeken aan identieke onderwerpsake, maar eienskappe wat in albei gevalle bestaan (ons noem 'n paar):

1. op geopponeerde (geslote) tye.

(i) Ek is nie meer so sterk soos ek vroeër was nie.
Hy was nie vandag so vriendelik soos gister nie.

(ii) Die riviértjie is vanjaar om die draai netso diep soos dit verlede jaar daar breed was.

2. op geopponeerde (geslote) plekke.

(i) Hy is nie in die kerk so stil soos by die huis nie.
Hierlangs is die water netso gevaarlik soos daar by die draai.

(ii) By die nok is die geboutjie nie meer so lank soos dit op die vloer breed is nie.
As jy maar op skool netso slim wil wees soos jy daarbuite sterk is, sal ek tevrede wees.

3. by geopponeerde (geslote) middels.

(i) My vriend is met 'n hamer netso handig soos met 'n beitel.
Die afstandjie is te perd byna netso kort soos netso

- (ii) Hy is te perd netso onbetroubaar soos hy te voet lui is.

4. by geopponeerde (geslote) redes.

- (i) Die jong man is vanweë sy luiheid netso onbetroubaar soos hy is vanweë sy gebrek aan aanleg.
- (ii) Selde vind 'n mens 'n man wat weens sy oorerflikheid netso slim is soos wat hy sterk is weens daaglikse oefeninge.

2. Binne die kader van identieke gesegde- en geopponeerde onderwerpsake:

Omdat geopponeerde onderwerpsake klaar al 'n deur-struktureeringsmoment vir 'n vergelyking is, is die moontlikheid van 'n graad-aanduidende egte hoedanigheid hier dadelik uitgeslote. Ons vind nou:

Die vergelyking is 'n graad-gelykstellende vergelyking tussen (i) identieke, of (ii) tussen geopponeerde eienskappe toegeken aan geopponeerde onderwerpsake, maar eienskappe wat in albei gevalle bestaan (ons noem 'n paar):

1. saam met oop bywoordelike sake.

- (i) Jy is netso sleg soos ek.
Op daardie oomblik was hy netso verward soos 'n esel.
- (ii) My kar is netso lank soos joune breed is.
Piet is netso sleg soos wat die see diep is.

2. op geopponeerde (geslote) tye.

- (i) Toe hy my aankyk was ek netso bang soos jy destyds toe hy jou kom besoek het.
Verlede jaar was ek al netso sterk soos jy nou
- (ii) Die vorige keer was Piet netso suinig soos ek nou vrygewig is.

By die tweeledige hoedanigheidstruktuur (hoof-tipe) en die drieledige hoedanigheidstruktuur waar ons die egte en die vergelykende hoedanigheid aantref, kon ons aantoon dat identiteit en ge-opponeerdeheid van sake die grondbeginsels is waarop die twee noemfunksies van soos gebou is en dat hierdie identiteit en geopponeerdeheid van sake gesoek moet word sowel binne as buite die hoedanigheidstruktuur self. Vir die graadgevallen is hierdie feit ewe belangrik en as verskynsel moet ons dit vir hierdie gevalle ook illustreer. Ons beperk ons egter tot die voorbeeld(konstruksie) wat verdere ten stande gebruik word.

(a) 'n Konteksueel gerealiseerde geopponeerde saak in die regerende sinslid vind sy opposisie in 'n geopponeerde saakkompleks wat van die soos-sinslid afhanklik is:

(i) bv. 'n geopponeerde onderwerpsaak.

'n Lekker drankie is vir jou netso verfrissend soos om onder 'n koue stortbad gegooi te word.

(ii) bv. 'n geopponeerde voorwerpsaak.

Ek is netso lief vir my kinders soos jy vir wie jou al daardie gunste bewys.

(iii) bv. 'n geopponeerde tydsaak (plus geopponeerde kategoriale tydstrappe).

Hy is vandag netso goed soos toe hy onder jou toesig was.

(iv) bv. geopponeerde pleksake.

Die hond is netso onbetroubaar by my soos hy is waar hulle hom nie genoeg kos gee nie.

(b) 'n Konteksueel gerealiseerde geopponeerde saak in die soos-sinslid vind sy opposisie in 'n geopponeerde saakkompleks wat van die vergelyking se regerende sinslid afhanklik is.

(i) bv. geopponeerde onderwerpsake.

Dat so-iets net my moes gebeur het is netso skandalig soos 'n pak slaag van 'n swakker man.

(ii) bv. geopponeerde tydsake (plus geopponeerde kategoriale tydstrappe).

Toe hy by my gewoon het, was hy netso gesond soos nou.

(iii) bv. geopponeerde pleksake.

Waar ek vandag kom is die mense netso vriendelik soos hier.

(c) Die geopponeerde sake is almal konteksueel gerealiseer.

(i) bv. geopponeerde onderwerpsake

Jy is netso lui soos ek.
Jan is netso raar soos 'n kraai

(ii) bv. geopponeerde voorwerpsake.

Hy is netso nukkerig teen my soos teen jou.
Ek is netso verbaas oor my optrede soos oor joune.

(iii) bv. geopponeerde pleksake.

Op 'n perd se rug is hy netso tuis soos op 'n fiets.

(d) Die een geopponeerde saakkompleks is afhanklik van die regerende sinslid en die ander van die soos-sinslid.

(i) bv. geopponeerde onderwerpsaakkompleks.

Om die vervaardiging van kunsmatige olie te beheer, is netso verstandig soos om dit nie 'n handelstryd te laat aanbind met natuurlike olie nie.

(ii) bv. geopponeerde voorwerpsaakkomplekse.

Jy moet altyd netso vriendelik wees teenoor wie jy ken soos wat jy is teenoor wie jy nie ken nie.

(iii) bv. geopponeerde pleksaakkomplekse.

Waar ons daeliks kom, is die nense netso vriendelik soos waar ons minder kom.

(iv) bv. geopponeerde tydsaakkomplekse.

Nadat ek hom gesien het, was hy netso goed soos wat hy was nadat jy hom gesien het.

Die bogenoemde illustreer die eenvoudige geval, maar alleen met hulle beginsels kan ons die gekompliseerde geval aandurf. Ons vind dan nie altyd net een geopponeerde saak op 'n tyd nie, maar soms ook 'n kompleks daarvan. Verder vind ons nie altyd net een saak wat sy opposisie in 'n saakkompleks vind nie, maar 'n reeks daarvan, of een kan konteksueel geopponeerde wees terwyl 'n tweede sy opposisie in 'n sinslid (saakkompleks) vind, ens. Die prinsipe van die gekompliseerde geval is dan altyd terugvoerbaar op die van die enkelvoudige geval, m.a.w. in die gekompliseerde geval vind ons dan net 'n kompleks van die prinsipes wat vir die enkelvoudige geval geld.

AFDELING E.

Die tweeledige hoedanigheidstruktuur (sub-tipe: (a) en (b)).

'n Egte hoedanigheid sonder 'n vergelykende hoedanigheid as teenstelling.

Uit die uiteensetting wat voorafgaan, is dit duidelik dat ons voortdurend te kampe gehad het met die probleem om die egte hoedanigheid en die vergelijkende hoedanigheid onderskei te kry. Nadat ons die deur-struktureringmomente vir die egte hoedanigheid aangewys het (en daarmee ook die vir die vergelijkende) kon ons die stelling maak dat die egte hoedanigheid alleen kan bestaan indien al sy deur-struktureringmomente primêr funksionêrend is. Voortdurend was daar die teenstelling: as hy nie 'n egte hoedanigheid is nie, dan is hy 'n vergelijkende en andersom. Sodoende kan ons daardie tipe egte hoedanigheid aandui as die egte hoedanigheid wat sy teenstelling in die vergelykende het. Nou kom ons tot die tipe wat ons opskrif aandui as 'n egte hoedanigheid wat nie sy teenstelling in die vergelykende vind nie. Dit is (dieselfde as) die voorheen genoemde tweeledige hoedanigheidstruktuur (sub-tipe (a) en (b)). Van hierdie sub-tipes (a) en (b) vind ons wel voorbeelde by grammatici wat ons nog sal aanhaal, maar ons volg hier ons eie indeling gebaseer op die maatstawwe (wat grammatici ons nie gee nie) en op ons tot dusver gewonne insigte waarmee ons een tipe van die ander wil onderskei en dan ook weer die een onder-tipe van die ander onder-tipe.

Vir die een onder-tipe kan ons die volgende aanhaling uit Curme 51*) gebruik: "(it) is to indicate the manner in which a statement is made, so that the as-clause, like a sentence adverb ..., modifies the governing proposition as a whole rather than the verb (and, like a sentence adverb, usually stands between subject and verb, or at the beginning or the end of the sentence or proposition)52*): 'Mr. Barkis's wooing, as I remember it, was altogether of a peculiar kind' (Dickens, David Copperfield, Ch.X). 'As I view them now, I can call them no less than coward's errands' (Thackeray, Henry Esmond, 11 Ch.IV). 'If he comes tonight, as we all expect he will, it will be a happy household'. 'It is ten miles from here, as the crow flies'...

'n Ander mening, o.a. ook die van Overdiep 53*) is:

"De zin met "zoals" heeft in ambtelijken stijl wel de waarde van een hoofdzin": Zoals vanochtend werd gemeld, heeft V bekend (N.R.C.)"54*):. Overdiep meen dat dit ook die geval is met gelijk 55*) wat te vergelyke is met soos, en gee as voorbeeld: Elke zaak heeft twee kanten, gelijk uit dit geval weer duidelik blijkt".

Maar nou vra ons ons eers af wat is die noem-funksie van soos in hierdie geval en nie watter "waarde" die soos-sinlid het nie. Ons weet dat Overdiep onderskei tussen "'n bysin-na-die-vorm" en "'n bysin-na-die-funksie" en dat 'n sinlid wel ook "'n bysin-na-die-vorm" kan wees (soos die soos-sinlid hier) maar "'n hoofsin-na-die-funksie". Nou is dit dan duidelik dat hy hier klassifiseer met sy maatstaf van die funksie (en die term funksie het vir hom 'n eie betekenis) soos dit geken word in verhouding tot die res van die sin. As Curme dan praat van "the as-clause" wat hom soos "a sentence adverb" gedra, dan gaan hy ook maar uit van 'n soort funksie van die sinlid. Ons het reeds gekonstateer dat en die egte hoedanigheid en die vergelykende hoedanigheid eweveel hoedanigheid veronderstel (en daarom kon ons die tradisionele indeling van "byw. bysin van hoedanigheid" en "byw. bysin van vergelyking" nie sonder meer oorneem nie), en nou vind ons weer, as ons vra na die noemfunksie van soos, dat dit hier weer hoedanigheid noem, afgesien nog van die "waarde" of Curme se "funksie" van die soos-sinlid, want beskou ons die soos-sinlid as "hoofsin" soos o.a. Overdiep, dan kan ons tog nie sê: soos noem hier "'n hoofsin" nie. Overdiep se hele uitgangspunt is prinsipieel fout. Selfs nie eers en noem 'n "hoofsin" nie, nog minder want wat, soos die tradisie dit wil hê, "'n hoofsin" inlei, want want noem 'n rede.

Dus soos noem vir ons hier nog 'n hoedanigheid. En omdat ons die hoedanigheid self al kon onderverdeel het in 'n vergelykende en 'n egte en na wat tot dusver al bespreek is, is dit geen vraag meer watter van die twee ons nou het nie, maar laat ons die saak eers struktureel bekyk:

In 'n hoedanigheid soos: Hy maak soos ek, word die hoedanigheid van die ek-maak-handeling toegeken aan of gesien as vertonende 'n ooreenkoms met die hy-maak-handeling en dit is wat ons genoem het 'n tweeledige hoedanigheidstruktuur omdat die hoedanigheid wat toegeken word reeds in die soos-sinslid aanwesig is en die soos-sinslid kan sintakties nie aangevul word met 'n derde sinslid, 'n dat-sinslid of infinitief-konstruksie om te sien watter hoedanigheid toegeken word nie. In die laaste geval het ons dan die drieledige hoedanigheidstruktuur waarvan ons kon sê: dat die derde sinslid altyd nodig is vir die ken van die toe te kenne hoedanigheid, maar dat dit alleen formeel gerealiseer moet wees en word as die sake-struktuur van die derde sinslid in die kern gaan verskil van die van die eerste:

Hy het gesing soos ons verwag het X Hy het gesing soos ons verwag het dat sy vriend dit sou doen.

En om die derde sinslid te kan kry, moet die geaktiveerde betekenisonderskeiding van die gesegde-woord van die tweede sinslid van so 'n aard wees dat die derde sinslid sintakties aangevul kan word en dit is dan ook altyd van so 'n aard omdat ons eers in die derde sinslid kan sien watter hoedanigheid toegeken word. Dit is nou maar 'n immanente eienskap van hierdie tipe hoedanigheid. Soos 'n betrekking tussen twee sinslede altyd gedink word, maar nie verwoord hoef te wees nie (Ek weet hy kom X Ek weet dat hy kom) so is die tweede hoedanigheid (in die derde sinslid dus) altyd gedink, maar dit hoef nie daarin verwoord te wees nie (Hy handel soos ek verwag het).

Keer ons nou weer terug tot die soos-sinslid met die "waarde van 'n hoofsin" (Overdiep) dan raak ons tot die gevolgtrekking:

(i) dat die hoedanigheidstruktuur tweeledig is, maar die hoedanigheid van die handeling van die soos-sinslid self word nie toegeken aan die handeling van die eerste sinslid nie (Soos jy weet, is Jan siek), en

(ii) omdat die hoedanigheid van die soos-sinslid nie toegeken word aan die eerste sinslid nie, daarom vertoon dit 'n ooreenkoms met die soos-sinslid van die drie-ledige hoedanigheidstruktuur, maar

gesegde-woord onder geen omstandigheid aangevul moet of kan word met 'n derde sinslid om by 'n toegekende hoedanigheid uit te kom nie, daarom verskil hierdie **strukture** weer van die drieledige en daarom is daar in wese geen hoedanigheid wat toegeken word nie. As ek sê: Soos jy weet, is Jan siek, dan kan ons nie insien hoedat daar 'n identiteit of 'n ooreenkoms kan bestaan tussen Jan se siek wees en jou wete daarvan nie, d.w.s. tussen die hoedanighede van die twee nie.

Dit blyk dus asof dit hier nie te doen is om 'n hoedanigheid wat toegepas word op die handeling van die eerste sinslid nie en hier gee ons Curme dit dan ook tenvolle gelyk as hy sê dat die hoedanigheid hier is "the manner in which a statement is made, so that the as- clause modifies the governing proposition as a whole rather than the adverb..." Maar dit bly nog 'n tweeledige hoedanigheidstruktuur maar dan 'n egte hoedanigheid wat nie op dieselfde vlak as die hoof-tipe lê nie. Een rede waarom dit nie op dieselfde vlak lê nie vind ons in no.(i) van die so pas genoemde drie kenmerke daarvan en 'n tweede rede waarom dit 'n ander tipe egte hoedanigheid is, vloei daaruit voort, nl. dat hy nie sy teenstelling in die vergelykende hoedanigheid vind nie en omdat dit nie die teenstelling daarin vind nie, is sy sake-struktuur vir die noemfunksie van soos irrelevant: sy onderwerp, gesegde of voorwerpsake kan kruis- of direk-identiek of elk absoluut geopponeerde wees of 'n mengsel hiervan en dit gaan nie oor tot 'n vergelykende hoedanigheid of 'n ander noemfunksie van soos nie:

- (a) Soos jy weet, kan ek jou nie meer help nie.
- (b) Soos ek die saak gesien het, moes Jan vanmore al tuis gewees het.

In die eerste geval (a) is die onderwerpsaak van die soos-sinslid (jy) kruis-identiek aan die voorwerpsaak (jou) van die eerste sinslid en die eerste onderwerpsaak (ek) absoluut geopponeerde daarby, d.w.s. die onderwerpsake mis direkte identiteit. En in die tweede (b) is albei onderwerpsake (ek/Jan) en die enigste voorwerpsaak (die saak) absoluut geopponeerde. Dit bewys ook dat

maar dit hoef heeltemal nie die geval te wees nie (geval (b)). Dus die sake-struktuur van die eerste en die soos-sinslid is vir die gebruik van soos irrelevant, juis omdat hy nie 'n teenstelling vind in 'n ander noemfunksie van soos soos bv. die vergelykende hoedanigheid nie. Maar terwille van die teenstelling vgl. weer: Onder die omstandighede kon Jan alleen maar handel soos hy kon (egte hoedanigheid) maar: Onder die omstandighede kon Jan alleen maar handel soos jy gedoen het (verg. hoedanigheid : alleen maar omdat die direkte identiteit van onderwerpsake (Jan X hy) in die eerste en die tweede sinslid opgehef is tot Jan X jy .

Ons kom weer terug op die genoemde soos-sinslid met "die waarde van 'n hoofsin" (Overdiep) maar wil eers wys op die ander onder-tipe wat hierby aansluit 56*):

Gaan soos jy daar is en moenie eers daaraan dink om te gaan aantrek nie.
Hulle het die verslag goedgekeur soos dit voorgelê is.
Jy kan die kar koop nes hy daar staan, of sal ek eers vir jou die kap laat regmaak?

Ons glo nie dat Overdiep hier ook sou gepraat het van 'n soos-sinslid met "die waarde van 'n hoofsin" nie alhoewel hierdie sub-tipe om bepaalde redes (wat ons reeds genoem het) tot dieselfde strukturele kategorie behoort. Van hierdie klas kan ons ook met die woorde van Curme sê: "This as expresses manner pure and simple (egte hoedanigheid) without a thought of a comparison of one act with another....". Dit is natuurlik juis, maar dit geld ook vir die egte hoedanigheid van die tweeledige hoedanigheid-struktuur (hoof-tipe) en vir die van die drieledige hoedanigheid-struktuur d.w.s. die egte hoedanigheid wat sy teenstelling in die

vergelykende/

56*) Hier vind ons by Jespersen, Essentials of English Grammar, p.370 'n voorbeeld vir "manner": You may come just as you are, don't dress, en vir "Comparison" weer: Everything is left just as it was when the murder was discovered". Na die hele voorafgaande bespreking moet dit darem noual duidelik wees dat nie een van hierdie voorbeelde tuis hoort by die tweeledige hoedanigheidstruktuur (hoof-tipe) of drieledige hoedanigheidstruktuur of die sub-tipe (b) (Soos jy weet, is Jan vandag siek) nie. Die "comparison" kry ons ook alleen by die hoof-tipe. Dus, wat was sy maatstaf?

vergelykende vind. Die kwessie was alleen maar om vir hierdie laaste egte hoedanigheid die juiste voorbeelde te vind en om daarby en daardeur die vergelykende apart te hou. Die egte hoedanigheid van sub-tipe (a) waarvan Curme die bogenoemde opmerking maak, vind juis nie sy teenstelling in die vergelykende hoedanigheid nie en dis o.i. 'n belangrike onderskeid wat grammatici nie maak nie. Dit is daarom dat Jespersen sy twee voorbeelde wat prinsipiëel eners is tot twee verskillende noem-funksies reken. Dit wil nie sê dat ons indeling juis is nie, maar dit gee in elk geval tot op 'n sekere hoogte al 'n rigtingslyn aan waarop 'n indeling ^{kan} geskied. Dit is meer as ^{wat} Jespersen, Curme of enige ander aan ons bekende taalkundige van hulle voorbeelde kan sê.

Hierdie sub-tipe (a) onderskei hom ook van die egte hoedanigheid wat sy teenstelling in die vergelykende vind in die aangetoonde onderskeidingsprinsipes (i), (ii) en (iii) wat vir die sub-tipe (b) hiervoor opgenoem is. En dit is eers omdat hierdie drie onderskeidingsprinsipes hier ook geld en verder omdat die sake-struktuur slegs ten dele relevant is (vir sub-tipe (b) was die sake-struktuur ten volle irrelevant) dat ons met Curme kan sê dat ook hier geen "thought of comparison of one act with another" is nie.

Hiermee het ons dan van die tweeledige egte hoedanigheid die sub-tipe (a) ook ten dele aangewys. Albei hierdie sub-tipes het ons van die hoof-tipe en van die drieledige struktuur se tipe met dieselfde onderskeidingsprinsipes onderskei. Maar hoe onderskei ons nou weer sub-tipe (a) van sub-tipe (b)? Die onderskeiding is wel moontlik en die antwoord is alreeds hierbo halfpad gegee toe gesê is dat vir sub-tipe (a) die sake-struktuur ten dele relevant is en vir sub-tipe (b) ten volle irrelevant is. Die onderskeiding sal ons dus in die sake-struktuur kan aanwys en ons begin met sub-tipe (a):

Dit is Curme 57*) wat daarop gewys het dat ons hier "an abridged clause of manner proper" kan hê, met 'n (verlede) deelwoord

Jy kan die kar neem nes hy daar staan X Jy kan die kar onveranderd neem (= nes hy is) X Hulle het die verslag ongewysig goedgekeur (=nes hy voorgelê is); Ek gaan gekleed in hierdie klere (= nes ek is). In hierdie eerste voorbeeld is die soos-sinslid dan ook netso pred. attributief betrokke by die saak kar as die verlede deelwoord in die "abridged clause" en ons sien dat die saak kar ook in ons voorbeeld die onderwerpsaak is van die soos-sinslid. Omdat die verlede deelwoord in die "abridged clause" sy verbale karakter ten dele behou, is die saak kar wat die voorwerp is in daardie sin(-slid) die onderwerp van die verlede deelwoord (58*). Dus, tussen die soos-sinslid en sy onderwerpsaak(kar): en die voorwerpsaak(kar) in die eerste sinslid is daar 'n onverbreekbare verband, daardie identiteit is essensieel en die identiteit kan alleen verbreek word as daar 'n(uiteerste) beroep op die verbeelding gedoen word om dieselfde bedoeling te gaan begryp as gesê word: Jy kan die kar koop soos die huis daar staan.

Wat ons voreers nou weet, is dat die soos-sinslid hier (om maar by Overdiep se "waardes" te bly) "die waarde" van 'n pred. attribueer het terwyl sub-tipe (b) "die waarde van 'n hoofsin" het. Vir ons bly soos nog in albei gevalle 'n egte hoedanigheid noem, maar as dit die saak sal duideliker stel, dan kan ons na hierdie "waardes" klassifiseer:

- (i) 'n egte hoedanigheid wat sy teenstelling in die vergelykende vind en wat dus die "waarde" van 'n egte hoedanigheid het (dis die tweeledige (hoof-tipe) en die drieledige hoedanigheidstrukture)..
- (ii) 'n egte hoedanigheid wat nie sy teenstelling in die vergelykende vind nie, maar wat wel "die waarde van 'n hoofsin" het (dis die tweeledige sub-tipe (b)),
- (iii) 'n egte hoedanigheid wat ook nie sy teenstelling in die vergelykende vind nie, maar wat wel "die waarde van 'n pred. attribueer" het (dis die tweeledige sub-tipe (a)).

Wat ons verder weet, is die essensiële identiteit tussen die saak (in die eerste sinslid) waar die soos-sinslid 'n pred. attributiewe bepaling by is, en dieselfde saak waar hy in die soos-

sinslid moet gebruik word. En dis hier waar ons die onderskeid in die sake-struktuur van sub-tipe (a) en (b) wil vind.

Sê ons: Ek loop soos ek is (= ek loop gekleed in hierdie klere) dan is die soos-sinslid pred. attr. betrokke by die saak ek in die eerste sinslid en daardie saak kan alleen verander word as dieselfde saak in die soos-sinslid ook verander word en andersom. Ons kry dus hier 'n proses van ooreenstemmende wysiging. Dit is nie die geval met sub-tipe (b) soos alreeds hierbo verduidelik is nie: daar kan na willekeur selfs in net een van die sinslede verander word omdat die sub-tipe (b) nie intens betrokke is op 'n bepaalde saak in die eerste sinslid nie.

Hoe kan die identiteit van relevante sake by sub-tipe (a) verloop?

(a) As die eerste sinslid konteksueel uit 'n onderwerp en 'n gesegde bestaan, d.w.s., sonder voorwerpe dan is die onderwerpsaak van die twee sinslede direk-identiek en dan is die proses van ooreenstemmende wysiging op hierdie onderwerpsake van toepassing:

Nee wat, jy kan maar gaan soos jy daar is 59*).

Dis miskien goed om hier te let op die aktivering van die betekenisonderskeiding van die werkwoord wees in hierdie gegewe soos-sinslid met die onderskeiding: jou bevind. By sub-tipe (b) sou dit nou moontlik gewees het om bv. slegs die onderwerpsaak van die eerste sinslid te vervang deur enige ander saak: Soos jy weet, is jy siek X soos jy weet, is ek siek X soos Koos weet, is jy siek, ens. Ons kry alleen maar 'n ander saakkompleksgeheel, maar die formuleringsproses (hier met die sake-struktuur) raak nie a- of abnormaal nie. Dit lyk soms of dit met sub-tipe (a) wel kan geskied en die resultaat lyk op 'n vergelyking, maar as ons sien watter a- en abnormaliteit 'n wysigingspoging meestal teweegbring, met daarby 'n wysiging van die betekenis-onderskeiding van die gesegdewoord van die soos-sinslid, dan moet ons tot die slotsom raak dat di' hier sterk of selfs in totaal beperk is en dan argumenteer ons van hieruit: as "pred. attr." is die soos-sinslid intens betrokke...

sinslid sodat as daardie saak verander word dan moet hy in ooreenstemming verander word in die soos-sinslid waar hy altyd in een of ander konteksuele verband gerealiseer word. En dis wat ons verdereaan ondersoek.

(b) As die eerste sinslid konteksueel uit 'n onderwerp, gesegde en voorwerpe bestaan (die hoof-konteksuele verbande) dan is die ('n) voorwerpsaak kruisidentiek aan die onderwerpsaak van die soos-sinslid. In ons gegewe voorbeeld het die gesegdewoord nog die onderskeiding: jou bevind al is dit nie die vorm wees nie:

Jy kan die kar neem nes hy daar staan (=nes hy hom daar bevind = onveranderd/ongeverf, ens.)

Nou bestaan die essensiële ooreenstemmende wysiging tussen die saak kar in sy twee konteksuele verbande: direkte voorwerp in die eerste en onderwerp in die tweede sinslid. Slegs die eerste onderwerpsaak hy staan nou buite die proses van ooreenstemmende wysiging en kan na willekeur verander word in Piet, 'n mens, jou broer, e.a. omdat die soos-sinslid nie op daardie saak betrekking het nie.

(c) As die eerste sinslid konteksueel uit 'n onderwerp, gesegde en voorwerpe bestaan, dan kan die ('n) voorwerpsaak direk-identiek wees aan die voorwerpsaak van die soos-sinslid:

Hulle het die verslag goedgekeur soos dit voorgelê is (aktief: soos ons dit (direkte voorwerp) voorgelê het) (=soos hy hom bevind).

Die nie-ooreenstemmende wysigingsreël is in ons gegewe voorbeeld van toepassing op die onderwerpsake van die eerste en die soos-sinslid (hulle en ons), maar die ooreenstemmende wysigingsreël weer op die verslag in beide sinslode. Die reël van ooreenstemmende wysiging is ook gebonde deur die reël van ooreenstemming in getal en geslag:

Jy kan die koei koop nes sy daar staan (ooreenstemming in geslag tussen koei en sy)
Jy kan die koeie koop nes hulle daar staan (ooreenstemming in getal).

Die reël van ooreenstemmende wysiging is van toepassing op alle sake wat direk- of kruis-identiek is aan die saak waarop die

die egte of toevallige wederkerende voorwerpsvorm het.

Ons kan saamvat:

(i) Daar is 'n tipe soos-sinslid waarvan die hoedanigheidstruktuur 'n bepaalde sake-struktuur moet hê vir soos om 'n egte hoedanigheid te kan noem (Hy loop soos hy loop en dis sy saak). Hierdie sake-struktuur vertoon die eienaardigheid dat dié van die regerende sinslid gewysig kan word sonder dat die van die soos-sinslid (in die tweeledige hoedanigheidstruktuur) of die van die derde sinslid (die drielidige hoedanigheidstruktuur) noodwendig in ooreenstemming daarmee gebring hoef te word. Die verandering raak alleen maar die noem-funksie van soos en gee 'n ander saakkompleksgeheel, maar die nie-ooreenstemmende wysiging self in slegs een van die sinslede is in prinsipe moontlik.

(ii) Daar is 'n tipe soos-sinslid (sub-tipe (b)) wat nie sy teenstelling in die vergelykende hoedanigheid vind nie en sy sake-struktuur kan na willekeur in die eerste of in die soos-sinslid gewysig word sonder dat 'n ooreenstemmende wysiging vereis word. Die wysiging maak soos nie vry vir 'n ander noemfunksie nie en gee alleen maar 'n ander saakkompleksgeheel. Maar die nie-ooreenstemmende wysiging self is in prinsipe nie onmoontlik nie.

(iii) Daar is 'n tipe soos-sinslid (sub-tipe (a)) wat ook nie sy teenstelling in die vergelijkende hoedanigheid vind nie, maar wat dan nou verskil van sy newe-tipe (sub-tipe (b)) in soverre dat die sake-struktuur van albei sinslede in 'n sekere mate so vas lê dat die saak in die eerste sinslid waarop die soos-sinslid pred. attr. betrokke is en dieselfde saak soos dit in die soos-sinslid gebruik word, behoor word deur die reël van ooreenstemmende wysiging. Hierdie ooreenstemmende wysiging in die sake-struktuur verander nie die noemfunksie van soos nie, gee alleen maar 'n ander saakkompleksgeheel, maar die nie-ooreenstemmende wysiging van hierdie sake is, streng gesproke, nie moontlik of reëlmatig nie.

Die Engelse taal het wat die sub-tipe (a) betref 'n

nie en daarom waarsku Poutsma 60*) "adverbial clauses of quality that are introduced by as (vgl. sy voorbeelde wat hieronder volg), should be distinguished from predicative adnominal adjuncts (bep. van gesteldheid) preceded by as 61*). In using the former the speaker compares two actions or states as manifested in two persons or things 62*); in using the latter any idea of comparison is foreign to the speaker's mind".

Met hierdie laaste mening gaan ons akkoord en vir ons pas dit sowel op: Hy tree op as gasheer, as op: Ek gaan soos ek is, maar o.i. is dit ook die geval met die "hoofsin-tipe" (sub-tipe (b)) wat Poutsma ook "an adv. clause of quality" noem alhoewel hy dit tog verder beskou as "continuative". Dit is na aanleiding van die pred. attr.-tipe (Ek gaan soos ek is) soos gesien teenoor dieselfde tipe met as (in: Hy tree op as gasheer) wat Poutsma in die volgende paragraaf sê: "Supplementing what has been said in Ch. V, 2 63*) about the words and word-groups that may be used in the functions of pred. adnominal adjuncts, we must observe that they may also have the form of full clauses:

Take me as I am, and make the best of me (Bleak House, Ch. L, 425)
The Bill is to be pressed forward as it stands (Times)

Dit lyk dus asof Poutsma hierdie soos-sinlid wel 'n pred. attr. wil noem, maar ken ons "'n bywoordelike sinlid van gesteldheid"? Daar is natuurlik geen beswaar teen ^{die} benaming nie, maar vir ons

bly/

60*) Poutsma, p. 498

61*) Hy bedoel hier gevulle soos: He acted as host; vgl. dit nou met: Take me as I am (sub-tipe (a)).

62*) Hier moet onthou word dat Poutsma binne sy "adv. clauses of quality" nie onderskei, soos ons, tussen egte en vergelykende hoedanigheid nie sodat wat hy soms 'n vergelykende noem nie altyd opgaan nie. Die verskil vind ons veeleer by Curme wat onderskei tussen "manner proper" en "comparison"="clause of manner". In die geheel verdoel Poutsma ook sy "adv. cl. of manner" anders as Curme. Poutsma reken die "hoofsin-tipe" ook tot "clauses of quality" (vgl. p.498) en volgens sy uitspraak hierbo: "in using the former (adv. cl. of quality) the speaker compares ...". Dat die "hoofsin-tipe" (sub-tipe(b)) vergelyk gee Curme (deur 'n beter inleling) ook nie toe nie en ons kan ons ook nie daarmee vereenselwig nie. Poutsma is, soos meeste grammatici verwarrend en dit kom deur 'n gebrek aan distinktiwe onderskeiding tussen die verskillende tipes.

63*) In hierdie hoofstuk het hy dit oor die pred. attr. en dui aan alles wat as sodanig gebruik kan word, maar noem daar nog nie

bly soos maar liefs 'n egte hoedanigheid noem met die verdere spesifikasie terwille van onderskeiding dat hierdie soos-sinslid die "waarde" van 'n pred. attr. het, of beter dat dit 'n sub-tipe (a) vorm van die tweeledige hoedanigheidstruktuur.

AFDELING F.

A.

Soos noem 'n byvoeglike verband.

By die bespreking van soos in hierdie verband kom ons op 'n paar verskynsels af: eerstens die gebrek aan 'n tradisie omdat grammatici hierdie funksie nie(oortuigend) meld nie. Hierdie moeilikheid staan ons egter nie in die weg nie, trouens dis o.a. ook by soos in 'n onderwerps- en 'n voorwerpsverband die geval, maar tweedens is daar 'n probleem wat deur grammatici al aan die voegwoord dat vasgeknoop is, maar vir of nog nie genoem is nie (vergelyk daarvoor Hoofstuk 11) en dis 'n probleem, of liewers 'n beskouingswyse wat ook op soos toegepas kan word; dis nl. die probleem van die sg. bystellingsfunksie van die sekondêre sinslid, 'n begrip wat alles behalwe konsekwent die funksies dek van die verskynsel waarop die toegepas word.

Voorloëig argumenteer ons net kortliks vanuit die begrip bystelling en hou die volledige konstatering van feite, soos ons dit sien, oor totdat ons die of-sinslid in sy byvoeglike verband bespreek.

In De Nieuwe Taalgids 39, p.182 bespreek W.Kramer die Nieuwe Nederlandse Spraakkunst met oefeningen, Dl.1 (Zinsleer, Klankleer, Spelling) van dr. B.H. Erné en dr. Jc.Smit ('n werk wat ons self nie ter insae gehad het nie) en hy wys op die definisie van 'n bystelling wat daar gegee word: "De bystelling bestaat uit een zelfstandig naamwoord of uit een groep zelfstandige naamwoorden". Kramer meen alleen maar dat dit geen verbeterde definisie is op die sg. oue wat hy dan daarby aanhaal en wat ons straks sal herhaal nie. Maar gaan ons terug op hierdie definisie van Erné en Smit, dan merk ons dat hulle nie die funksie van die bystelling omskryf nie, maar wel die vorm daarvan. Nou, as 'n bystelling slegs uit 'n selfstandige naamwoord (dus, sonder attribute! dus, nie eers as kern van enige tipe woordgroep nie!) of slegs uit 'n groep selfstandige naamwoorde kan bestaan, dan val daarmee die hele sintaksis onder die tafel. Kramer gee dan die "ou" definisie: "De bijstelling geeft een andere

zonder dat de zin onvolledig wordt". Hy moet dus daarnaas staan. Bedoel hy nou formeel direk in die tyd of nie? Indien so, dan bewys die sintaksis (en die kenmerke van 'n woord) dat dit nie waar is nie, want enige woord of woordgroep, selfs die bystelling, is skeibaar: binne perke natuurlik, maar genoeg om ons aan sy ou definisie te laat twyfel. Verder: as die bystelling weggelaat word dan word die sin nie onvolledig nie. Bedoel hierdie definisie: nie logies onvolledig nie, of bedoel dit: nie sintakties onvolledig nie? 64*) En ons kan nog 'n derde byvoeg: gee die sin nog dieselfde linguistiese interpreteerbaarheid?

Verder insake hierdie weglatingsproses wat Kramer ook insluit. As ons die grammatika juis interpreteer, dan word 'n bystelling soms ook 'n apposisie genoem. Wat nou van die volgende voorbeeld wat Overdiep 65*) gee van 'n "versierende" apposisie "(die) tevens dient tot aankondiging van een nuwe mededeling, in een relatiewe zin:

Het schootsvel om de lenden, de armen bloot// De forschgespiede, die den arbeid kenden.-"

Laat ons de forschgespiede nou weg dan kry ons 'n verandering in die sintaktiese geleding, nl. die den arbeid kenden raak verbindbaar met de armen (bloot) en buite die sintaksis om geredeneer, val "forschgespied" en "arbeid" saam in dieselfde situasie, terwyl "de armen bloot" en "(die) den arbeid kenden" nie die ervaarde situasie verwoord nie. Laat ons hier die bystelling weg dan breek ons die situasie en die bedoeling van die taalgebruiker op.

Volgens C.P. van der Merwe 66*) se bystellingsteorie, soos ons dit aflei, is daar die feit dat die weglating ons met dieselfde (logiese) sin laat. Nou kan ons alleen maar vra wanneer is twee dinge (sinne) logies dieselfde. Ons het hier 'n proses van

weglating

64*) 'n Sintakties onvolledige woordgroep of kompleks van woordgroepe vra noodsaaklik 'n semantiese of grammatiese aanvulling: Hierdie mooi is sintakties 'n oop (onvolledige) groep; Hierdie mooi hond is weer sintakties 'n geslote enkelvoudige groep; is juis is sintakties oop, maar Die antwoord is juis is sintakties 'n geslote woordgroepleks. Terloops, as daar 'n linguistiese analise van 'n sin bestaan, dan moet dit o.i. volgens hierdie beginsels gedoen word. Ons het rede om te vermoed dat hierdie tipe analise ook die doel is waarna Reichling mik.

weglating: dus die mededeling met die weglating moet ons dieselfde mededeling gee as wanneer daar geen weglating is nie of andersom; dus, wanneer 'n ander na die weglating weer aanvul dan moet hy by die "oorspronklike" uitkom waar niks weggelaat is nie (67*). Goed: as iemand in sy gedagte het die sin: Die vraag, soos wie lyk die kind, veroorsaak nie rusie nie, en hy plaas voor ons alleen maar: soos wie die kind lyk, veroorsaak geen rusie nie, en versoek ons om logies aan te vul, dan kan die aanvulling alleen maar logies juis wees as ons almal die vraag sal aanvul. En hoeveel van ons sal dit doen? Vgl. met 'n dat-sinslid: dat hy weggeloop het, is skokkend. Een sal aanvul die nuus, 'n ander weer die feit ens.. Waar kom dieselfde sin dan nou in in: dat hy weggeloop het, is skokkend en die nuus dat hy weggeloop het, is skokkend? Twee en twee is vier en drie en een is? Nou is dit logies dat ons almal vier sal aanvul. Hierdie afgelope paragraaf veronderstel die argumente van Van der Merwe.

Nou kan dit wees dat ons die bystellings-funksie verkeerd ken en begryp of dat ons die begrip bystelling verkeerd begryp. Maar dit gaan nou nie om ons ken en begryp daarvan nie, maar om 'n analise van 'n definisie wat daarvan gegee word om wat ons ken begrypbaar te maak. En dis nie die enigste definisie in die grammatika waar 'n mens aan die hand van taalfeite vergedrewe spelletjies mee kan speel nie. Ons herhaal: bystelling het 'n begrip geword in die grammatika wat alles behalwe die konsekwente funksies dek van die verskynsels waarop dit toegepas word.

Om nog meer verwarring te saai: Kramer se "ou" definisie praat van weglating van die bystelling self. C.P. van der Merwe praat weer van die weglating van die woord waarnaast hij staat" en dan word die sin nie "onvolledig" nie of die geheel "maak nog sin". Waarom laat Van Der Merwe nie ook die bystelling weg (as hy dit het oor die dat-sinslid) soos die "ou" definisie van die begrip dit stel nie? Dit is 'n retoriese vraag want die gevolg is dat van: Die vraag, of hy kon, is onseker, bly alleen oor: Die vraag is onseker, en

vergedrewe gelyk om as waannee vol te hou. En tog, dit was nie nodig gewees om die toepassing van die begrip bystelling te gaan verander nie, want Die vraag is onseker, maak tog nog sin, die geheel is nie on-sin nie! Van der Merwe se toets is mos: die geheel moet nog sin maak!

Ons mening is dat die begrip bystelling by die soos-sinslid, die of-sinslid en by die dat-sinslid wat ons by of ook hier en daar gaan gebruik om nec te staaf analogies gebruik word ter omskrywing van 'n outonome taalfunksie wat sy eie en ander wette het.

By die of-sinslid sal ons voldoende geleentheid hê om ons mening aan die hand van taalmateriaal toe te lig. Ons hou die bespreking van die probleem dus oor omdat soos-sinslede te min in die praktyk gebruik word om as goeie bewyse te dien, selfs die of-sinslid is ook nog nie heeltemal geskik nie, daarom dat ons ook van die dat-sinslid sal gebruik maak. Met die taalmateriaal van soos sal ons dus kort gaan en rangskik dit alleen maar soos volg:

A. Die funksie van die antesedent.

(i) Die antesedent van soos fungeer as onderwerp.

Die vraag, soos wie die kind lyk, het nooit juis rusie in die huis veroorsaak nie. Sodanige geardheid soos wat julle openbaar, is gevaarlik.

(ii) Die antesedent van soos fungeer as voorwerp.

Ek hou nie van sulke maniere soos wat julle het nie.

(iii) Die antesedent van soos fungeer as naamwoordelike gesegde.

Hy is nou 'n soort skurk soos ek nog nooit vantevore teëgekome het nie.

B. Die aard van die verband van die regerende sinslid afgesien van die aard van die gesegdewoord.

(a) Die soos-sinslid is afhanklik van 'n primêre verband.

Ek moet my deure vir hulle ook sluit want ek kan nie vriendelik wees teenoor nense soos wat julle altyd hierheen bring nie.

(b) Die soos-sinslid is afhanklik van 'n onderwerpsverband.

Dit is nog nie definitief of sulke besluite soos wat julle verlede jaar geneem het, in die smaak

(c) Die soos-sinslid is afhanklik van 'n voorwerpsverband.

Ek moet erken dat my besluite ook berus op sulke verklarings soos die wat julle vanmore weer uitgereik het.

(d) Die soos-sinslid is afhanklik van 'n byvoeglike verband.

Ek sal die geneesheer roep wat hierdie griep beskou as 'n siekte soos daar nog nooit vantevore geheers het nie.

(e) Die soos-sinslid is afhanklik van 'n bywoordelike verband:(i) van plek:

Ek het ookal beland waar so 'n tipe mens soos wat jy nou daar beskryf, die atmosfeer aan die plek gee.

(ii) van tyd:

Jy moet maar hier wag totdat 'n kar, soos **dis** een wat ek het, hier verbykom. Dit sal my broer wees en hy sal jou kan help.

(iii) van voorwaarde:

As julle sulke argumente soos wat julle daar aangevoer het, nie kan staaf nie, dan dink ek min van julle wetenskaplike insig in sake.

(iv) van toegewing.

Hoe jy ookal gedagtes soos wat jy in jou rondra, probeer wegdink, jy bly nog 'n voorbeeld van 'n slegte tipe.

(v) van beperking:

Vir sover ek die bepaalde gevolgtrekking soos wie hy lyk, kan onderskryf, sal ek dit doen.

(vi) van verhouding:

Hoe minder jy aandag skenk aan sulke beweringe soos wat Piet maak, hoe meer sal jy deur jou vriende vertrou word.

(vii) van doel, rede, oorsaak, gevolg.

Daar so 'n vrygewige tipe soos waar jy aan glo, nie bestaan nie, sal ek nie eers na hulle gaan soek nie.

Deurdag my boekhouer sulke syfers maak soos waar jy van hou, kan jy hom gerus maar by jou in diens neem.

Jou vriend het my erg bedrieg sodat ek nie meer vertrou het in nense soos julle nie.

Lees hierdie boek goed deur sodat jy 'n afkeer kan kry van argumente soos die waar jou vriende mee volhou.

B.Soos noem 'n Onderwerpsverband.(a) By 'n Koppelwerkwoord.

- (1) (Dit +) koppelwerkwoord + byvoeglike naamwoord(deelwoord) + soos

Dis nie seker soos wie hy presies gelyk het nie.
Dis nie bekend soos wat hy hom gaan optoof nie.

- (2) (Dit +) koppelwerkwoord + substantief + soos.

Dit bly 'n vraag soos wat ons ons gaan aantrek

- (3) (Dit +) koppelwerkwoord + voorsetselbepaling + soos (vgl. 4 en 5)

Dis nog onder bespreking soos wat ons ons moet vermom op die partytjie.

- (4) (Dit +) koppelwerkwoord + infinitief + soos (vgl. 3 en 5)

Dis nie te verklaar soos wat die harde skoot geklink het nie.
Dis nie te beskryf soos wie hy hom voorgedoen het nie.

Opm. Hier het ons die passief en omskrywing van die potensialis.

- (5) (Dit +) koppelwerkwoord + voorsetsel + infinitief + soos (vgl. 3 en 4)

Dis nog aan ontplooi soos wat hy hom sal gedra om die mense regtig vriendelik te maak.

Opm. Hier kry ons weer die aktief en die duratief.

(b) By 'n modale hulpwerkwoord + koppelwerkwoord.

- (1) (Dit +) modale hulpwerkwoord + byvoeglike naamwoord (deelwoord) + soos.

Dit skyn nie onbekend te wees soos wie hy vermom was nie.

- (2) (Dit +) modale hulpwerkwoord + substantief + soos

Dit skyn 'n probleem te wees soos wie ons na die gemaskerde bal moet gaan.

- (3) (Dit +) modale hulpwerkwoord + voorsetsel bepaling + soos

Dit skyn van belang te wees soos wie die kinders moet aantrek vanaand want almal wil vooruit weet.

(c) By 'n passiewe en allerlei gesegdes.

Daar is nie gesê soos wat die blink vuur teen die donker lug werklik soos het nie.

Die volgende basis van indeling van ons materiaal is volgens die aard van die rogerende sinslid.

- (1) Die soos-sinslid is afhanklik van 'n primêre sinslid

Hy is nogal ontevrede maar soos wat hy op die verhoog wou verskyn, was onmoontlik gewees.

- (2) Die soos-sinslid is afhanklik van 'n onderwerpsverband.

Dis onder die omstandighede seker nie duidelik of werklik vasgestel kan word soos wie die man lyk nie.

- (3) Die soos-sinslid is afhanklik van 'n voorwerpsverband

Niemand kon raai dat jy sou weet soos wie jou vrou daar sou uitsien nadat ons haar hare 'n bolletjie op die kop gedraai het.

- (4) Die soos-sinslid is afhanklik van 'n naamwoordelike gesegde.

Die ooreenkoms was dat dit 'n geheim moet bly soos watter ander verhaal hierdie een gebou is.

- (5) Die soos-sinslid is afhanklik van 'n byvoeglike verband

Daar is natuurlik baie mense van wie gesê kan word soos wie hulle lyk.

Hy weet die formule waarmee bepaal kan word soos watter van die ouers 'n kind hom later sal gedra.

- (6) Die soos-sinslid is afhanklik van 'n bywoordelike verband.

- (a) van plek:

In die saal staan hy eensaam waar dit nie uitgemaak kan word soos wat die skaduwees van die dansende menigte teen die muur werklik lyk nie.

- (b) van tyd:

Wanneer dit duidelik word soos wie die kind nou werklik lyk, dan het die mense al belang in die kind self verloor.

- (c) van voorwaarde:

Ek sal die bier gaan haal as by die toonbank nie weer gesê sal word soos watter groot menere ons ons vanaand gedra nie.

- (d) van toegewing:

Al word daar nou getwis oor soos wat die ou fordjie hom vanaand op pad gedra het, hy bly 'n dierbare ou stuk blik.

- (e) van beperking:

Ek kan jou alles vertel behalwe as gevra word soos wie ek sê.

(f) van verhouding

Hoe meer daar gevra word soos watter ander akteur hy op die planke is, hoe meer vererg hy hom.

(g) van graad

Die toeskouers was so woelig dat daar nie vasgestel kon word soos wie die nabootser praat nie.

(h) van doel, rede, oorsaak, gevolg.

Die ondersoek is afgesluit omdat nie bepaal kon word soos wat die mense hulle werklik gedra het nie.

Deurdadig altyd onseker was soos wat hy die volgende keer gaan tevoorskyn kom, het die mense die nar se optredes baie geniet.

Ek moet altyd julle optredes doodsmeer sodat soos wat julle julle gedra nie skandalig lyk nie.

Jy moet maar baie van ons praat sodat dit vir die mense duidelik kan word soos wie jy behandel word.

C.Soos noem 'n voorwerpsverband.

A. Na 'n selfstandige werkwoord of 'n naamwoordelike gesegde.

(a) (1) Die selfstandige werkwoord word nie ook as naamwoordelike gesegde gebruik nie.

Nee jong! Ek weet nie soos watter mense hulle vir gelyk het nie.

Jy moet besluit soos wie die kind lyk: die vader of die moeder.

(2) Die selfstandige werkwoord is ook bruikbaar as naamwoordelike gesegde, of andersom:

Hier is negal mense wat nie oortuig is soos wie jy praat nie. X Hy oortuig my.

(3) Die naamwoordelike gesegde word nie ook as selfstandige werkwoord gebruik nie.

Niemand is seker soos wat hy daar sal uitsien as daardie haarkapper met hom klaar is nie.

(b) Die tweede indeling geskied volgens die verband van die regeren's sinslid met 'n selfstandige of 'n naamwoordelike gesegde

(1) die soos-sinslid is afhanklik van 'n primêre verband.

Die lewe bly maar 'n raaisel want ek sal nooit weet soos watter ander groot man se toekoms myne ook sal eindig nie.

Ek het my hand na hom gereik en hy het dit raakgevat; soos wat kon ek my dit nie voorstel nie, maar daar was iets klawerig op my hand.

- (2) die soos-sinslid is afhanklik van 'n onderwerpsverband.

Dit is werklik twyfelagtig of ons sal kan bepaal soos wat hy hom in ons afwesigheid gedra het.

- (3) die soos-sinslid is afhanklik van 'n voorwerpsverband.

Niemand weet presies waarom hy gedurig beplan soos watter heerser hy die volgende keer weer oor sy broer sal te speel nie.

- (4) die soos-sinslid is afhanklik van 'n naamwoordelike gesegde

Die afspraak was dat hy moes vasstel soos wat hierdie bestanddeel op sonlig reageer.

- (5) die soos-sinslid is afhanklik van 'n byvoeglike bepaling.

Bring vir my die siener wat kan sê soos watter ander bekende Job ek oud en der dagen sat sal sterf.

- (6) die soos-sinslid is afhanklik van 'n bywoordelike verband.

- (a) van plek:

Ek sal jou lei tot waar ons almal droom soos watter engel ons voor die daeraand van ons eie liefdes wak.

- (b) van tyd:

Veg maar teen die lewe totdat niemand meer kan uitmaak soos wat jy in jou jeug daar uitgesien het nie.

- (c) van voorwaarde

Tensy jy op die verlate velde van jou jeug al klaar gehoor het soos watter afskeidslied jou allerlaaste woord sal klink, kan jy jou groen jare nog terugryp in jou stywe vingers.

- (d) van toegewing.

Al weet julle ook soos wat julle vandag sal moet speel om te wen, bly ons kanse tog nog gering.

- (e) van beperking

Ek weet op hierdie oomblik min behalwe dat ek bewus is daarvan soos wat vreet die kanker my in my magteloosheid.

- (f) van verhouding:

Hoe meer hy wil weet soos watter ander dier die muis hom soms gedra, hoe meer ontwyk ek sy vraag omdat ek nie weet nie.

- (g) van graad:

Konsentreer so op jou drome dat jy kan beskryf soos wat laat hulle jou oor die velde van die nag rondhardloop.

(h) van doel, rede, oorsaak, gevolg.

'n Moeiliker taak kon op daardie oomblik nie op my skouers gerus het nie omdat ek haar moes vertel soos wat ek haar sien: 'n paal, 'n lewelose voorwerp.

Verpak die blomme mooi en gee vir my 'n kaartjie sodat ek kan sê soos wat gloei my liefde vir haar dag en nag.

Jy het al so rond en bont syfers gemaak sodat ek ... nie meer weet soos wat werk jy hierdie somme uit nie, maar soos 'n rekenmasjien gaan dit seker nie.

(i) van vergelyking.

Wees geduldig en onthou maar nes ek soos watter ou hulpelose kreatuurtjie jy destyds die eerste treetjies afgestap het.

B. Soos noem 'n voorwerpsverband na die infinitief van 'n om te -kontruksie in die volgende verband:

(1) die verband is die van 'n voorwerp.

Ons het almal besluit om eers te sien soos wie die kindjie lyk.

(2) die verband is die van 'n onderwerp:

Dit is natuurlik maar 'n waagstuk om te kies soos wat ons die lange dae wil slyt; soos 'n geestelike gebrokene of 'n fisies ongeskondene

(3) die verband is die van 'n byvoeglike bepaling.

Ek het die opdrag gekry om uit te vind soos wat behandel hulle jou.

(4) die verband is die van 'n maarwoordelike gesegde.

Ons plan is nie om te erken soos wat ons die diere behandel nie want dan moet ons toegee dat ons onmenslik is.

(5) die verband is die van tyd.

Jy sal nog tyd genoeg hê om te kan vra soos wat het dit begin: 'n plant, 'n mens, 'n stuk sonlig en soos wat sal dit eindig hierdie dinge wat ons so as vanselfsprekend beskou.

(6) die verband is die van rede, doel.

Hy het my stip in die oë gekyk maar ek het nie gewag om te sien soos wat nie, want daar was van sy kant af af en toe die wrede blik van 'n dier wat die gevaar van die situasie terdeë besef. Ek was nogal verras om te kon uitvind, soos wat die vyand agter die linies doenig was om te kan aanval

(7) die verband is die van graad.

Jy is oud genoeg om te weet soos wat jy jou moet gedra voor die dominee.

HOOFSTUK 11.Die Taaltegniese Woord Of.Afdeling A.Of noem 'n Toegewing:

Of hulle nou probeer om my pogings te verydel, ek laat my nie daardeur afskrik nie.

Of ek hom nou 'n honderd pond betaal, hy sal my tog nie die geheim vertel nie.

Die taaltegniese woord al is hier blykbaar dominanter solank daar nog nie twee sekondêre sinslede gebruik word nie (al betaal ek hom nou ook 'n honderd pond, hy sal my tog nie die geheim vertel nie), d.w.s. solank daar nog nie 'n alternatiewe veronderstelling(toegewing) gemaak word waarby die korrelatiewe verbindingsgroepe of... (en) of(-te) funksioneer nie. As ons hierdie groepe uitnekaar haal na die dominante gebruik, dan onderskei ons: (1) of... en of (Of hy nou belangstel en of hy nie belangstel nie, ek gaan hom die waarheid vertel), (2) of...of (Of hy nou belangstel of nie belangstel nie, ek gaan hom die waarheid vertel), (3) of (Belangstel of nie belangstel nie, ek gaan hom die waarheid vertel), (4) of...of(-te) (Of hy nou belangstel of(-te) nie, ek gaan hom die waarheid vertel), (5) of(-te) (Belangstel of(-te) nie, ek gaan hom die waarheid vertel) en watter dominant is, hang saam met die feit of en hoe die saak in die eerste of die tweede sekondêre sinslid of in albei sinslede saangetrokke is 1*), en ook met die wyse waarop die alternatiewe saak in sy bepaalde konteksuele verband gerealiseer (genoem) word. En die alternatiewe veronderstellinge word, om dit voorlopig saam te vat, soos volg gerealiseer: die tweede sekondêre sinslid bevat 'n moment wat 'n teenstellend of nie-teenstellend alternatiewe saak noem, (of die betekeniskompleks noem die nie-teenstellende alternatief)

van 'n /
1*) Met saan-trekking word nie bedoel dat die konteksuele verbande saangetrek word nie (dis onmoontlik), nog minder die woorde (dis netso onmoontlik want die woord is slegs maar teken. {Vir Overdiep (Stil. Gramm., para 365) is dit wel die woorde). Nog minder is dit die betekenis van die woorde, maar wat saangetrek word, is die saak wat deur die betekenis genoem word. Saan-trekking geskied dan ten opsigte van dieselfde saak wat in twee sinslede dieselfde konteksuele ver-

van 'n saak (of van die saakkompleks) van die eerste sekondêre sinslid. Hierdie alternatiewe saak dan (deur die moment genoem) kan deur die taalgebruiker op één manier as 'n nie-teenstellende alternatief gerealiseer word, nl. op 'n positiewe wyse, bv. hael X reën, en in hooftrekke op twee maniere as 'n teenstellende alternatief:

(i) ook op 'n positiewe wyse, bv. vals X waar

(ii) deur die saak van die eerste te herhaal, maar dan op 'n wyse waardeur die teenstellend alternatiewe saak deur middel van 'n ontkenning (negatief) gerealiseer en genoem word, bv. vals X nie vals nie,

en wat (ii) betref, moet ons weer twee wyses van realisering onderskei omdat die semantiek van die een, soos hieronder uiteengesit sal word, nie deurgans dieselfde invloed het op die sintaksis as die van die ander nie. Die verdere twee wyses is dan:

(i) deur 'n semanties onafhanklike woord, bv. vals X nie val's
nie

en (ii) deur 'n semanties afhanklike woord-moment, bv. waar X
on-waar, vals X on-vals.

Hierdie laaste een volg deurgans die beginsel wat gevind sal word vir die positiewe realisering van die teenstellende alternatief bv. vals X waar.

Vervolgens kan ons dan die volgende indeling maak van die gebruik van die dominante vorm van die korrelatiewe verbindingsgroepe:

(I) Die eerste en die tweede sekondêre sinslid is elk 'n nie-samegetrokke saakkompleks of dit is elk 'n samegetrokke sover as wat moontlik is en nog moontlik is solank die onderwerp-saak van elke sinslid nog nie samegetrokke is nie 2*) en veral dan word en is dus die (teenstellend) alternatiewe saak 3*) in sy bepaalde konteksuele verband nie samegetrokke nie.

Dan/

2*) Bv. die Vf. van die eerste kan saamtrek as dit 'n koppelwerkwoord is (vgl. die eerste voorbeeld) maar nie as dit 'n selfst. ww. is nie (vgl. die tweede voorbeeld), maar wel weer wanneer dit (die selfstandige werkwoord) die infinitief of deelwoord is (vgl. die derde voorbeeld)
3*) Ons gaan uit van die enkelvoudige saak om die analise te vergemaklik, maar later word ook daaronder gesag hoe samegetel "saak" kan wees

Dan fungeer dominant die korrelatiewe paar of...en of:

(a) Die teenstellend alternatiewe saak word deur middel van 'n ontkenning genoem (semanties onafhanklike woord).

Of hy nou siek (is) en of ^{hy}(nou) nie siek is nie, hy sal moet kom.

Of ek nou druipe en of ek(nou) nie druipe nie, ek gaan boer.

Of ek nou sal en of ek (nou) nie sal druipe nie, ek gaan boer.

(b) Die teenstellend alternatiewe saak word positief genoem.

Of die bewering nou vals(is) en of dit waar is, hy sal aan die pen ry.

Of hy nou staan en of hy (nou) sit, hy word nooit moeg nie.

Of hy nou siek (is) en of hy (nou) gesond is, die weer tas hom altyd aan.

'n Voorbeeld van 'n teenstelling wat deur 'n semanties afhanklike woord-moment genoem word:

Of die bewering nou waar en of dit (nou) on-waar is..

(c) Die alternatiewe saak (of saakkompleks) is nie 'n teenstelling nie en word dus alleen positief genoem.

Of dit nou reën en of dit (nou) hael, ek gaan vandag dorp-toe.

Of daar nou siekte (is) en of daar (nou) armoede in die huis is, die dominee doen gereeld sy besoekie.

(2) Die eerste sekonderê sinslid is 'n nie-samegetrokke saakkompleks of wel 'n samegetrokke sover as wat dit moontlik is en nog moontlik is solank die onderwerp-saak daarvan nog nie samegetrokke is nie. Die tweede sekondêre sinslid se saakkompleks is daarenteen soos volg samegetrokke:

(i) Die nie-samegetrokke onderwerpsaak van die eerste is in die tweede samegetrokke.

(ii) Maar die alternatiewe saak in sy konteksuele verband is nog nie samegetrokke nie.

(iii) Die res van die sake van die eerste kan in die tweede sinslid maar hoef nie daarin samegetrokke te wees nie.

Dan fungeer dominant die korrelatiewe paar of...of

(a) Die teenstellend alternatiewe saak word deur middel van 'n ontkenning genoem (semanties onafhanklik woord):

Of hy nou siek is of(nou) nie siek (is) nie, die

(b) Die teenstellend alternatiewe saak word positief genoem:

Of die saak nou goed afloop of sleg, jy sal moet opdok.

Of die pad nou reguit (is) of krom is, jy moet dit korter maak.

Of Jan nou lank is, of kort (is), hy moet in die voorste ry druk.

'n Voorbeeld van 'n teenstelling wat deur 'n semanties afhanklike woordmoment genoem word:

Of die voorregte nou gaan gebruik of misbruik word, die kinders moet los van ons af staan in die toekoms.

(c) Die alternatiewe saak is nie 'n teenstelling nie en word dus alleen positief genoem.

Of hy nou sieklik is of arm(is), die feit bly staan dat ons hom nie oor die hoof kan sien nie.

Of dit nou 'n kar of 'n perd is wat jy koop, die beginsels van die fout wat jy begaan, bly dieselfde.

(3) Die eerste en die tweede sekondere sinslid is 'n samegetrokke sover as wat dit moontlik is en nog moontlik is nadat albei onderwerpsake samegetrokke is, maar in die eerste sinslid is (nog) onsamegetrokke: die saak waarvan die alternatief gestel word en in die tweede saakkompleks:

(a) Die teenstellend alternatiewe saak wat deur middel van 'n ontkenning genoem word (semanties onafhanklike woord):

Siek of nie siek nie, jy sal die werk moet doen.

Druip of nie druipe nie, jy sal plaastoe kom.

Kan loop of nie kan loop nie, jy moet een-uur bo-op die berg wees.

Kan of nie kan nie, jy moet saam.

(b) Die teenstellend alternatiewe saak wat positief genoem word:

Siek of gesond, vandag is die dag vir handeling.

Druip of slaag, jy kom boer.

'n Voorbeeld van 'n teenstelling wat deur 'n semanties afhanklike woordmoment genoem word:

Jy sê my stellings is onsin, wel ek sê sin of onsin, my teorie bly juis//.

(c) Die alternatiewe saak wat nie 'n teenstelling is nie en dus alleen positief genoem word:

Doof of blind, hy sal vandag sy Moses teëkom
Berge of dale voor, hierdie kar sal daar kom.

Soos uit die voorbeelde gesien kan word, fungeer hier dan dominant die

(4) Die eerste saakkompleks is heeltemal 'n nie-samegetrokke saakkompleks, maar die tweede wel tot die uiterste toe sodat die alternatiewe saak slegs deur middel van die negatief (die semanties onafhanklike woord) nie genoem (ge-impliseer) word.

Dan fungeer dominant die korrelatiewe paar of...of(-te):

Of hy nou siek is of(-te) nie, ek gaan hom haal
Of jy wil of(-te) nie, jy moet. 4*)

(5) Die eerste en die tweede sekondêre sinslid is tot die uiterste toe 'n samegetrokke saakkompleks, behalwe, van die eerste, die saak waarvan die alternatief gestel moet word. In die tweede word nie een saak van die eerste sinslid uitgesproke genoem nie (alle ander sake is dus samegetrokke) en die teenstellend alternatiewe saak word slegs deur middel van die negatief (die semanties onafhanklike woord) nie genoem (geimpliseer): Dan fungeer dominant alleen die tweede lid van die verbindingsgroep en wel of(-te):

Siekte of(-te) nie, ek kom binne
 Kan of(-te) nie, ek sal tog probeer.

Die twee sekondêre sinslede vir 'n alternatiewe veronderstelling (toegewing) waarby die korrelatiewe verbindingsgroep (al)...of(-te) (al) funksioneer: (1) al....of al (Al kom jy nou of al bly jy weg ...), (2) al...of (Al kom jy nou of bly jy weg ...), (3) al...of(-te) (Al gaan jy nou of(-te) nie...), (4) of (Gaan of nie gaan nie ...), (5) of(-te) (Gaan of(-te) nie...) is te onderskei van die van die voegwoord of want met al het ons in die sekondêre sinslid inversie van die onderwerp en die Vf, maar by of nie. Hierbo is aangetoon hoedat van die alternatiewe toegewing met of die eerste of weggelaat word as die onderwerpsaak van daardie sinslid nog nie samegetrokke is nie, maar

met al/

4*) Boman Sprk., p.212 noem: Of jy wil of nie, jy sal dit moet doen, twee "voorwaardelike sinne" en V.d.Merwe, p.113 noem weer die geheel van die twee sekondêre sinslede in: Of jy wil, ofte nie (wil nie), jy moet (kurs. van hom) 'n "byw. bysin van toegewing". O.i. moet vir al die gevalle die twee onderskei word: Die eerste is 'n sek. sinslid van toegewing, die tweede 'n alternatiewe sek. sinslid van toegewing. So is daar ook aan die anderkant 'n tweede alternatiewe voorwerpsinslid en 'n tweede alternatiewe onderwerpsinslid: 'n mens weet nooit of Jan spot en of hy ernstig is nie; of jy eendag wil trou of nie wil trou nie

met al kan die eerste al dan wel weggelaat word en ons kry 'n toegewing in die vorm (na die model) van 'n vraagsin gerealiseer (Is hy siek of nie siek nie....). Op dieselfde wyse word naderhand vir die al..., toegewing alleen of tussen die twee sekondêre sinslede gebruik al is die onderwerpsaak weer nog nie in die tweede sekondêre sinslid samegetrokke nie (Is hy nou siek of is hy gesond....) terwyl vir die of-toegewing en of gebruik word solank die onderwerpsaak nog uitgesproke genoem word. Die analise van die samegetrokke gebruik van of kan dus nie ook vir al geld nie, maar die prinsipe vir die opspoor van die gebruik van die verskillende vorme bly dieselfde. Aan die uitgesproke inversie kan ons die verskil tussen 'n al- en 'n of-alternatiewe toegewing herken, maar op 'n bepaalde punt is beide onderwerp en Vf. samegetrokke en inversie nie meer te herken nie, bv. siek of nie siek nie Is dit nou uit: Of hy siek is en of hy nie siek is nie ... of uit: Al is hy siek of al is hy nie siek nie? Hier weer geld die analise van of ook weer vir al.

Tot dusver het ons 'n beskrywing gegee van die dominante gebruik van die verskillende vorme (die geordende wanskouelikheid) van die verbindingsgroep soos dit saamhang met die proses van sametrekking. Ons het nie te werk gegaan met taalfilosofiese begrippe wat a priori opgeset is om die feite mee te ontleed nie. Ons het beskryf en geklassifiseer wat ons waarneem (of wat waarneembaar gemaak kan word) en uit enige (goed) geanaliseerde feit volg al klaar 'n prinsiep en die leidinggewende prinsiep vir ons klassifikasie kom uit die korrelasie wat ons kon vind tussen die dominante vorm van die verbindingsgroep en die proses van sametrekking.

'n Ander vraag wat ons wil stel, kan op twee maniere gestel word, maar tussen die twee is daar 'n verskil in linguistiese prinsipe. Die twee wyses is:

- (i) is die gebruikte vorm van die verbindingsgroep die oorsaak van die sametrekingsproses (die effek), of
- (ii) is die gebruikte vorm van die verbindingsgroep die effek van die uit te voere sametrekingsproses (die oorsaak)

Ons reken dat hierdie wyses van stel van die vraag na die oorsaak van die verbindings-vorm volkome geregverdig is, want by bv. klank-assimilasie het ons ook, so het die fonetika ons geleer, twee verskynsels: 'n progressiewe en 'n regressiewe assimilasië. Ten minste dis 'n beskrywing van wat daar plaasvind, maar is dit ook die verklaring daarvoor? Volgens die fonetika dan kan die eerste die effek wees en die tweede die oorsaak, in ander gevalle weer die tweede die effek en die eerste die oorsaak. Maar hulle sien dit egter nie as eerste en as tweede, d.w.s. as 'n kontinuitiewe verloop nie, maar as gelyktydig bestaande omdat hulle hier van die skrif uitgaan. Ons gaan egter uit van 'n opeenvolging in die tyd want dis wat gebeur as ons spreek. Ouere psigologiese verklarings van die verskynsel van regressiewe assimilasië wat latere eksperimentele psigologie as onaanvaarbaar bewys, gaan ons hier egter nie aan nie.

Wat ons probleem betref, is daar dus opeenvolging in die tyd, want, om 'n voorbeeld te noem, die water loop omdat dit reent en dit reent nie omdat die water loop nie, m.a.w. die oorsaak kom nie ná die effek nie. So-iets is, skerp gestel, onsin. En in die sintaksis bepaal iedere voorafgaande die (sintaktiese) moontlikhede van die volgende. Die voegwoord omdat bepaal dat daarop kan volg 'n onderwerpsverband en nie 'n Vf. nie (...omdat hy loop) en om die rede sê ons dan dat omdat geen inversie veroorsaak nie. Daarom weer aan die anderkant bepaal dat daarop kan volg 'n Vf. en nie 'n onderwerpsverband nie (...daarom loop hy) en ons sê die voegwoord daarom veroorsaak wel inversie. Inversie of nie inversie nie is dus nie die oorsaak en die voegwoord daarvan die effek nie, maar dis net andersom.

Die voegwoord of projekteer altyd vooruit op 'n substantief in 'n onderwerpsverband en ons sê of veroorsaak geen inversie van S en Vf. nie. Maar nou het ons ook die verskynsel waargeneem dat die bepaalde vorm van die verbindingsgroep korrelasie vertoon met 'n bepaalde sametrekingsproses (wat ook na die bepaalde waarneembare of waarneembaar gemaakte vorm plaasvind) en ons sê op grond van

bepaalde vorm die oorsaak moet wees van die sametrekingsproses (die effek). Die moontlikheid dat die omgekeerde 'n voorwaarde kan wees, wil ons nie heeltemal ontken nie, maar 'n (moontlike) verklaring is dit seker nie. 'n Voorwaarde moet egter nie vir 'n verklaring aangesien word nie, en hier dink ons dan ook aan die verklaring wat fonetici wil gee van regressiewe assimilasie waar dan die effek vóór die oorsaak kom. Verklaring is die aanwysing van die oorsaak van 'n verskynsel en oorsaak is alles wat op die bestaan van iets positief invloed het en positiewe invloed is invloed deur sy bestaan as sodanig.

Dus: (i) of projekteer vooruit op 'n bepaalde sinslidformule (S.+ Vf.+ R) as sodanig, en

(ii) die bepaalde vorm van die verbindingsgroep projekteer vooruit op 'n bepaalde samgetrokke sinslidformule, op 'n bepaalde toelaatbare sametrekingsproses.

Die verder vraag is dan nou of 'n bepaalde vorm van die verbindingsgroep 'n beperking stel op die konteksuele verband van die (teenstellende) alternatief wat ook in die tyd na die tweede lid van die verbindingsgroep verskyn. Ons vind dan die volgende dominante gebruiksreëls:

A. Die vorm of...en of wat dominant is as die onderwerpsake van die eerste en die tweede of-sinslid nog nie samegetrokke is nie bied die moontlikheid:

1. dat die (teenstellend) alternatiewe saak die uitgesproke onderwerp van die tweede of-sinslid kan wees:

Of Jan nou kom en of sy broer nou kom, die vergadering sal nie plaasvind nie.
Of wit nou die kleur gaan wees en of swart dit gaan wees, ek wil die dak nie geverf hê nie.

2. dat die (teenstellend) alternatiewe saak 'n uitgesproke voorwerp in die tweede of-sinslid kan wees:

Of hy my aanry, en of hy jou aanry, sy straf sal dieselfde wees.
Of die kar nou baie petrol gebruik en of dit baie olie gebruik, Piet wil altyd net ry.

3. dat die (teenstellend) alternatiewe saak die uitgesproke gesegde

(i) die selfstandige werkwoord as Vf.

Of hy nou loop en of hy ry, ek sal hom seker op die pad teëkom.

(ii) die selfstandige werkwoord as V. (deelwoord of infinitief).

Of hy nou wil slaap en of hy wil speel, ek gaan hom nie soebat nie.

(iii) die hulpwerkwoord as Vf.

Of hy nou kan en of hy nie kan kom nie, hy sal moet hier wees.

Of die vent nou wil en of hy moet meedoen, niemand sal hom eers mis nie.

(iv) die koppelwerkwoord as Vf. (met of sonder die onderskeiding: bevind)

Of jy daar was en of jy nog daar is, die polisie sal nie eers na jou verklaring luister nie.

Of hy al 'n predikant is en of hy nog een word, sal die tyd ons leer.

(v) die naamwoordelike gesegde (die koppelwerkwoord is met of sonder die onderskeiding: bevind). Ons noem 'n paar:(a) 'n selfstandige naamwoord:

Of jy nou 'n man is en of jy 'n vrou is, jy sal moet veg.

Of 'n mens nou 'n koning is en of jy nie 'n koning is nie, die wêreld kyk soms op jou neer.

(b) 'n byvoeglike naamwoord:

Of sy nou mooi en of sy nou lelik is, ek sal vriendelik wees.

(c) 'n bywoord:

Of die week nou om is en of dit nie om is nie, by hom is dit altyd Saterdag.

4. dat die (teenstellend) alternatiewe saak 'n uitgesproke byvoeglike bepaling is (attributief):

Of hy nou 'n gawe en of hy nou 'n lui vent is, ek hou van hom.

Of ons nou 'n bruin en of ons nou 'n swart perd gaan kry, 'n perd sal ons kry.

5. dat die (teenstellend) alternatiewe saak 'n uitgesproke bywoorde-like bepaling is by 'n selfstandige werkwoord (of 'n naamwoordelike gesegde):

Of die esel nou baie en of hy nie baie vinnig is nie, jy moet daarmee dorptoe.

Of jy die hek nou groen en of jy dit rooi gaan verf, geverf wil ek dit hê.

stel dat geen van die sake in die eerste en die tweede of-sinslid samegetrokke hoef te wees nie, bied dit ook die moontlikheid dat nie slegs een saak in een konteksuele verband die (teenstellende) alternatief hoef te wees nie, maar 'n kombinasie van die voorafgaande vyf moontlikhede sover die sintaksis so 'n konteksuele kombinasie natuurlik moontlik maak. Hiervan slegs enkele voorbeelde ter illustrasie:

Of jy nou teen die heuwel af gaan gly en of ek nou teen die stroom op gaan swem, die wêreld is nie gefinteresseerd in ons pogings nie.
Of jy nou 'n Fles bier moet gaan uitdrink en of jou broer 'n jongperd moet gaan leer, vanaand om agtuur moet julle by my wees.

Behalwe vir die feit dat die bepaalde dominante vorm of ... en of die moontlikheid supprimeer om die onderwerpsake van albei of-sinslede saam te trek, supprimeer dit ook die moontlikheid om enige ander saak in die tweede of-sinslid in sy konteksuele verband saam te trek waar daardie saak die (teenstellende) alternatief moet stel. En dit bring ons by die ander dominante vorme waar die beperking duidelik te sien is.

B. Die dominante vorm of...of bepaal die verskynsel dat in die tweede of-sinslid o.a. die onderwerpsaak samegetrokke moet wees en indien nie dan kom ons by die voorafgaande vorm of...en of uit. Dis nou vanselfsprekend dat waar die tweede onderwerpsaak nou samegetrokke moet wees daar kan van die eerste ook geen (teenstellende) alternatief gestel word nie, want, en dis noual bekend, 'n (teenstellende) alternatiewe saak moet uitgesproke 5*) wees, en so 'n saak kan nie terselfdertyd uitgesproke (om die alternatief te stel) en terselfdertyd saamgetrokke (terwille van die vorm of...of) wees nie. Dus, die dominante vorm of...of supprimeer die moontlikheid dat 'n (teenstellend) alternatiewe saak in die tweede of-sinslid die konteksuele verband van 'n onderwerp kan hê. Wel is moontlik:

1. dat die(teenstellende) alternatief 'n uitgesproke voorwerp in die tweede of-sinslid kan wees:

Of jy nou 'n kar of 'n perd sien, 'n ryding wil

Of iemand nou 'n present aan my of aan my vrou gee, iets kry ons darem altyd.

2. dat die (teenstellende) alternatief die uitgesproke gesegde (ook naamwoordelike gesegde) van die tweede of-sinslid kan wees, nl.

(i) die selfstandige werkwoord as Vf.

Of dit nou vandag sneeu of hael, ek gaan dorptoe.
Of jy die plaas wil koop of nie wil koop nie, ek loop nou.

Of hy nou sit of slaap, hy bly ewe passief.

(ii) die selfstandige werkwoord as V (deelwoord of 'n infinitief).

Of iemand nou sal praat of sal stilbly, ek gaan doen wat ek wil.

Of die kind nou moet slaap of wakker bly, ons gaan stadtoe.

(iii) die hulpwerkwoord as Vf.

Of jy nou kan of nie kan nie, jy moet.

Of die perd nou kan nie of nie kan loop nie hy moet die vrag dra.

(iv) die koppelwerkwoord as Vf. (met of sonder die onderskeiding:

bevind)

Of jy daar was of nog daar is, jy moet nou verslag doen.

Of jy nog 'n dokter word of al een is, jy sal nooit sukses behaal nie.

(v) die naamwoordelike gesegde (die koppelwerkwoord is met of sonder die onderskeiding: bevind). Ons noem 'n paar:

(a) 'n selfstandige naamwoord:

Of jou vader nou 'n posbode is of 'n skaapwagter, niks verhinder jou om te presteer nie.

Of iemand nou 'n esel is of nie een is nie, 'n mens moet maar altyd vriendelik wees.

(b) 'n byvoeglike naamwoord:

Of jy nou teleurgestel of tevrede is, die saak lyk vir my nie so sleg nie.

Of die seun nou vlytig is of nie vlytig is nie, ek hou van hom.

(c) 'n bywoord:

Of die dag al verby is of nog nie verby is nie, hy gaan altyd om elfuur huistoe.

3. dat die (teenstellende) alternatief 'n uitgesproke byvoeglike bepaling is (attributief):

Of hy nou 'n groen of 'n blou kar gekoop het, ek gee nie om nie.

gesegde):

Of hy nou baie of nie baie teleurgesteld sal wees
nie, ek gaan die perd verkoop.

Of jy die maal nou regop of skeef inplant, die
mense sal tog die ding teen die grond loop.

Die vorm of...of bied ook binne die beperkinge van die
sametrekingsproses waarvoor die dominante vorm verantwoordelik is en
afhanklik van die sintaktiese gebruiksreëls in die taal die moontlik-
heid van meer as een alternatiewe saak en ook meer as een konteksuele
verband terselfdertyd. Hiervan slegs 'n ongeklassifiseerde voorbeeld:

Of sy besigheid nou agteruitgaan, of verbeter en
later floreer, ou Jan bly altyd vrolik.

C. Die dominante vorm, nl. die enkele of, van die tweede lid van
die verbindingsgroep hang saam (soos reeds aangetoon is) met o.a.
'n samegetrokke eerste en tweede onderwerpsaak. Hier vind ons dan
die tweeledige verskynsel dat die sametrekking van die eerste lid van
die verbindingsgroep bepaal wat verder in die eerste of-sinslid saam-
getrek moet word en dat die saamgetrokke-wees van die eerste lid
plus die nie-saamgetrokke-wees van die tweede lid van die verbindings-
groep, die enkel of, bepaal wat verder in die tweede of-sinslid
saamgetrokke moet wees. Die (teenstellend) alternatiewe saak in die
tweede of-sinslid kan dan nou om twee redes geen onderwerpsverband
hê nie: (i) omdat van 'n saamgetrokke saak in die eerste of-sinslid
geen (teenstellend) alternatiewe saak in die tweede gestel kan word
nie en (ii) omdat 'n saak wat in die tweede saamgetrokke moet wees
soos deur die vorm van die verbindingsgroep bepaal word nie terself-
dertyd saamgetrokke en terselfdertyd uitgesproke kan wees nie. Hier
is dus ook 'n beperking op die verskynsel dat die (teenstellend)
alternatiewe saak in die tweede sinslid konteksueel 'n onderwerp kan
wees. Wel is moontlik 6*):

1. dat die (teenstellend) alternatiewe saak 'n uitgesproke voorwerp
in die tweede of-sinslid kan wees:

Leeu of nie leeu nie, ek is vir niks bang nie (of
jy nou 'n leeu gesien het en of jy nou nie 'n leeu
gesien het nie,....)

Smaak of voetbal, vandag speel jy hokkie (of jy nou
smaak speel en of jy nou voetbal speel,....)

2. dat die (teenstellend) alternatiewe saak 'n uitgesproke gesegde (ook naamwoordelike gesegde) van die tweede of-sinslid kan wees nl.

(i) die selfstandige werkwoord as Vf.

Sit of staan, ek word altyd moeg (of ek nou sit en of ek nou staan...).

Promoveer of nie promoveer nie, vir my bly jy nog 'n student. (of jy nou vandag promoveer en of jy nou nie promoveer nie,...)

(ii) die selfstandige werkwoord as V. (deelwoord of infinitief)

Geslaan of nie geslaan nie, jy sal skool toe gaan (of die onderwyser jou nou geslaan het en of hy jou nie geslaan het nie,...)

Verloor of wen, ons speel weer (of ons sal verloor en of ons sal wen,....)

(iii) die hulpwerkwoord as Vf.

Kan of nie kan nie, ek probeer (of ek nou kan speel en of ek nou nie kan speel nie,...)

Wil of nie wil nie, jy moet (of jy nou iets wil doen en of jy dit nie wil doen nie,...)

(iv) die koppelwerkwoord as Vf. (met of sonder die onderskeiding: bevind)

Een is of was, ek glo j nou tog nie (of jy nou 'n speurder is en of jy nou een was,...)

(v) die naamwoordelike gesegde (die koppelwerkwoord is met of sonder die onderskeiding: bevind). Ons noem 'n paar:

(a) 'n selfstandige naamwoord:

Man of vrou, die werk lê vir jou en wag. (of jy nou 'n man is en of jy nou 'n vrou is,...)

Geleerde of nie geleerde nie, jy moet jou aan die reëls onderwerp (of jy nou 'n geleerde is en of jy nou nie geleerde is nie,...)

(b) 'n byvoeglike naamwoord:

Jammerhartig of nie jammerhartig nie, ek vertrou hom nie (of hy nou jammerhartig is en of hy nou nie jammerhartig is nie,...)

Ryk of arm, almal verdien aanmoediging. (of iemand nou ryk is en of hy nou arm is,...)

(c) 'n bywoord:

Op of onder, die dag is vir hom ewe lank (of die son nou op is en of dit nou onder is, ...)

Vroeg of laat, jy is altyd welkom (of dit nou vroeg is en of dit nou laat is,...)

3. dat die (teenstellend) alternatiewe saak 'n uitgesproke byvoeglike bepaling is (attributief).

'n Goeie of slegte geweer, jy sal nie een van my bokke skiet nie (of jy nou 'n goeie en of jy nou 'n slegte geweer het)

4. dat die (teenstellend) alternatiewe saak 'n uitgesproke bywoorde-
like bepaling is by 'n selfstandige werkwoord of 'n naamwoordelike
gesegde:

Laag of hoog, die geweer bly sleg (of die geweer
nou laag skiet en of dit nou hoog skiet,...)
Hoogs of nie hoogs tevrede nie, ek kan niks meer vir
hom doen nie (of hy nou hoogs tevrede is en of hy nou
nie hoogs tevrede is nie,)

Kombinasie van (teenstellend) alternatiewe sake vind ons hier
ook weer. Die volgende is ongeklassifiseer:

'n Groen kraag of swart sakke, maar 'n jas wil ek
hê (of dit nou 'n groen kraag het en of dit nou
swart sakke het, ...)
Teen die mure as 'n meesterstuk, of op die grond as
'n persiese tapyt, maar daardie ding wil ek nie in
my huis hê nie. (of ons dit nou kan gebruik as 'n
meesterstuk teen die mure en of ons dit nou kan
gebruik as 'n persiese tapyt op die grond, ...)

D. Omdat vir die dominante vorm of...of(-te) die hele eerste
of-sinslid nie saamgetrokke hoof te wees nie, daarom is dit moontlik
om van enige uitgesproke saak daarin 'n(teenstellende) alternatief te
stel. So vind ons die moontlikhede:

1. dat die (teenstellend) alternatiewe saak die geïmpliseerde onder-
werp van die tweede of-sinslid kan wees:

Of jou broer nou weggeloopt het of(-te) nie, ek gaan
nie op 'n soektog nie. (of dit nou jou broer is wat
weggeloopt het en of dit nou nie jou broer is nie...)
7*)

2. dat die (teenstellend) alternatiewe saak 'n geïmpliseerde voorwerp
in die tweede of-sinslid kan wees:

Of jy nou 'n kat slaan of(-te) nie, die geweld bly
dieselfde.
Of julle nou 'n dier bystaan of(-te) nie, 'n goeie
daad moet verrig word.

3. dat die(teenstellend) alternatiewe saak die geïmpliseerde gesegde
(ook naamwoordelike gesegde) van die tweede of-sinslid kan wees, nl.

(i) die selfstandige werkwoord as Vf.

Of almal nou kom of(-te) nie, die spel gaan voort.
Of pryse sal styg of(-te) nie, ek gaan vandag my
plaas verkoop.

(ii) die selfstandige werkwoord as V. (deelwoord of infinitief)

Of sake nou sal verander of(-te) nie, ek trek kop
uit.
Of die vyand nou gaan skiet of(-te) nie, ek bly
... ..

(iii) die hulpwerkwoord as Vf.

Of jy nou wil of(-te) nie, by hom is daar geen genade nie.

Of 'n mens nou kan werk of(-te) nie, die gemeenskap veroordeel altyd verkeerd.

(iv) die koppelwerkwoord as Vf. (met of sonder die onderskeiding: bevind)

Of jy nou al 'n onderwyser is of(-te) nie, of nog een word, die saak bly dieselfde.

(v) die naamwoordelike gesegde (die koppelwerkwoord is met of sonder die onderskeiding: bevind). Ons noem 'n paar:(a) 'n selfstandige naamwoord:

Of dit nou jou broer is wat daar loop of(-te) nie, gaan roep daardie man.

Of dit nou 'n vriend is of(-te) nie, sake bly dieselfde.

(b) 'n byvoeglike naamwoord.

Of 'n man nou swak is of(-te) nie, die lewe slaan soms hard.

Of hy nou teleurgesteld is of(-te) nie, Piet gaan sy gang.

(c) 'n bywoord.

Of die deur nou toe is of(-te) nie, ek wil na buite.

Of ek vroeg is of(-te) nie, ek wil begin werk.

4. dat die (teenstellend) alternatiewe saak 'n geïmpliseerde byvoeglike bepaling is (attributief):

Of jy nou 'n lang broek aan het of(-te) nie, jy bly vir my maar 'n kind.

Of die kar nou al begin om blou rook uit te blaas of(-te) nie, hy bly nog maar veilig.

5. dat die (teenstellend) alternatiewe saak 'n geïmpliseerde bywoordelike bepaling is by 'n selfstandige werkwoord of 'n naamwoordelike gesegde:

Of jy nou raak skiet of(-te) nie, jy kan my geweer maar leen.

Of jy my handeling nou goed praat of(-te) nie, ek steur my tog nie aan jou nie.

Die teenstellend alternatiewe saak kan ook 'n saakkompleks wees as 'n hele negatiewe sinslid die alternatief is, maar dis moeilik om dit te onderskei van die enkel teenstellend alternatiewe saak omdat die plek van die ontkenningwoord bepaal of die hele sin of sinslid

van die ontkenningmoment saamgetrokke is, is dit dus nie met presiesheid vas te stel waar die ontkenning in die uitgesproke sinslid geplaas sou gewees het nie.

E. Die vorm of(-te) bied die moontlikheid:

1. dat die (teenstellend) alternatiewe saak die geïmpliseerde onderwerp van die tweede of-sinslid kan wees:

Esels of(-te) nie, ons begin vandag ploë (of die esels nou gekom het en of hulle nie gekom het nie,..)

2. dat die (teenstellend) alternatiewe saak 'n geïmpliseerde voorwerp kan wees:

Geld of(-te) nie, vandag koop ek 'n kar (of ek nou geld het en of ek nou nie geld het nie,...)

3. dat die (teenstellend) alternatiewe saak die geïmpliseerde gesegde (ook naamwoordelike gesegde) van die tweede of-sinslid kan wees, nl.

- (i) die selfstandige werkwoord as Vf.

Kom of(-te) nie, ons gaan nou begin (of jou mense nou kom en of hulle nou nie kom nie,...)

- (ii) die selfstandige werkwoord as V. (deelwoord of infinitief)

Loop of(-te) nie, ek gaan nou (of julle nou loop en of julle nou nie loop nie,...)

- (iii) die hulpwerkwoord as Vf.

Wil of(-te) nie, jy moet (of jy nou wil en of jy nou nie wil werk nie, ...)

- (iv) die koppelwerkwoord as Vf. (met of sonder die onderskeiding: bevind)

Word of(-te) nie, jy bly vir my ewe onnosel (of jy nou intelligent word en of jy dit nou nie word nie..)

- (v) die naamwoordelike gesegde (die koppelwerkwoord is met of sonder die onderskeiding: bevind). Ons noem 'n paar:

- (a) 'n selfstandige naamwoord

Vriende of(-te) nie, van vandag af krap elkeen sy eie potjie (of ons nou vriende is en of ons dit nou nie is nie,...)

- (b) 'n byvoeglike naamwoord

Lelik of(-te) nie, hy wil met haar trou (of sy nou lelik is en of sy nou nie lelik is nie, ...)

- (c) 'n bywoord

Agter of(-te) nie, jy moet nou klaarmaak (of jy nou

4. dat die (teenstellend) alternatiewe saak 'n geïmpliseerde byvoeglike bepaling is (attributief):

Groot of(-te) nie, ons volg ons eie kop (of hulle nou wil hê dat ons slegs groot kerels moet kies en of hulle wil hê dat ons nie net groot kerels kies nie, ...)

5. dat die (teenstellend) alternatiewe saak 'n geïmpliseerde bywoordelike bepaling is by 'n selfstandige werkwoord of 'n naamwoordelike gesegde:

Reguit of(-te) nie, jy kan maar maak soos jy wil. (of jy nou 'n voor reguit kan trek en of jy nou 'n voor nie reguit kan trek nie, ...) Volkome of(-te) nie, ek kan niks meer verduidelik nie (of hy nou volkome oortuig is en of hy nou nie volkome oortuig is nie, ...)

Ons totale taalmateriaal van toegewing wil ons nog klassifiseer volgens die volgende indelingsprinsipes: of (of die vorme daarvan) noem 'n toegewing na 'n selfstandige werkwoord of 'n naamwoordelike gesegde:

(i) die selfstandige werkwoord word nie ook as naamwoordelike gesegde gebruik nie:

Ek sal hom nog raakloop of hy my nou probeer ontduik of(-te) nie. Sy werk is gedoen of dit nou 'n sukses is en of dit nie 'n sukses is nie.

(ii) die selfstandige werkwoord is ook bruikbaar as 'n naamwoordelike gesegde of anderson:

Of hy nou kom of nie kom nie, ek is oortuig van sy bekwaamheid X Ek oortuig my. Of hy nou verskoning kon vra of(-te) nie, ek skaan my nogtans oor sy gedrag X Ek is skaan.

(iii) die naamwoordelike gesegde is nie ook bruikbaar as selfstandige werkwoord nie. Die koppelwerkwoord kan maar hoof nie die onderskeiding: bevind te hê nie:

Of die wêreld nou vergaan en of dit alleen maar gaan stil staan, ek bly maar pessimisties oor die toekomst. Of sy vriende nou trots is op hom of(-te) nie, hy is altyd boos.

AFDELING B.Of noem 'n Onderwerpsverband.(a) By 'n koppelwerkwoord(i) (Dit +) koppelwerkwoord + of.

Dit blyk nooit of hy ons goed begryp nie
 Dit skyn weereens of dit gaan opklaar
 Aanvanklik het dit wragties gelyk of die taktiek
 geslaag het.

(ii) (Dit +) koppelwerkwoord + byvoeglike naamwoord
(deelwoord) + of.

Dit is onseker of almal in die eksamen sal slaag .
Of hy werklik die misdadiger is, is nog onbekend.
 Dit was vervlaks of ek aan die slaap kon raak.

(iii) (Dit +) koppelwerkwoord + substantief + of.

Dit bly maar 'n vraag of hierdie weg moet ingeslaan
 word.
 Dit is 'n twyfel of dit werklik gebeur het.
Of die skrywer dit so bedoel het, is 'n ander saak.

(iv) (Dit+) koppelwerkwoord + voorsetselbepaling +
of.(vgl. v en vi)

Dit is buite sekerheid of hy dit sal doen.
 Dit is nog onder bespreking of hy moet ontsaan word.

(v) (Dit +) koppelwerkwoord + infinitief + of
(vgl. iv en vi).

Dit is te betwyfel of hy ooit sal opdaag
 Dit is nie uit te vind of hy daar was nie.

Opm. Hier het ons die passief en omskrywing van die potensialis.

(vi) (Dit +) koppelwerkwoord + voorsetsel +
infinitief + of (vgl. iv en v).

Dit is nog aan ontwikkel of ons vandag of more
 sal moet vertrek.

Opm. Hier kry ons weer die aktief en die duratief.

(b) By 'n modale hulpwerkwoord + koppelwerkwoord(i) (Dit +) modale hulpwerkwoord + byvoeglike
naamwoord (deelwoord) + of.

Dit skyn nie bekend te wees of hier vanaand 'n
 spreker gaan wees nie.
 Dit skyn twyfelagtig te wees of die vyand werklik
 die oorlog verklaar het.

(ii) (Dit +) modale hulpwerkwoord + substantief + of.

Dit skyn 'n twispunt te wees of diensplig ingevoer

(iii) (Dit +) modale hulpwerkwoord + voorsetselbe-
paling + of.

Dit skyn onder bespreking te wees of ons vandag moet vertrek.

(c) By 'n passiewe en allerlei gesegdes.

Daar is aan getwyfel of die geld werklik moet betaal word.

Daar is gewonder of hulle eindelik sal opdaag
Dit kan nie vasgestel word of so-iets werklik bestaan nie.

Dit het my nie geskeel of hy daar was of nie.

(d) 'n Besondere tipe onderwerpsinslid is die waar die sekondêre sinslid geen afhanklike vraag is nie en tog die woordorde van 'n primêre sinslid het. Soms het of hier die betekenis-onderskeiding anders, maar nog bly die hoofgedagte in die of-sinslid opgesluit. Vir 'n historiese verklaring van hierdie gebruik, word verwys na die tydskrif Taal en Letteren 11 8*). Kortliks kan die verskynsel minskien verklaar word uit die dubbele ontkenning wat daarin opgesluit is en wat wesenlik op 'n sterk bevestiging neerkom 9*)

Dit het min geskeel of ek was die afgrond af (of anders: die nie-af het min geskeel van die werklik af).

Dit het nie lank geduur nie of hy reageer op my wenke (= die nie-reageer het nie lank geduur nie).

(e) Die volgende basis van indeling van ons totale materiaal is volgens die aard van die rogerende sinslid, d.w.s. die sinslid waarvan die of-onderwerpsinslid direk afhanklik is. So vind ons:

1. Die of-sinslid is afhanklik van 'n primêre sinslid

Maar dit is nog nie duidelik of alles waar is nie. En nooit word gevra of ek bereid is om die werk te doen nie.

Ek is nie bang nie, maar dit het min geskeel of ek was nie meer vandag hier nie.

2. Die of-sinslid is afhanklik van 'n onderwerpsverband.

Daar is nooit gesê dat dit 'n ander saak is of hy wil of nie.

3. Die of-sinslid is afhanklik van 'n voorwerpsverband.

Niemand kon vermoed dat daar gesê sou word of alles in orde is nie.

Julle het nie geweet dat getwyfel is daaraan of julle geskik is nie.

4. Die of-sinslid is afhanklik van 'n naamwoordelike gesagde.

Die bedoeling was tog dat dit nie 'n uitgemaakte saak moes wees of die skrywer dit werklik so bedoel het nie.

5. Die of-sinslid is afhanklik van 'n byvoeglike verband

Onthou jy nog die bewering waarvan dit nie so duidelik was of die voorsitter sou aftree nie. Ons het lank gewag op die oomblik wanneer gesê sou word of die plan geslaag het of nie. Hier is die seun vir wie se vader gevra is of hy 'n bywoner is.

6. Die of-sinslid is afhanklik van 'n bywoordelike verband:(i) van plek:

My vriend gaan gewoonlik waar daar gevra word of 'n mens nog 'n drankie wil drink.

(ii) van doel, rede, oorsaak, gevolg.

Ek is kwaad, nie omdat dit nog onseker is of ek kan saamgaan nie, maar
Ons sal nou moet hard werk sodat dit nie betwyfel kan word of ons geskik is of nie.
Hy flikflooi sodat daar altyd gevra moet word of hy iets wil hê.
Die vent is uit sy werk geskop deurdadig daar getwyfel is of hy lank genoeg vertrou sou kon word.

(iii) van tyd:

Ons wag maar totdat dit seker is of ons binnegehoor sal word.
Baie mense hoop altyd totdat dit uit die aard van saak blyk of daar sukses sal wees.

(iv) van voorwaarde:

Ons sal moet huistoe gaan mits dit nog nie 'n uitgemaakte saak is of ons mag bly nie.
Ons moet ons gereed hou ingeval dit nie vasgestel kan word of alles waar is nie.

(v) van toegewing:

Niemand sal so-iets wag nie al word daar ook gevra of hy dit nie wil aandurf nie.
Die wêreld het hom sleg gedra ofskoon al om sy ontwil geprobeer is of al die mense nie sal kan saamwerk nie.

(vi) van beperking.

Ons sal gou moet spring behalwe as daar nie gewonder word of ons al weg is nie

(vii) van verhouding.

Ons word maar almal ongeduldiger na mate daar meer en meer verneem word of jy werklik soveel geld in die bank het.

'n Mens word al hoe ongeduldiger al na gelang dit

(viii) van graad.

Die ou mannetjie is so swak dat daar nie eens gevra is of hy ook die gewig wil optel nie.
Die vent was so groot dat daar nie eens getwyfel was of hy die dak sou kon raak nie.

(ix) van vergelyking:

Hy slaan 'n houding aan net asof daar nie gevra is of hy ook wil help nie.

(f) Die volgende basis van indeling van die taalmateriaal is na die dominante vorm van die voegwoord: (1) of...en of (2) of...of (3) of, (4) of...of(te) (5) of(-te) vir 'n alternatiewe onderwerpsinslid. Die gebruiksreëls daarvoor het ons reeds by die alternatiewe toegewing kon vind en daarom word nou verder alleen maar volgens daardie gebruiksreëls geklassifiseer: Hier moet daarop gelet word dat al die forme wat vir 'n toegewing gebruik word, nie ook vir die onderwerpsverband gebruik word nie (10*). Die gebruiksreëls vir die forme bly egter dieselfde.

1. Die dominante vorm of...en of (vgl. by alt. toegewing: 1)

(a) Die teenstellend alternatiewe saak word deur middel van 'n ontkenning genoem.

Of Jan nou kom en of hy nie kom nie, kan my nie skeel nie.

Of die perd nou flou is en of hy nie flou is nie, maak vir my nie saak nie.

Dit is twyfelagtig of hy sal kom en of hy nie sal kom nie.

(b) Die teenstellend alternatiewe saak word positief genoem.

Dit is vir my om't ewe of die man goed is en of hy sleg is.

Of hy nou ryk is en of hy arm, is, verander niks aan die saak nie.

(c) Die alternatiewe saak is nie 'n teenstelling nie en word dus alleen positief genoem.

Of dit nou 'n perd en of dit 'n koei moet wees, is nog nooit gevra nie.

Of Klaas dit nou sal doen en of Piet daarvoor gevra sal word, is nie presies bekend nie.

2. Die dominante vorm of...of (vgl. by alternatiewe toegewing: 2)

(a) Die teenstellend alternatiewe saak word deur middel van die ontkenning genoem.

Of die perske nou ryp of nie ryp is nie, sal niemand interesseer nie.

- (b) Die teenstellend alternatiewe saak word positief genoem.

Dit maak vir baie mans gladnie saak of 'n meisie nou mooi of lelik is nie.

Of hy nog lewe of al dood is, is 'n ander saak.

- (c) Die alternatiewe saak is nie 'n teenstelling nie en word dus alleen positief genoem.

Of hy nou 'n gek of 'n dwaas is, traak my nie.

Of dit nou op die golfbaan of op die rugbyveld plaasgevind het, sal sake nog nie verander nie.

3. Die dominante vorm of (vgl. by alternatiewe toegewing: 3)

- (a) Die teenstellend alternatiewe saak word deur middel van die ontkenning genoem.

Of dit more kan kou^o/wees? Nee, jong, koudof nie koud nie, dis 'n probleem vir die weerkundiges. Of elke seun kan perdry? Ek sou sê dat 'n perd kan ry of nie ry nie, 'n kwessie vir die boer is.

- (b) Die teenstellend alternatiewe saak word positief genoem

Dood of lewe)

Jonk of oud) kan my nie skeel nie.

- (c) Die alternatiewe saak is nie 'n teenstelling nie en word dus alleen positief genoem.

'n Vrou met 'n lang jas of 'n seun met 'n kort broekie, is jou saak.

4. Die dominante vorm of...of(-te) (+ nie) (vgl. by alternatiewe toegewing: 4)

Of hy nou koning is of(-te) nie, kan my nie skeel nie.

Of jy nou wil werk of(-te) nie, is nie my skuld nie.

5. Die dominante vorm of(-te) (*nie) (vgl. by alternatiewe toegewing: 5)

Jy sê in hierdie huis is siekte! Nouja, masels of(-te) nie, dit skrik my nie af nie. Ek gaan binne.

Hier moet ons 'n paar opmerkinge maak. Eers die dominante vorme van 2 en 4: By die onderwerpsverband is die ofte-lid self van die verbindingspaar nie so dominant nie. Dit is meer bestem^t vir die alternatiewe toegewing, net die gevolg dat selfs vir 4 die vorm of...of gebruik word, d.w.s. dieselfde vorm as vir 2.

Maar nou moet 2 en 4 van mekaar onderskei word, ten eerste omdat daar 'n strukturele verskil is tussen die sinne waarin elkeen gebruik word, en ten tweede omdat die paar of....ofte wel vir 'n onderwerpsverband teëgekem is en dan het geblyk dat dit slegs kan geskied onder die struktuurreëls wat vir 4 geld en nie onder dié wat vir 2 geld nie. Dieselfde onderskeidingsprinsiep geld vir 3 en 5 d.w.s. of is dominant as ofte vir 'n onderwerpsverband, maar waar die ofte-vorm wel voorkom, gebeur dit onder die struktuurreëls wat vir 5 en nie vir 3 geld nie. Die vorm ofte is dan ook deurgans gerealiseer vir 'n keuse, nl. of(-te) en nie bindend nie: ofte. Selfs by die alternatiewe toewysing is dit nie bindend nie maar wel 'n alternatiewe vormverskynsel.

AFDELING C.Of noem 'n Voorwerpsverband.

Hier wil ons die taalmateriaal soos volg indeel:

A. Of noem 'n voorwerpsverband na 'n selfstandige werkwoord of 'n naamwoordelike gesegde:

(a) (i) Die selfstandige werkwoord word nie ook as naamwoorde-
like gesegde gebruik nie:

Ek weet nie of dit so is nie.
Ek kon nie sien of hy daar was nie.
Ek wonder of dit gaan reent.
Die tyd sal loer of so-iets sal slaag.
'n Mens vra jouself soms af of dit moontlik kan wees.

(ii) Die selfstandige werkwoord is ook bruikbaar as naamwoor-
delike gesegde of andersom:

Ek is bekommer daarvoor of ek hom sal help X Hy
bekommer hom daarvoor of

(iii) Die naamwoordelike gesegde word nie ook as selfstandige
werkwoord gebruik nie:

Ek is nie seker of hy sal kom nie.
Hy is nie gesteld daarop of ek slaag of nie.
Hy is nie begaan daarvoor of hy siek word of nie.

(b) Die tweede indeling van ons totale materiaal geskied volgens die verband van die regerende sinslid met 'n selfstandige werkwoord of 'n naamwoordelike gesegde:

(i) die of-sinslid is afhanklik van 'n primêre verband.

Maar ek weet nie of dit moontlik sal wees nie.
En hy wou sien of so-iets werklik moontlik was

(ii) die of-sinslid is afhanklik van 'n onderwerpsverband

Dis nooit gesê dat hy gevra is of hy wit of swart is nie.
Dit word beweer dat iemand navraag sou gedoen het of die briewe werklik op die pos gedoen was of nie.

(iii) die of-sinslid is afhanklik van 'n voorwerpsverband.

Ek weet nie waarom hy wil weet of ek sal saamgaan nie.
Niemand sal beweer dat hy eens getwyfel het daaraan of hy sterk genoeg is nie.

(iv) die of-sinslid is afhanklik van 'n naamwoordelike gesegde

Die bedoeling was tog nie dat hy noes gaan uitvind of ons op sy spoor is nie.

(v) die of-sinslid is afhanklik van 'n byvoeglike verband.

self moet afvra of jy genoeg wilskrag het nie.
 Ek het gestap na 'n kantoor waar ek kon hoor of
 daar êrens 'n plaas te koop ~~was~~.

(vi) die of-sinslid is afhanklik van 'n bywoordelike verband:

(a) van plek

Toe kom ons eindelijk waar ons kon uitvind of die
 trein daardie aand nog vertrek.
 Die mense vergader nooit waar hulle 'n mens nie
 vra of jy nie wil help nie.

(b) van tyd.

Ons sal maar wag totdat ons hoor of ons mag saamgaan.
 Ek het hom eers gesien nadat ons kon vasstel of hy
 geskik is.

(c) van voorwaarde

As hy nie kan sê of hulle jou gehelp het nie, dan
 is daar niks meer aan die saak te doen nie.
 Bly jy maar hier ingeval hulle wil weet of jy klaar
 is.

(d) van toegewing

Hoe hy ook al vra of ons hom nie sal wil help nie,
 ek kan daar niks aan doen nie.
 Al kon jy ook nie sien of hulle presies op jou
 geskiet het nie, moet jy tog 'n verklaring daarvoor
 aflê.

(e) van beperking

Ek sal jou steun verleen behalwe as jy wil weet of
 ek jou 'n ander betrekking kan aanbied.

(f) van verhouding.

Hoe meer ek hom vra of hy skuldig is, hoe meer
 ontken hy dit.
 Ons het geluister na mate hy oortuigender begin vra
 het of ons belangstel.

(g) van graad

Die man was so hulpeloos dat ons hom maar liewers
 gevra het of ons hom nie kon dra nie.

(h) van doel, rede, oorsaak, gevolg.

Deurdadig hy wou uitvind of die man geskik is, het ons
 maar stadig met die ondersoek gevorder.
 Omdat ons getwyfel het of die plan sou slaag, het
 ons maar da rvan afgesien.
 Hy het na my toe gekom sodat ek kon vertel of die
 poging geslaag het of nie.
 Hy het oortuigend gepraat sodat ons hom daarna moes
 vra of hy nie die werk wil oorneem nie.

(i) van vergelyking.

Hy kon beter as ek uitvind of jy daar was of nie
 Ou Piet kyk hom vanaand aan net asof hy wil weet of
 alles nog in die baak is.

B. Of noem 'n voorwerpsverband na die infinitief van 'n om te-
konstruksie in die volgende funksie:

(i) die verband is die van 'n voorwerp

Ek het besluit om eers te sien of hy dit gaan wag
Ek het gewag om te hoor of hy nog wil saamgaan.
Hulle strewende daarna om uit te vind of die waarheid
bekend gemaak is.
Daar is mense wat nooit leer hoe om te vra of 'n
mens verlei is nie.

(ii) die verband is die van 'n onderwerp

Daar is besluit om te vra of hy die werk sal wil
doen.
Om te vra of ek toe tuis was, is onsin.
Dit was nodig om hom te vra of hy sterk is of nie.
Hoe om hom te vra of hy nie dalk jok nie, was
'n probleem, gewees.

(iii) die verband is die van 'n byvoeglike bepaling

Ek het geen bepaalde rede om te vra of jy dit sal
wil doen nie.
Sy wandade vloei voort uit die begeerte om te weet
of die mense hom werklik sal veroordeel.

(iv) die verband is die van 'n naamwoordelike gesegde.

Jan se opdrag was om te verneem of Koos die geld
ontvang het.
Die doel van my besoek is om jou te vra of jy nie
vanaand na ons toe kan kom nie.
Die moeilikheid was om te hoor of hy gewillig was.

(v) die verband is die van tyd.

Ek hoop dat ek nog lank genoeg sal lewe om te kan
uitvind of jy ooit skuldig was of nie.

(vi) die verband is die van oorsaak, rede, doel, grond.

Ek is bly om te kan vra of dit werklik so was.
Ek het gesaan om te kyk of ek iets te ete kan kry.
Jy is gelukkig om nog te kan weet of die mense van
jou hou.
Ek het geskryf ten einde te hoor of daar nog sit-
plekke was.

(vii) die verband is die van graad

Ek dink ek is oud genoeg om self te verneem of ek
sukses gehad het of nie.
Die vent is oud genoeg om te vra of hy mag rook
Hy is bang om te kyk of daar iemand in die spens is.
Hy was so goed om my te vertel of die mense tuis was.
Ek kan nie meer doen as om te vra of hulle my nodig
het nie.

(viii) die verband van benepking

Ons kan niks doen nie behalwe om hom te vra
of 'hy' sal instem nie.

C. Verder deel ons die materiaal in volgens die prinsiep van die dominante vorm van die voegwoord (1) of....en of (2) of....of (3) of (4) of...of(-te) (5) of(-te), vir 'n alternatiewe voorwerpsverband. Die gebruiksreëls kan ons reeds by die alternatiewe toegewing aantoon en hier klassifiseer ons enkel volgens daardie prinsipes. Netsoos by die onderwerpsverband is al die vorme nie so bruikbaar nie hoewel dieselfde vorme wel bruikbaar is. Vergelyk verder die paragraaf wat onmiddellik op 5 hieronder volg.

1. Die dominante vorm of....en of (vgl. by alternatiewe toegewing; 1)

(a) Die teenstellend alternatiewe saak word deur middel van 'n ontkenning genoem.

Ek weet nog nie of die stelling nou juis en of dit nie juis is nie.
Of dit nou wel die wesenskenmerk van die ontwikkelingsgang is, en of dit nie die geval is nie, kan hy my nie sê nie.

(b) Die teenstellend alternatiewe saak word positief genoem.

Ek kan nie goed sien of hy nou kom en of hy gaan nie
 Ek kon nie uitvind of hy te hoog en of hy te laag skiet nie.

(c) Die alternatiewe saak is nie 'n teenstelling nie en word dus alleen positief genoem.

Ek wou nie laat blyk of hy dit uit vrees en of hy dit uit skaamte doen nie.

2. Die dominante vorm of...of (vgl. by alt. toegewing; 2)

(a) Die teenstellend alternatiewe saak word deur middel van 'n ontkenning genoem

Die tyd sal moet leer of hy veel of nie veel werd is nie.
 So-iets laat 'n mens daaraan twyfel of hy sterk of nie sterk is nie.

(b) Die teenstellend alternatiewe saak word positief genoem.

Of die pakkie lig of swaar was, sal Piet ons netnou kan vertel.

(c) Die alternatiewe saak is geen teenstelling nie en word dus alleen positief genoem.

Hy het nie duidelik gesê of dit poësie is wat hy skryf of prosa nie.
 Jy kan kies of jy die suster of die niggie wil hê.

3. Die dominante vorm of (vgl. by alternatiewe toewying:3)

(a) Die teenstellend alternatiewe saak word deur middel van 'n ontkenning genoem.

Jy kan kies: botter of nie botter op jou brood.

(b) Die teenstellend alternatief word positief genoem.

Jy kan kies: deug of ondeug.

(c) Die alternatiewe saak is geen teenstelling nie en word dus alleen positief genoem.

Jy kan kies wat jy wil hê: 'n mes of 'n vurk

4. Die dominante vorm of....of(-te) (+ nie) (vgl. by alternatiewe toewying: 4)

Jy kan kies of jy die mes se punt lank wil hê of(-te) nie.

Ek twyfel of dit vandag sal reent of(-te) nie.

Hy praat maar aaneen net asof hy nie omgee of hulle hom verstaan of(-te) nie

5. Die dominante vorm of(-te) (+ nie) (vgl. by alternatiewe toewying: 5).

Jy kan kies: melk of(-te) nie in jou koffie.

Begryp of(-te) nie daarvoor gee hy nie om nie, en hy hou maar aan met preek.

Ten opsigte van die vorme 2 en 4, 3 en 5 moet ons dieselfde opmerkinge maak as by die onderwerpsverband en daarom word hier dus verwys na die laaste paragraaf van daardie verband. Daardie paragraaf is dan ook mutatis mutandis op die voorwerpsverband van toepassing.

AFDELING D.

1.1 Of(...of) 11*) noem die alternatief tussen twee primêre sinslede 12*) en nader bepaald geld die alternatief ten opsigte van:

(i) 'n handeling:

Jy moet gaan, of bly X Jy moet nou of gaan of bly
 Jy moet loop, of ry, maar albei kan jy nie wil doen
 nie X Jy moet of loop of ry, maar

(ii) 'n bywoordelike bepaling na 'n koppelwerkwoord met die geaktiveerde onderskeiding: bevind:

Piet is tuis, of by sy broer X Piet is of tuis
of by sy broer.
 Die perd is in die stal, of in die land X Die
 perd is of in die stal of in die land

(iii) die naamwoordelike gesegde na 'n koppelwerkwoord sonder die onderskeiding: bevind.

Hy is skuldig, of onskuldig X Hy is of skuldig
of onskuldig.
 Hy is al gesond, of vinnig aan die herstel X Hy is
of al gesond of vinnig aan die herstel.

(iv) 'n bywoordelike bepaling by 'n selfstandige werkwoord:

Jan ploeg vandag in die swartland of in die rooiland
 X Jan ploeg vandag of in die swartland of in die
 rooiland.
 Jy kan met die kar, of met die trein gaan X Jy kan
of met die kar of met die trein gaan.
 Jy kan dit nou, of nooit doen X Jy kan dit of
 nou of nooit doen

(v) 'n voorwerp:

Jy moet die koei of die perd neem X Jy moet of
 die koei of die perd neem.

(vi) 'n byvoeglike bepaling

Jy kan die rooi, of die grond potlood kry X Jy
 kan of die rooi of die grond potlood kry.

(vii) die onderwerp:

Jan of Piet moet die straf kry X Of Jan of Piet
 moet die straf kry.

1.2 As/

11*) Om misverstand te voorkom, moet daarop gewys word dat die keuse tussen of en of...of hier nie bepaal word deur die gebruiksreël wat ons vir die alternatiewe toegewing kon gevind het en wat ook op die of-onderswerps- en of-voorwerpsverband van toepassing is nie. On met Poutsma te spreek, is dit hier 'n kwessie van "sterk" of "swak" of. 12*) Poutsma p. 393, noem dit "alternative adversative co-ordination" en Curme p. 166, noem of (of...of) hier 'n "disjunctive conjunction", maar die feit staan vas dat ons hier nie onderskikking van een (of albei) van die sinslede het nie, ten minste nie die alternatiewe aan mekaar nie, maar albei aan 'n ander sinslid soos bv. by die voorwerpsverband. Met disjunctive bedoel Curme: connecting two members

1.2. As ons die voorafgaande alternatief goed bekyk dan bestaan dit uit (i) 'n teenstelling van die saak waarvan die alternatief genoem word (vals of waar, skuldig of onskuldig) wat positief of negatief gestel word (vals of nie vals nie), (ii) 'n positief genoemde saak wat nie die teenstelling is van die saak nie, maar 'n vervangende alternatief (koei of perd, ens.)

Verder kan die enkele of nog 'n alternatief noem tussen twee primêre sinslede, maar sonder dat 'n saak van die nie-of-sinslid soos op die voorafgaande wyse teengestel of vervang word. Alternatiewiteit lê hier dus op 'n ander vlak en ons kan onderskei:

(a) Die of-sinslid is 'n verbeterde bewering ten opsigte van 'n saak in die nie-of-sinslid en hierdie rektifikasie bied die volgende skakeringe:

(i) dit gaan ten opsigte van die gesegde saak van die nie-
of-sinslid:

Die kar loop nou, of tenminste dit lyk so.
Ons wiel draai, of tenminste dit doen iets wat 'n mens aan draai laat dink.
Ek het geval, of ek het gedroom dat ek val.

(ii) dit gaan ten opsigte van die onderwerpsaak van die nie-
of-sinslid:

Jan was daar, of tenminste iemand wat op hom lyk.
Piet het die kar gekoop, of ten minste dit was iemand wat gesê het dat hy namens Piet optree.

(iii) dit gaan ten opsigte van die naamwoordelike gesegde-
saak met of sonder die onderskeiding: bevind:

Jou broer was nie boos nie, of tenminste hy het nie so gelyk nie.
Jy was tog by die hek, of tenminste in die buurt daarvan.

(iv) dit gaan ten opsigte van 'n voorwerpsaak in die nie-
of-sinslid:

Ons help die armes, of tenminste die wat arm lyk.

(v) dit gaan ten opsigte van 'n byvoeglike bepaling as saak
in die nie-of-sinslid:

Jy het darem 'n knap dogter, of tenminste een wat baie van die eienskappe van knapheid besit.

(vi) dit/

(vi) dit gaan ten opsigte van 'n bywoordelike bepaling as saak in die nie-of-sinslid wat 'n selfstandige werkwoord het:

Jan loop hard, of tenminste tog harder as ek.
Hy skryf met 'n potlood, of tenminste iets wat vir daardie doel gebruik kan word.

(b) Teenoor die bogenoemde rektifikasie (met of sonder nadere bepaling) staan die tipe rektifikasie wat bedoel is om die voorafgaande bewering op te hef deur 'n ander in die plek daarvan te stel; hierdie "ander" kan dan gelykwaardig wees aan die voorafgaande of dit kan van 'n hoër waarde wees:

Ons kan nie elke dag vleis eet nie, of tenminste ons kan as ons maar die geld daartoe het.
Ek dink, of tenminste ek weet dat hy sleg is.
Ek wil graag met jou praat, of ten minste ek moet met iemand oor die probleem praat.

Ons let hier in hierdie afdeling 1.2 (a) en (b) op die gebruik van die bywoord tenminste saam met of. Dit is wat Curme (p.135) 'n "distinguishing adverb" noem "(as) belonging to some particular word, phrase or clause which is prominent in the situation as a whole...". Ons dink dat dit gereverdig sou wees om te sê dat die "distinguishing adverb" die onderskeiding stel en dat of dit dan terselfdertyd as alternatief releveer.

Die rektifikasie kan ook 'n nadere verklarings wees:

Die poema, of Amerikaanse leeu, is gevaarlike diere.

(c) Die enkel of noem hieronder geen alternatief wat as sodanig bestaan deur 'n rektifikasie van 'n bewering nie, maar die alternatief is op sigself 'n tipe wat bestaan uit 'n bewering wat aandui wat die gevolg sal wees indien die stelling van 'n voorafgaande sinslid nie nagekom word nie (13*).

Dit is ook geen/^{ander}noemfunksie van of nie, maar dis 'n tipe alternatief wat uit die aard van die hele sin onderskei kan word:

Gaan weg, of ek skiet jou.
Die bevel moet uitgevoer word, of die dissipline verval.
Jy moet gou maak, of jy is laat.
Jy moet seëls op jou briewe plak, of anders word hulle teruggestuur.

Hier kry ons dan weer die wisselwerking tussen of, of anders en die enkele anders.

Curme 14*) wat nie hierdie indeling maak nie, kom daar naby as hy met twee van sy voorbeelde verwys na sy "substitutes for clauses of condition" (p.328): "Where there are two sentences linked by or, otherwise, else, or or else, the first of which is an expression of will, the sentence containing the expression of will is often equivalent to a conditional clause: 'do that at once or (or otherwise, else or or else) you will be punished' = 'if you do not do that at once you will be punished'". Verder sê hy: "Where there are two independent declarative sentences linked by a disjunctive (or, else, or otherwise .) the first sentence is often equivalent to a conditional clause: 'He cannot be in his right mind, or (or else, or otherwise) he would not make such wild statements' = If he were in his right mind, he would not....".

Die eerste deel van Curme se aanhaling pas op ons stelling dat die of-sinslid die gevolg bevat as die bewering in die voorafgaande sinslid nie nagekom word nie: As jy nie weggaan nie dan is die gevolg daarvan dat ek jou sal skiet = gaan weg, of ek skiet jou. Uitgaande van die eerste sinslid kom Curme by 'n voorwaarde uit. Dit is ook juis, maar dit raak nie die noemfunksie van of nie, dit help alleen by die indeling van die tipe alternatief, maar of noem hier nie 'n gevolg of 'n voorwaarde nie. Die tweede deel van Curme se mening is weer bedoel vir die enkele anders, maar tog ook vir die insidentele of(anders), maar dan moet ons die tipe alternatief omskryf: of(anders) verbind 'n sekondêre sinslid bevattende 'n gevolgtrekking wat onvermydelik is (sal wees) as die bewering wat in die voorafgaande sinslid omskryf is, nie aanvaar word nie (15*). Bekyk ons die voorbeeld van Curme dan kan ons sê dat die gevolgtrekking dat hy wel so 'n stelling sal maak onvermydelik is as ons aanvaar dat hy nie by sy volle sinne is nie, dus: as hy nie by sy volle sinne is nie dan is die noodsaaklike gevolgtrekking dat hy so 'n bewering sal kan maak. Vgl. verder:

By 'n vallende klip is daar **nie** die "klip" en die ding "beweging" nie; of anders sou daar ook so 'n ding soos "rus" moes gewees het (16*).

14*) Curme, p. 16615*) Vgl. hier Poutsma, p. 396

2. Of(...of) noem die alternatief tussen twee sekondêre sinslede waarvan die verband self alreeds deur 'n ander taaltegniese woord genoem is:

Soms hou die gids stil, of omdat hy self lui is, of om die reisigers 'n kansie te gee om 'n bietjie vrugte te pluk.
 Die ou vent het my wel af en toe op straat aangehou, of om beleefd om 'n vuurhoutjie te vra, of om vriendelik 'n grappie te vertel.
 Jy moes hom dus gesien het, of voor hy die huis binne gegaan het, of nadat hy om die hoek gekom het.
 Hy wou weet wat ek gedoen het of wat ek nog van plan is om te doen.

In die ordening van die of-gebruik moet ons dus 'n onderskeid maak tussen die sinslede waar of self ook die sinslidverband noem (toegewing, ens.) en waar dit slegs maar die alternatief noem soos in die voorbeelde in hierdie afdeling. Sodoende kan ons dan onderskei:

(a) gevalle waar of én die sinslidverband noem én die alternatief kan noem.

(b) gevalle waar of alleen maar die alternatief noem.

AFDELING E.Of noem 'n Tydsbetrekking.

(a) Hier bevat die of-sinslid die primêre gedagte na 'n negatiewe regerende sinslid wat die tyd van die handeling of die toestand aandui (konsekutiewe onderskikking). Die sekondêre sinslid is dus een van tyd 17*)

Ek was nog nie heeltemal tuis nie of ek moes weer weg.
 Ek was skaars gesond of my vrou word toe weer siek.
 Ek het nog nie die derde keer omgekyk nie of sy sien my en glimlag vriendelik

Streng gesproke dus word die tyd uitgedruk deur bywoorde en bywoordelike uitdrukkinge soos: skaars, nog nie lank nie, nog nie, nie eens nie, ter nouernood, nouliks, e.a. in die regerende sinslid, en wat slegs van 'n ander sinslidverbindinge woordgroep van tyd, bv. so lank as verskil in soverre dat die momente wat saam met of gebruik word nou deur ander momente van die voegwoord geskei word 18*).

Overdiep 19*) noem 'n sin soos: Hy was nog nie twintig tree verder nie, of daar verskyn die baas! en in 'n sin waarvan die negatief deur bywoorde soos nouliks omskryf word, bv. Hy was nouliks tuis, of die aanval begin, die verbinding neweskikkend (progressief) (Overdiep se voorbeeld is hier vry gerekonstrueer). Met hierdie mening kan ons dit nie eens wees nie, al bevat die sekondêre sinslid dan nou ook die hoofgedagte 20*). Dit is juis om hierdie soort "bysinne" wat ons laasgenoemde term deurgans vervang het met "sekondêre"sinslid. Bouman beskryf wel 'n soortgelyke sin, maar benoem dit ongelukkig nie 21*): Hy was nog nie mooi in die saal nie, of die perd steek kop tussen die bene en gooi hom dat hy so hik. Van der Merwe 22*) noem dit ook 'n bepaling van tyd: Hy is skaars bo of hy lê weer op die grond.

(b) Die/

17*) Vgl. Apeldoorn, p.110, Overdiep, Stil. Gram., p.574, Poutsma, p.440, para 17 en p. 441, para (d), Curme p. 274, Noord en Zuid XX p. 539 vlg.

18*) Die voegwoord toe kan soms dieselfde verband noem: Hy was skaars gesond toe hy weer siek word, vgl. Curme, p.274

19*) Overdiep, Stil. Gram. p. 574

20*) As ons altyd die "hoofgedagte" die "hoofsin" moet noem. dan sal dit

(b) Die materiaal word verder soos volg verdeel na die aard van die regerende gesegde-woord:

(i) Die regerende gesegde-woord is 'n selfstandige werkwoord wat nie ook as naamwoordelike gesegde gebruik word nie:

Ek het die man skaars ontmoet of hy vra my om 'n sigaret.

Ek het hom nog nie eers goed teen die grond gehad nie of hy was weer op.

(ii) Die regerende gesegde-woord is 'n selfstandige werkwoord wat ook as naamwoordelike gesegde bruikbaar is of andersom:

Ek was skaars verheug oor die een sukses van my seun of daar behaal hy al weer die tweede X Ek verheug my.....

Ek het my nog nie eers heeltemal van die een ding oortuig nie of daar kom die tweede al op die lappe X Ek is oortuig van

(iii) Die regerende gesegde-woord is 'n naamwoordelike gesegde wat nie ook as selfstandige werkwoord bruikbaar is nie. Die koppelwerkwoord kan maar hoof nie die onderskeiding bevind te hê nie:

Ek was skaars op my hoede vir die een aanval of die ander volg onmiddellik daarop.

Ek was nog nie heeltemal tuis nie of die donderweer bars los.

(c) Die materiaal word nog gerangskik volgens die verband van die regerende sinslid:

(i) Die of-sinslid is afhanklik van 'n primêre verband

Ek was nouliks daar of ek moes weer weg.

Want die vent was nog nie eers gesond nie of die griep het hom weer aan die nek.

Skaars het ek van hulle af verder gegaan, of ek het my sielsbeminde gevind;... (Hoogl.v.Salomo 3:4)

Skaars is hulle geplant, skaars is hulle gesaai, skaars wortel hulle stam in die grond, of Hy blaas op hulle...(Jes. 40:24).

(ii) Die of-sinslid is afhanklik van 'n onderwerpsverband.

Daar word al weer beweer dat hy nouliks met een werk klaargekry het, of hy moes weer 'n ander begin.

(iii) Die of-sinslid is afhanklik van 'n voorwerpsverband.

Niemand sal juis glo dat hy nog nie tien minute op die plek was of hy moes al 'n paartjie trou nie.

(iv) Die of-sinslid is afhanklik van 'n naamwoordelike

gesegde

(v) Die of-sinslid is afhanklik van 'n byvoeglike verband.

Niemand sal tog die onsinnige bewering maak dat Piet nouliks altyd tuis is of sy vrou skop hom weer by die deur uit nie.

(vi) Die of-sinslid is afhanklik van 'n bywoordelike verband(a) van plek

Ons sal jou gaan haal waar ons nie eers hoof te wag nie of die koffie staan al klaar.

(b) van tyd.

Hulle het hom geslaan totdat hulle nie eers meer na hom hoof te gekyk het nie of hy steek al sy hande op.

(c) van voorwaarde.

Ek sal jou help as ek nie eers tot my deur hoof te gaan nie of ek mag al weer terug.

(d) van toegewing.

Al ~~was~~ hy gister ook skaars in die bed of hy moes weer op, moet hy tog vannag eers daardie windpomp gaan regmaak.

(e) van beperking.

Jan is nooit juis kwaad nie behalwe as hy nog nie eers aan tafel gesit het nie, of die telefoon lui al weer.

(f) van verhouding

My broer het al hoe ongeduldiger geword namate hy skaars die kaarte in sy hande gehad het of die spel was uit.

(g) van graad.

Die senter was so vinnig dat hy gewoonlik skaars die bal in sy hande gehad het of hy druk 'n drie. Die onweer was die hele dag so dreigend gewees dat die eerste donderwolke skaars voor die son gegaan het of die water stroom daaruit.

(h) van doel, rede, oorsaak, gevolg.

Ons het hom maar met rus gelaat omdat hy gewoonlik skaars in ons geselskap is of hy begin rusie te maak.

Hulle het hulle werksure met opset self ingedeel sodat hulle nog nie eens hoof te begin nie of die huistoegaentyd is daar.

Hulle het die vent sommer dadelik begin sleg behandel met die gevolg dat hy nouliks 'n dag daar kon werk of hy moes weer bedank.

Die agterste man het die loskakel goed in die oë gehou sodat die ventjie skaars die bal kon ontvang of hy moes aangee.

(i) van vergelyking.

AFDELING F.Of noem 'n Voorwaarde.

(a) Ons deel die materiaal in volgens die volgende aard van die gesegdewoord van die regerende sinslid:

(i) Die regerende gesegde-woord is 'n selfstandige werkwoord wat nie ook as naamwoordelike gesegde bruikbaar is nie:

Hy koop niks nie of jy moet hom die geld daarvoor gee.

Hy doen geen steek werk nie of jy moet hom eers daarvoor betaal.

(ii) Die regerende gesegde-woord is 'n selfstandige werkwoord wat ook as naamwoordelike gesegde bruikbaar is of andersom:

Die man is nooit verheug oor 'n saak nie of dit moet iets besonders wees X Hy verheug hom oor ...
My vriend bekommer hom nooit oor die pot nie of daar moet nou werklikwag niks meer wees nie X
Hy is bekommer oor

(iii) Die regerende gesegde-woord is 'n naamwoordelike gesegde wat nie ook bruikbaar is as selfstandige werkwoord nie. Die koppelwerkwoord kan, maar hoef nie die onderskeiding: bevind te hê nie:

Piet is nooit lui nie, of dit moet 'n Sondagmore wees.

Ek is altyd om vyf-uur tuis, of daar moet iets dringends op kantoor plaasvind wat my verhoed.

(b) Die materiaal word nog geranslik volgens die verband van die regerende sinslid:

(i) die of-sinslid is afhanklik van 'n prinsêre verband.

... Want hy doen geen moeite nie of die nood moet hoog wees.

Die jong man is altyd byderhand of sy moeder moet hom tuis dringend nodig hê.

(ii) die of-sinslid is afhanklik van 'n onderwerpsverband.

Dat hy sal kom, is seker, of daar moet iets voorsê.
Daar is beweer dat die stoet hierdie straat sal oorskakel,
steek, of dit moet te veel reent wat die straat modderig sal maak.

(iii) die of-sinslid is afhanklik van 'n voorwerpsverband.

Hulle het gesê dat hy weer sal verskyn of die wêreld moet vir hom te gevaarlik lyk.

(iv) die of-sinslid is afhanklik van 'n naamwoordelike gesegde

Die reëling was dat hy nie sou kom nie of die mense moet hom dringend daartoe versoek.

(v) die of-sinslid is afhanklik van 'n byvoeglike verband.

dat hy 'n man is wat nie sommer help nie of jy moet hom eers smEEK.
Hy het nie die onsinnige bewering gemaak dat ek niks doen nie of ek moet eers geprys word.

(vi) die of-sinslid is afhanklik van 'n bywoordelike verband:

(a) van plek

Ons neem hom waar hy nie ons voorstel kan weier nie of hy moet weghardloop voor die tyd.

(b) van tyd.

Ons sal hom nie help voordat hy beken het nie of sake moet 'n ander wending neem.
Die plaas sal nie tot jou beskikking wees voordat die boedel beredder is nie, of die hof moet anders besluit.

(c) van toegewing.

Al wil 'n persoon ook nie help nie, of jy moet hom daartoe aanspoor, sien ek tog kans om met hom oor die weg te kom.

(d) van beperking.

Hy mag saangaan vir sover dit my aangaan of hy moet hom sleg teenoor my gedra.

(e) van verhouding.

Hoe meer ons die man sien, hoe minder weet ons van hom af, of daar is niks besonders om te weet nie.

(f) van graad:

Die son skyn so lekker dat ons altyd net buite wil wees, of die natuur daarbuite moet self bedrieglik skyn.

(g) van vergelyking.

Die man loop asof hy 'n laaistok ingesluk het, of my begrip van 'n laaistok moet ek verwar met die van 'n boontak.

(h) van oorsaak, doel, gevolg, rede.

Hy sal voortaan altyd flank speel omdat hy nie wil druk nie, of jy moet hom met vloekwoorde aanpor.
Hy vertrou my nie sodat hy niks koop nie of ek moet hom die geld daarvoor gee.
Ek werk hard sodat die mense my niks hoef te gee nie of ek het dit verdien.
Ek wil baie graag daar wees met die gevolg dat ek more kom of dit moet baie reent.

AFDELING G.Of noem Omstandigheid.

(a) Die eerste basis van indeling van die taal materiaal geskied volgens die volgende aard van die selfstandige gesegde-woord of die naamwoordelike gesegde van die regerende sinslid:

(i) Die gesegde-woord is 'n selfstandige werkwoord wat nie ook as naamwoordelike gesegde bruikbaar is nie:

Ek kan nooit na hom kyk nie of ek word vies.
Daar het nooit iets gebeur nie of hy het my eers na jou gevra.

(ii) Die gesegde-woord is 'n selfstandige werkwoord wat wel ook as naamwoordelike gesegde bruikbaar is, of andersom:

Ek is nooit bekommerd nie of ek dink ook aan my vrou. X Ek bekommer my oor.....
Ek verheug my nooit oor ander se foute nie of ek dink ook aan myne. X Ek is verheug oor ...

(iii) Die gesegde-woord van die regerende sinslid is 'n naamwoordelike gesegde wat nie ook as selfstandige werkwoord bruikbaar is nie. Die koppelwerkwoord kan maar hoof nie die onderskeiding: **bevind te hê nie.**

Ek is nooit siek nie, of my dogtertjie maak ook altyd of sy sleg voel.
Niemand is ooit tuis nie of hy dra sy eie gedagtes met hom saan.

(b) Die materiaal word nog gerangskik volgens die verband van die regerende sinslid:

(i) die of-sinslid is afhanklik van 'n primêre verband.

En ek hoor nooit die naam Jan nie of ek word aan my broer herinner.
Want niemand ontvang 'n geskenk of hy is daarvoor dankbaar nie.

(ii) die of-sinslid is afhanklik van 'n onderwerpsverband

Dit is noual seker dat die kind nooit van die huis af weggaan nie of hy moet daartoe gedwing word.
Daar word gesê dat hy nooit loop nie of hy neem 'n sambreel saan.

(iii) die of-sinslid is afhanklik van 'n voorwerpsverband.

Hulle sê Piet loop nooit in die straat nie of hy skop klippertjies voor hom uit.
Ons weet natuurlik dat dit nooit reent nie of daar val karre in die drif vas.

(iv) die of-sinslid is afhanklik van 'n naamwoordelike gesegde

(v) die of-sinslid is afhanklik van 'n byvoeglike verband.

Die kindjie het die nuus kom vertel dat sy nooit in die skool mag praat nie of sy moet in die hoekie staan.

Hy woon by mense wat nooit praat nie of hulle moet skinder.

(vi) die of-sinslid is afhanklik van 'n bywoordelike verband.(a) van plek.

Ons woon nou werklik waar 'n mens nie eers na jou bure mag gaan nie of jy word met klippe bestook. Ons gaan nou waar 'n mens nie eers deur jou venster kan kyk nie of jy sien 'n kleurling

(b) van tyd.

Ek het met hom geraas totdat ek nooit meer by hom mag kom nie of hy word kwaad.

Ek het hom geken toe hy nie meer by 'n kroeg kon kom nie of hy moes daar instap.

(c) van toegewing

Hy bly 'n gawe vent al kom hy nooit meer in die dorp nie of hy moet kritiek uitoefen op die toestand van die strate.

(d) van beperking

Ek is in alle opsigte beter as Jan behalwe dat ek hom nooit met die vuis kan aandurf nie of ek delf die onderspit.

(e) van verhouding.

Hy word al slegter na mate hy geen steek meer werk nie of hy moet eers oor sy rug klae.

(f) van graad

Hy was nou so sleg dat ek nie eers na hom kon kyk nie of ek wou wegloop.

Hy is nou so vuil en slordig dat jy nie eers meer na hom kan kyk nie of jy dink aan die volk op die plaas.

(g) van vergelyking.

Hy maak altyd asof hy nooit by 'n mens kan kom nie of hy word siek.

(h) van rede, oorsaak, doel, gevolg.

Hy speel nou in die tweede span omdat hy nooit op die veld kom nie of hy is nukkerig.

Hy oefen hard sodat die bal nêrens op die veld kan wees nie of hy is daar.

Hy vat 'n man hard met die gevolg dat jy nie aan die bal mag raak nie of jy gaan grond-toe.

Hy is boes omdat hy nêrens kan kom nie of die mense ken hom.

AFDELING H.Of noem 'n Byvoeglike Verband.

In een en dieselfde sin bestaan daar soms die moontlikheid om die of-sinlid as voorwerp of as byvoeglik te beskou. Dit geld ook vir die dat-sinlid. Terwyl dat darem al die voorwerp van belangstelling was 23*) daar vind ons aan die ander kant in hierdie verband (haas) niks oor die voegwoord of nie. Tog is die probleem by die een egter nie groter as by die ander nie, trouens dis dieselfde probleem vir albei en die oplossing moet vir albei in dieselfde prinsipes gesoek word, maar by dat is die taal materiaal alleen maar groter en miskien moeiliker om te klassifiseer. Overdiep se "klassifikasie" as 'n mens dit so mag noem, van die voorwerps- en byvoeglike funksie is so subjektief dat slegs hy weet wanneer sy werkwoorde semantief "leeg" en "vol" is, behalwe die kere wat hy een voorbeeld onder twee hoofde plaas. Hierdie bewering maak ons sonder die minste bedoeling om foutvinderig te wil wees, dog alleen maar om die noodsaak van 'n oplossing en die risiko verbonde aan 'n maatstaf wat nie by twee mense dieselfde resultaat lewer nie te beklemtoon. Dan is dit miskien gesonder om te soek na 'n maatstaf wat almal wat dit so wil toepas, tot naasteby dieselfde gevolgtrekking bring, al is daardie gevolgtrekking dan nie altyd volkome bevredigend nie. Dit word dan 'n kwessie van: wie dit toepas, pas dit konsekwent toe, en wie dit nie wil toepas nie, moet 'n ander in die plek daarvan stel. Daarom glo ons aan ons maatstawwe vir die onderskeiding tussen die "egte" en die "vergelykende" hoedanigheid met soms, seker nie omdat dit die enigste en daarom die juiste maatstawwe is nie, maar omdat dit in soverre bruikbare maatstawwe is dat daar o.i. nie uit elke tien persone wat dit toepas ook tien verskillende resultate^{nee} bereik word nie. Verder dien ons maatstawwe as handleidings en bevat nie die dwingende aard van 'n wiskundige sisteem nie.

Vir die onderskeiding tussen 'n voorwerps- en 'n byvoeglike verband aan die een kant en 'n onderwerps- en 'n byvoeglike verband aan die ander kant by of, d.w.s. waar telkens in dieselfde sin die een vir die ander aangesien kan word. wil ons nie op hierdie stadium aan-

spraak maak op volledige kriteria nie, dog wil meer die probleem probeer oopstel, alhoewel ons tog hier en daar 'n mening gee. Behalwe van of sal ons ook heelwat voorbeelde van dat gee waar dit verduidelikend kan werk. Van dat word dus slegs 'n klein deel vandie beskikbare materiaal gebruik omdat die probleem daar oor 'n groter veld strek as by of. Die doel is dan alleen maar om aan te dui in watter rigting die oplossing vir die probleem o.i. gesoek moet word.

A. Of noem 'n byvoeglike verband by 'n substantief in 'n voorwerpsfunksie.

Ook die "inhoud" van die saakkompleks van 'n dat-/of-sinslid is as mededeling (selfs die vraag is 'n mededeling) altyd 'n feit (of 'n veronderstelde feit) 24*).

Die feit dat dit reent.
Die feit dat daar 'n oorlog was
Die feit of dit sal slaag
Die feit dat dit more Saterdag is.
Die feit of hy geslaag het.

Dit is die werklikheidstellende aspek van 'n dat-/of-sinslid. Of iemand oor daardie feit 'n mening het (Ek meen dat hy hier is) of dit as 'n leuen beskou (Ek reken dis 'n leuen dat hy sal kom) dit staan vas dat die "inhoud" van die dat-/of-sinslid 'n feit is. Hoe ons oor daardie feit dink is 'n kwessie van die "vrye" denke al kan dit die taal as uitgangspunt hê. Dit is een van ons uitgangspunte en as die teendeel daarvan bewys kan word, dan val ook daarmee ons verder beskouinge. Maar die substantivering van die (veronderstelde) feitlikheid van die dat-/of-saakkompleks het in ons alledaagse taalgebruik miskien ook al so spontaan geword met uitdrukkinge soos: Ek is bewus van die feit dat jy hier is, dat aan die werklike bestaan van die feitlikheid self nie meer waarde toegeken word nie.

As ons egter gewoond is om te sê: Sy prent haarself die gedagte in dat sy verlief is, en minder gewoon: Sy prent haarself die feit in dat sy verlief is, dan volg daaruit:

(1) Dit bewys nie dat die besondere dat-saakkompleks nie 'n feitlikheid is nie, want vgl.:

Die feit dat sy verlief is, hinder haar nie
Ek glo nie aan die feit dat sy verlief is nie.

(2) Dit bewys ook nie dat die bepaalde substantief die feit sintakties nie verbindbaar is met die gesegde-woord inprent nie, want sintakties is inprent as 'n oorganklike werkwoord verbindbaar met 'n substantief in 'n voorwerpsverband. Die feit is net so 'n substantief as die gedagte, maar kategories as saak val dit in twee verdeelinge, netsoos klip 'n konkrete en siel 'n abstrakte saak kan wees -- en die kategorieë van sake self het met die taal niks te doen nie: die klip wat daar lê en wat die logika 'n konkrete saak noem, is self nie 'n stuk taal nie. (deur middel van die betekenis van woorde wys ons in taalgebruik alleen maar uit na sake wat buite die taal lê). Om nou bepaalde kategorieë van (subst.) sake uit te sonder deur te sé die kategorie waartoe gedagte behoort pas beter saam met inprent as die kategorie waartoe die substantief feit behoort, is geen sintaktiese kwessie in die taalgebruik nie, maar wel 'n kwessie van taalbeskouing, d.w.s. van reflekteer op die taal, kyk of die juiste woord gebruik is en dis deur die woord wat ons by die saak uitkom. Substantiewe in die taal is nie substantiewe omdat hulle tot bepaalde kategorieë van sake behoort nie, maar omdat hulle vanweë hulle leksikale aard bepaalde sintaktiese valensies vertoon, en een daarvan is dat dit met 'n werkwoord in 'n voorwerpsverband bruikbaar is. Daarom is ons nie in die taalgebruik gebonde aan die feit dat ons altyd 'n gesegde-woord moet gebruik wat uit ons ervaring "makliker" en "beter" by die subst. feit aanskakel nie. Die dissonant in die verbinding van 'n bepaalde gesegde-woord met die substantief feit (as behorende tot 'n bepaalde kategorie van sake) lê nie in die nie-feit-wees van die dat/of-sinslid nie, maar in die gesegde-woord en die substantiewe woord se taalbeskouende gebruik.

In hierdie verband moet Reichling (Het Woord, p. 416 vlg.) se ietwat misleidend gestelde uiteensetting van simboolveld reg gelees word. Na ect kan sintakties enige substantief ('n woord wat op grond van sy betekenis sintaktiese valensies vertoon waarop ons hom tot die "rededeel" substantief reken) 25*) as direkte voorwerp gebruik/

25*) Om 'n woordklas (rededeel) te bepaal moet die uitgangspunt die morfologie wees en die resultaat vul ons aan met 'n ondersoek na die

gebruik word. Die beperking wat hy daar lê op kaggels en cosinus (as saak-kategorieë) (Eet kaggels) is geen sintaktiese beperking nie. Want ek kan jou vra wat die skape in Willowmore se distrik eet en jy kan met 'n glimlag sê: Hulle eet klippe. Wie kan nou ontken dat hiermee geen taalgebruikseenheid, geen sin gemaak is nie, dat dit verstaanbaar is, dat dit die wyse van formulering in Afrikaans is bloot omdat skape geen klippe kan eet nie? Sintakties is die verbinding dus normaal en taalbeskouend sal niemand daar ook iets oor sê as ek 'n kinderverhaaltjie soos volg begin nie: Lank gelede was daar 'n dorpie Willowmore waar die skape klippe geëet en die visse saans voor die kaggel gesit en lees het. Sintakties is die hele gebruikseenheid volkome volgens reël geformuleer tenspyte van die kategorieë van sake wat ek verbind het. Taalgebruik en taalbeskouing is dus nie dieselfde ding nie. En wat ons probleem betref, bewys die taalbeskouende aard van die gesegde-woord (wat taalbeskouend nie met die gesubstantiveerde feitlikheid (die feit) van 'n dat-/of-saakkompleks saamaan nie), gladnie dat die inhoud van die dat/of-saakkompleks nog geen feitlikheid is nie want saam met ander werkwoorde (ook 'n kategorieëse indeling) gaan dieselfde gesubstantiveerde feitlikheid plus die feitlikheid self (die sinslid) taalbeskouend ook weer goed saam, terwyl die sintaktiese vereiste vir albei gevalle dieselfde bly.

Indien die dat-/of- sinslid 'n (veronderstelde) feit is, en ons twyfel daar nie aan nie, dan neem ons in die taal waar dat die gesegde-woorde van die regerende sinslid hulle wyse van verbinding met daardie feitlikheid in klasse verdeel. Hierdie indeling berus op die sintaktiese valensie van die woord "as grondslag van taal en taalgebruik" (Reichling). En een wyse van verbinding is 'n direkte verbinding met die (veronderstelde) feitlikheid as sinslid, d.w.s. in sy bepaalde verband.

Ek weet dat hy sal kom.
 Ek hoor dat hy siek is.
 Hy vra of ek lees.
 Hy weet self nie of dit waar is nie.

n.a.w. die leksikaliteit van die gesegde-woord, of liewers die geakti-

gesegde-woord onmiddellik gevolg (verbind) kan word met die taalteg-niese woord en dus ook met die dat-/of- sinslid self.

Waar die verbinding indirek is, daar gaan dit o.a. via 'n anafoor:

Hy ag dit gering dat ek sal beswaar maak.
Hy druk my dit op die hart dat ek lui is.
Hy beskou dit nog twyfelagtig of ek kom.

En waar hierdie anafoor sintakties funksioneel is (26*) , daar is hy dan, soos alreeds vroeër gekonstateer is, 'n deur-struktureringsmoment. Hierdie klasse van verbindings sal ons agtereenvolgens bymekaar probeer bring en daaruit aflei, of van daar af bepaal wanneer 'n dat-/of-sinslid byvoeglik is of nie. Dit is dus duidelik dat ons in hierdie afdeling die dat-/of- sinslid vereers in hulle voorwerps-funksie as uitgangspunt neem en vandaar soek na die byvoeglike:

1. Waar die leksikale aard van die gesegde-woord van die rege-rende sinslid so is dat dit direk met die (veronderstelde) feitlikheid van die dat-/of-sinslid verbind kan word, vind ons die volgende twee onder-klasse:

1.1. Die geaktiveerde betekenis-onderskeiding van die gesegde-woord van die regerende sinslid, maak 'n direkte verbinding in 'n voorwerpsverband moontlik

Ek weet(dit) dat hy sal kom.
Ek reken (dit) dat hy sal kom.
Ek weet (dit) nie of hy sal kom nie.
Ek twyfel nie (daaraan) of ek hom sal help nie.

Nou kan hierdie verbinding ook via 'n anafoor gemaak word (die werk-woord se leksikale aard laat dit toe), soos dit hier tussen hakies aangegee is, maar die anafoor is nog geen sintaktiese deur-strukture-ringsmoment nie, omdat die voorgenoemde direkte verbindings (ook) moontlik en 'n normale formuleringsgewoonte is.

Omdat die dat-/of- sinslid 'n (veronderstelde) feitlikheid is, is dit altyd moontlik om die feitelike inhoud daarvan te sub-stantiveer met behulp van die substantief feit:

Ek is/
26*) Daar is lus twee soorte indirekte verbindings: een is sintakties funksioneel (dan is die anafoor 'n deur-strukturerings-

Ek is verbaas oor die feit dat hy hier is
 Ek bekommer my oor die feit of hy sal slaag.
 Ek is nie seker van die feit of hy sal gaan nie.

En die gesegde-woorde in hierdie klas bied nou na aanleiding van hierdie verskynsel weer twee moontlikhede:

(1) Via die substantief feit is dit nie normaal verbindbaar met die dat-/of- saakkompleks nie, alhoewel daarsonder dit wel die geval is. So sê ons bv. (taalbeskouend gesien) nie:

Ek het die feit gesien dat hy gesteel het ~~nie~~.
 Ek weet die feit dat hy jok.
 Ek weet nie die feit of hy hier is nie.
 Ek het nie die feit vertel of hy studeer nie.

Tog is hierdie werk-woorde almal verbindbaar met 'n substantief (sien 'n kar, weet die waarheid, vertel 'n verhaal). Wel bestaan hier dan die moontlikheid dat van hierdie gesegde-woorde direk verbind kan word met 'n substantief wat ons noem: "rakende" die feitlikheid van die sekondêre sinslid:

Ek weet al die nuus dat hy hier is

Dié substantief bv. die nuus is egter nie 'n substantivering van die (veronderstelde) feitlikheid van die sekondêre sinslid nie daarom kan dit nie juis wees om te sê: die nuus = dat hy hier is nie want dat hy hier is = 'n feit. Laat val ons nou die substantief die nuus by ons dat-sinslid hier, dan word die gesegde-woord weer direk verbindbaar met die (veronderstelde) feitlikheid van die dat-/of- saakkompleks en sodoende is: Ek weet al dat hy hier is (my wete is betrokke op die feit self dat hy hier is) en: Ek weet al die nuus dat hy hier is (my wete is betrokke op die nuus insake die feit dat hy hier is) nie een en dieselfde saakkompleksgeheel nie. Nou vind ons wel by 'n grammatikus om te bepaal wanneer 'n dat-sinslid byvoeglik is of nie, die volgende beginsel: "In sinne soos "die nuus, dat hy gedood is, is skokkend", en "die feit, dat hy gevlug het, bewys dit" lyk die bysinne wel na byvoeglike bysinne, maar in werklikheid is hulle Onderwerpsinne in bystelling tot "nuus" en "feit" onderskeidelik. Die toets is dat hulle so een is met "nuus" en "feit" dat jy daardie twee woorde kan weglaat, en dan maak die geheel nog sin, wat nie die geval is met byvoeglike bysinne nie." 27*)

toets wat die grammatikus gee. Ongetwyfeld maak die geheel nog sin, soos hy sê, maar seker maak dit nie meer dieselfde "sin" nie, in ons terminologie: dit is nie meer interpreteerbaar as dieselfde saakkompleksgeheel nie. As die toets van sin-wees 'n toets is, dan moet dit ook werk op gevalle waar die substantief deur byvoeglike woorde nader bepaal is:

Die onverwagte nuus dat hy gekom het, was spoedig weer vergeet.

Die bekende feit dat hy gevlug het, bewys dit.

Ons hou ons by die onderwerpsin alleen maar solank ons met hierdie genoemde "toets" besig is. Seker kry ons ook geen on-sin as die substantief met sy bepaling hier weggelaat word nie, maar as ons vanuit sin moet argumenteer, dan moet selfs bv. die substantief nuus vervangbaar wees deur bv. berig, verhaal, ens. en mag daarteen niks gesê word nie want "die geheel maak nog sin", en so mag ons seker ook die werkwoorde verwissel Hierdie genoemde toets is dus geen toets nie nog minder as daarop gelet word dat die substantief nuus nie die substantief feit in dieselfde saakkompleksgeheel kan vervang nie, want dit moet die geval kan wees as die feitlikheid van die dat-saakkompleks "(so) een is met "nuus"". Die toets is o.i. nie of die geheel nog "sin" maak nie, maar of die geheel nog dieselfde "sin" maak en dis nie wat die grammatikus hier bedoel nie.

By die klas waarmee ons begin het, is ons argumente dan dat die dat-/of-saakkompleks 'n (veronderstelde) feit is en dat die geaktiveerde betekenis-onderskoiding van die gesegde-woord 'n direkte verbinding in 'n voorwerpsverband met daardie feitlike saakkompleks moontlik maak: "Ek weet dat hy kom" sodat 'n substantief soos nuus, berig, e.a. wat alleen die (veronderstelde) feitlikheid "raak" 'n ander saakkompleksgeheel tot stand bring - daarmee beheers die taalgebruiker 'n ander situasie. Gevolglik (7) Die werk-woorde van genoemde strukturele klas is direk verbindbaar met die feitlike dat-/of-saakkompleks, maar nie deur 'n substantief feit nie (Ek weet die feit dat..... is taalbeskouend gesien nie gebruiklik nie),

nie, wil nie sê dat enige ander substantief ("rakende" die feitlikheid), bv. nuus, berig, e.a. funksioneer om die feitlikheid van die dat-/of-saakkompleks saam te vat nie. Daarom is die dat/of-sinslid by 'n sodanige substantief altyd 'n byvoeglike bepaling as ons te maak het met die werkwoorde wat ons hierbo al omskryf het.

(ii) Hierdie klas werkwoorde wat nie deur die substantief feit verbindbaar is met die feitlike dat-/of-saakkompleks nie, maar alleen direk met die sinslid of (indien moontlik) met 'n substantief "rakende" die feitlikheid sodat die sinslid by daardie substantief 'n byvoeglike bepaling is, kan wel met behulp van 'n voorsetsel verbindbaar wees met en die substantief feit en die feitlike dat-/of-saakkompleks. Vanweë die voorsetsel is die substantief feit nou vervangbaar deur 'n voornaamwoordelike bywoord daarvan, daaroor, e.a.:

(Ek weet daarvan dat hy gekom het.
(Ek weet (van die feit) dat hy gekom het.

(Ek het nie gehoor daarvan of hy kom nie.
(Ek het nie gehoor (van die feit) of hy kom nie.

(Ek is nie bewus daarvan dat hy hier is nie.
(Ek is nie bewus (van die feit) dat hy hier is nie.

Die substantief feit het o.i. hier al deur die sintaktiese gebruiksreëls, en as samevattende substantief van die (veronderstelde) feitlikheid van die dat-/of-saakkompleks, die funksionele eie-waarde van 'n substantief prysgegee. Deur die sintaktiese gebruiksreëls is sy eie-waarde in hierdie gevalle al funksioneel verlaag tot die van 'n anafoor. Die substantief feit vervul hier sintakties niks meer as net die funksie van 'n uitwysende taalmoment nie, en sy gebruik hier is nie meer die verwoording van 'n bedoeling om dit te releveer in selfstandigheid nie. Sy gebruik het hier oorgegaan tot 'n blote formule. 0.1 gee die formule met die substantief feit en aan die ander kant die met 'n voornaamwoordelike bywoord (daarvan, daarmee, e.a) in hierdie gevalle nie 'n ander saakkompleksgeheel nie. Die substantief feit is hier funksioneel "'n anaforiese substantief" en as die dat-/of-sinslid daarby 'n byvoeglike bepaling moet wees, dan moet dit ook 'n sodanige bepaling wees by die voornaamwoordelike bywoord daarvan in albei gevalle by 'n taal-

'n voorwerp nie waarna uitgewys word deur die "anaforiese substantief" en die gewone anafoor. Hier moet voorlopig bygevoeg word dat ons dit hier/oor die groep: die plus feit in die sinsmodel S + Vf + R.

Vervang ons nou hier die substantief die feit deur 'n ander, bv. weer: nuus, berig, verhaal ens. en ons onthou dat met hierdie geaktiveerde betekenis-onderskeidinge die verbinding van die gesegde-woord met die dat-/of- saakkompleks deur die voorn~~aan~~woorde-like bywoord gaan, dan moet ons vra of: Ek weet van die feit dat en: Ek weet van die geskinder dat albei dieselfde saakkompleks is as: Ek weet daarvan dat En dit is wat ons wil ontken omdat die geskinder nie 'n substantivering is van die (veronderstelde) feitlikheid van die sekondêre saakkompleks nie en hierdie substantief nie soos die feit met 'n verlaagde eie-waarde aan 'n anafoor gelyk kan wees nie. Daarom kry ons met enige substantief, behalwe met die feit in sy funksioneel verlaagde eie-waarde, altyd 'n byvoeglike funksie van die sekondêre sinslid.

Ons tweede metodologiese stap was nou 'n bespreking van die werkwoorde wat voorheen genoem is, maar onder die strukturele aspek van hulle verbindbaarheid met die substantief die feit en ander substantiewe met behulp van 'n voorsetsel. Nou is dit 'n vraag of 'n werkwoord met 'n voorsetsel 'n ander geaktiveerde betekenis-onderskeiding het as dieselfde werkwoord sonder 'n voorsetsel. Die antwoord is: (i) soms is dit wel die geval, (ii) soms is dit blykbaar nie die geval nie en (iii) soms is dit gladnie uit te maak nie. Hier val (ii) en (iii) feitlik saam. In die volgende gevalle is dit duidelik die geval 28^o):

Hy verlang(=eis) dat jy weggaan X Hy verlang daarna (=wens) dat jy weggaan.
 Hy reken (=bereken) dat jy oor drie dae klaar sal wees X Hy reken daarop (=vertrou) dat jy oor drie dae klaar sal wees.
 Ek dink(=vermoed) dat dit more sy verjaardag is X Ek dink daaraan(=my gedagte is daarop gerig) dat dit more sy verjaardag is (=ek is wel seker en het dit nie vergeet nie).
 Hy antwoord toe dat dit nie kan gebeur nie (= die dat-sinslid bevat die inhoud van sy antwoord) X Hy antwoord toe daarop dat dit nie kan gebeur nie (= die dat-sinslid bevat die inhoud van 'n medede-ling deur iemand anders gesaak)

Hierdie probleem raak egter nie die uiteensetting wat hierbo gegee is nie en dui alleen maar daarop dat die sintaksis in diens is van die semantiek. Ons kan verder gaan:

Indien hierdie werkwoorde die drie moontlikhede bied:

(i) dat **dit** direk verbindbaar is met die (veronderstelde) feitlikheid van die dat-/of- saakkompleks:

Hy is verbaas dat ek gekom het.

(ii) dat dit deur 'n voornaamwoordelike struktuurprinsiep met die (veronderstelde) feitlikheid verbind kan word:

Hy is verbaas daaroor dat ek gekom het.

(iii) dat dit deur die substantief die feit (in 'n voorsetselgroep) met die (veronderstelde) feitlikheid verbind kan word:

Hy is verbaas oor die feit dat ek gekom het.

dan is die substantief die feit hier nog geen deurstrukturerings-moment nie, omdat die vervangbaar is deur die anafoor (wat op sy beurt ook nog geen deurstruktureringsmoment is nie) sonder dat ons daardeur 'n ander saakkompleksgeheel kry. Maar dit (die feit) kan wel 'n deur-struktureringsmoment gemaak word deur die eie-waarde daarvan te gaan verhoog sodat dit funksioneel nie meer gelyk is aan 'n anafoor nie. En die taal bied die moontlikhede daarvoor:

(1) Deur die substantief byvoeglik nader te bepaal:

Ek is verbaas oor die/ die bepaalde/ daardie feit/ die feit wat nou net geopper is dat

(ii) Deur die substantief te verklein. Daardeur word 'n bepaalde(r) saak feit geaktiveer:

Ek is nou nie juis verbaas oor die feitjie dat

(iii) Selfs die sintaktiese waarde van die musiese aspek moet in so 'n geval ondersoek word. (Sins-) intonasie is die derde dimensie van die taal saam met Bühler se twee-dimensionale verdeling in: woord-vorm - sintaksis. Dié aspek van die taal is egter nog te min ondersoek om breedvoerig daarop in te gaan.

Die saakkompleksgehele van:

Ek is verbaas dat hy gekom het.

Ek is verbaas daaroor dat hy gekom het.

Ek is verbaas oor die feit dat hy gekom het.

Ek is verbaas oor die besondere feit dat hy gekom het

is dan nou nie meer dieselfde nie en die sekondêre sinslid is nou 'n byvoeglike bepaling by die substantiviese struktuur-prinsiep (feit) wat geaktiveer is met 'n eie-waarde hoër as die wat dit het as dit funksioneel gelyk is aan 'n anafoor. Eintlik is die dat-/of- sinslid nou verbindbaar met die bepaalde taalmoment wat die eie-waarde van die substantief verhoog (29*) - net soos dit die geval is by substantiewe wat slegs die (veronderstelde) feitlikheid van die sekondêre saakkompleks raak:

Ek is verbaas oor die meegedeelde nuus dat
 Ek is verbaas oor die hinderlike skinderstories
dat

As die dat-/of- sinslid 'n byvoeglike bepaling is by die substantief die feit met 'n verhoogde eie-waarde of by 'n substantief wat nie die (veronderstelde) feitlikheid van die sekondêre saakkompleks substantiveer nie (bv. nuus, berig, ens.) net of sonder 'n verhoogde eie-waarde, dan is daardie substantief konteksueel 'n voorwerp in die regerende sinslid.

Dus: die primêre vereiste vir 'n dat-/of- sinslid in hierdie afdeling om 'n voorwerp te kan wees is dat die substantief in die regerende sinslid eerstens dieselfde feitlikheid moet bevat of saamvat as die van die sekondêre saakkompleks (en dit kan alleen feit doen) en tweedens dat hierdie substantief die saakkompleks van die sekondêre sinslid moet saamvat op 'n vlak van minimale eie-waarde wat daardie substantief nie sintakties 'n deur-struktureringmoment vir 'n bepaalde saakkompleksgeheel maak nie.

1.2 Die gesegde-woord van die regerende sinslid is leksikaal van so 'n aard dat dit (i) direk verbindbaar is met die (veronderstelde) feitlikheid van die dat-/of-saakkompleks, en (ii) verbindbaar deur die substantief feit, maar dan nie in 'n voorsetselgroep nie en (iii) verbindbaar deur 'n anafoor maar dan nie van die voornaamwoordelike soort met 'n voorsetsel nie:

(Ek moet nog vasstel of dit alles waar is
 (Ek moet dit nog vasstel of dit alles waar is

(Jy moet nagaan of die werk gedoen is
 (Jy moet dit nagaan of die werk gedoen is.
 (Jy moet die feit nagaan of die werk gedoen is.

(Hulle sal oorweeg of hulle sal help.
 (Hulle sal dit oorweeg of hulle sal help.
 (Hulle sal die feit oorweeg of hulle sal help.

Omdat die gesegde-woord van die regerende sinslid direk verbindbaar is met die sekondêre sinslid is nóg die anafoor nóg die substantief die feit wanneer hulle gebruik word sintakties 'n deur-struktureringmoment. En semanties beskou is tussen ^{die} drie wyses van beheersing van 'n situasie geen verskil in saakkompleksgeheel nie. Die substantief die feit is hier weer slegs anafories funksioneel en daarom is die sekondêre sinslid geen byvoeglike bepaling daarby nie. Sodra sy anaforiese funksie opgehef word deur 'n verhoogde eie-waarde, soos alreeds verduidelik dat dit die geval kan wees, dan tree die byvoeglike funksie van die sekondêre sinslid in omdat die substantief die feit dan 'n voorwerp in die regerende sinslid geword het en vir 'n bepaalde saakkompleksgeheel 'n deur-struktureringmoment.

Om dieselfde redes alreeds genoem (die(veronderstelde) feitlikheid van die sekondêre sinslid) is enige ander substantief in die plek van die feit klaar 'n voorwerp en die sekondêre sinslid daarby 'n byvoeglike bepaling:

Ek moet nog die moontlikheid nagaan of dit gedoen kan word.
 Ek sal die kwessie oorweeg of dit gedoen kan word.

2. Die gesegde-woord van die regerende sinslid is leksikaal van so 'n aard dat dit nie direk met die saakkompleks van die dat-/of-sinslid d.w.s. met die sekondêre sinslid in 'n voorwerpsverband verbind word nie. Die verbinding gaan op sy minste deur 'n anafoor: die voornaamwoord (dit) of die voornaamwoordelike bywoord (daarmee, daarvan, ens.). Ons vat albei tipes hier onder een afdeling saam. Alhoewel die leksikale aard van die gesegde-woorde dieselfde struktuur bied wat betref die anafoor, onderskei hulle hulle wat betref die substantiviese struktuurprinsiep in die regerende sinslid en wat die vraag lower of dit 'n voorwerp of nie 'n voorwerp is nie. Ons vind

- (a) 'n Verbinding via die substantief die feit is gewoon.
 (b) 'n Verbinding via die substantief die feit is nie (so) gewoon nie.

2.1. Insake (a):

Hy skat/ ag die feit/ dit gering dat ek sterk is.
 Die beslissing berus op die feit/ daarop of hy sal
 werk.
 Hy trek hom die feit/ dit aan dat sy vrou siek is.
 Hy het die feit/ dit aangeroeer dat Jan siek is.
 Hy skryf die feit/ dit aan my toe dat hy gedruip het.
 Ons het nie te make met die feit/ daarmee of dit
 vandag sal reent of nie.
 Hy verlaat hom op die feit/ daarop dat hy ryk is.
 Hy verklaar hom teen die feit/ daarteen dat ons
 sleg is.
 Hy laat hom nie uit oor die feit/ daaroor of hy
 sal help nie.

Verbind ons nou ons dusver gestelde mening hiermee dan moet
 ons weer sê dat die saakkompleks met die substantiviese struktuurprin-
 siep (die feit) en die met die voornaamwoordelike dieselfde is. Die
 voornaamwoordelike struktuurprinsiep is hier deur-strukturerend en
 daarom ook die substantiviese (die feit) waarvan die minimale eie-
 waarde hom funksioneel gelyk aan die voornaamwoord maak. Die sekon-
 dêre sinslid is daarom geen byvoeglike bepaling by hierdie "anaforiese
 substantief" nie. Verhoog ons nou weer die eie-waarde daarvan dan
 verhoog ons sy funksionele waarde bo die van 'n anafoor en die
 sekondêre sinslid word dan wel 'n byvoeglike bepaling.

Terselfdertyd kan hierdie gesegde-woorde taalbeskouend hulle
 ook verbind met 'n substantief wat nie die feitlikheid van die sekondê-
 re saakkompleks saamvat nie (30*). So kan ons sê:

Hy skat die mening gering dat ek sterk is.
 Die beslissing berus op die gevolgtrekking dat
 hy gejok het.
 Hy skryf die gebeurtenis dat hy gedruip het, aan
 my toe.

En so kan ons met elke gesegde-woord wat hierbo genoem is
 'n ander kategorie van saak wat nie die feitlikheid saamvat nie, verbind.

Om nou te gaan sê dat: Hy skat die mening/ die feit/ dit
 gering dat ek sterk is as saakkompleksgehele identiek is, is o.i.
 nie juis nie. Die mening is hier funksioneel nie gelyk aan 'n

deurstrukturerende/
 30*) L.W. ons bespreking gaan altyd aan die hand van die voorbeelde
 wat uitdruklik genoem is. Pas dit dan nie op gevalle wat struktu-
 reel op 'n ander vlak lê nie. dan is dit die plig van die taalkundige

deurstrukturerende anafoor soos die substantief die feit nie en as ons hom weglaat en die anafoor laat fungeer dan het ons 'n ander saakkompleksgeheel. Dus:

(i) die mening is 'n deur-strukturerende substantiviese struktuur-prinsiep vir een saakkompleksgeheel, en

(ii) die anafoor(en anafories funksionerende substantief die feit) is 'n deur-struktureringsmoment vir 'n ander saakkompleksgeheel.

Gevolgtlik is die sekondêre sinslid geen voorwerp by (i) nie, maar 'n byvoeglike bepaling.

2.2. Insake (b)

Sy het haar dit ingeprent dat sy verlief is X
 Sy het haar die gedagte ingeprent dat sy verlief is.
 Hy opper toe nie die moontlikheid of ons dit maar
 kan waag nie. *Hy opper dit toe nie of...*

Ons gevolgtrekking is weer dat alle gesegde-woorde nie taal-beskouend gesien deur die substantief die feit met die feitlikheid van die sekondêre saakkompleks verbindbaar is en hoef te wees nie maar dat in sodanige gevalle enige ander substantief in die regerende sinslid dan 'n voorwerp moet wees en die sekondêre sinslid daarby 'n byvoeglike bepaling.

Die gebruik van die sogenaamde gesubstantiveerde* werkwoord in die regerende sinslid vra 'n afsonderlike bespreking:

Hy gee my die versekering dat hy sal help
 Hy stel die eis dat ons moet werk
 Hy spreek die mening uit dat ons sterk is
 Hy stel my die vraag of alles goed gaan.

Gesubstantiveerde werkwoord beteken hier nie dat daarin die (veronderstelde) feitlikheid van die sekondêre saakkompleks saamgevat is nie omdat die selfstandige werkwoorde verbaas, eis, verseker, meen, vra, ens. gebruik saam met 'n dat-/of-sinslid (Hy vra, verseker, eis dat ...) ook hoegenaamd niks van die feitlikheid van die sekondêre sinslid in hulle bevat nie (31*)). Daarom lê ons probleem nou verskuif en dit word verskuif deur die opvatting dat die gesegde-

woord/

31*) Met 'n gesubstantiveerde werkwoord beperk ons ons dus hier tot die gevalle waar dit as selfstandige werkwoord direk of indirek met 'n dat-/of-sinslid verbindbaar is. Die feit dat ons die term "gesubstantiveerde werkwoord" hier oorneem, wil nog nie sê dat ons

woord plus die gesubstantiveerde werkwoord nou tweeledig geïnterpreteer kan word, nl.

(i) dit is 'n verbale eenheid sodat die sekondêre sinslid 'n voorwerp is, of

(ii) dit is nie 'n verbale eenheid nie sodat die gesubstantiveerde werkwoord 'n voorwerp in die regerende sinslid^{is} en die sekondêre sinslid daarby 'n byvoeglike bepaling.

Die probleem moet dus vanuit die verbale eenheid aangepak word en nie vanaf die kant van 'n substantief wat die feitlikheid van die sekondêre saakkompleks saamvat nie (dié probleem is al bespreek), alhoewel die feit nog vasstaan dat die inhoud van die sekondêre saakkompleks altyd 'n (veronderstelde) feitlikheid bly.

Eers moet ons dan verantwoording doen van die begrip verbale eenheid. 'n Verbale eenheid (en hier bedoel ons die met 'n gesubstantiveerde werkwoord as een van die lede) is 'n tipe uitdrukkingsgeheel soos alle vaste uitdrukkinge 'n uitdrukkingsgeheel is. Maar alle uitdrukkingsgehele is nie verbale eenhede nie. Wat is dan die tipe uitdrukkingsgeheel waaronder ons verbale eenheid tuishoort? Die vrae wat aandag vereis, is:

- 1) hoe kom so 'n uitdrukkingsgeheel tot stand? 32*).
- 2) is dit 'n sintaktiese kwessie?
- 3) indien nie kan dit invloed op die sintaksis he?

Beskou ons 'n vaste uitdrukking soos: 'Geheim bewaar dan is die werkwoord bewaar oorganklik, sy leksikale aard is dus so dat hy hom projekteer op 'n substantief in 'n voorwerpsverband. Dis die sintaktiese moontlikheid wat die semantiek vaslê, want sonder semantiek geen sintaksis nie. Die sintaksis vra alleen 'substantief as aanvulling, nie 'n bepaalde substantief nie en so kan ons sê:

Bewaar geld/ goud/ 'n besitting/ 'n tjekboek, ens.

Al hierdie substantiewe noem elkeen afsonderlike sake buite die taal en sake wat tot verskillende kategorieë behoort. Selfs die logiese kategorieë van konkreet en abstrak kan nog in oneindig veel

substantiviese/

32*) Metodologies is dit fout om eerste te vra: hoe kom so 'n

substantiviese kategorieë verdeel word. So behoort geld tot 'n kategorie betaalmiddel, 'n koei tot 'n kategorie herkouende dier ens., m.a.w. daar kan in werklikheid net soveel saak-kategorieë gevind word as wat daar sake bestaan. Geheim kan dus tuisgebring word onder so-iets soos: iets wat jy nie moet verklap nie. Bewaar behoort ook tot 'n bepaalde kategorie van werkwoordelike sake: werkwoordelike sake is sake wat nie selfstandig bestaan of as sodanig gedink kan word nie. Deurdad die taalgebruiker deur refleksie op die taal die twee sake bewaar en geheim "mooier", "beter" en later "gewoner" bymekaar vind as: 'n geheim vir jouself hou of iets dergelyks het die samekoppeling van die twee sake 'n gewoonte, 'n uitdrukking in die taal geword. En met gewoonte bedoel ons hier: 'n algemeen aangenome gebruik. Die term gebruik bevat die begrip handeling of werksaamheid en daarom het die saamgekoppelde sake 'n handelingsinstrument in die taal geword, 'n instrument waarmee ons weet wat ons wil noem deur die betekenis van die twee woorde saam te bring. Hierdie refleksie op taal is 'n kwessie van taalbeskouing.

'n Uitdrukkingsgeheel is dus 'n produk van taalbeskouing tot stand gebring deur die gewoonte.

Dit gee verder die negatiewe antwoord op die vraag of dit 'n sintaktiese kwessie is, want die sintaksis (deur die semantiek) stel enkel maar die vereiste dat bewaar as oorganklike werkwoord moet vooruit projekteer op 'n substantief in 'n voorwerpsverband, maar watter kategorie van substantiviese saak gebruik word, gaan hom nie aan nie.

'n Geheim bewaar, 'n beswaar opper, 'n vraag stel as uitdrukkingsgehele kan wel deeglik 'n invloed op die sintaksis hê. As iemand beweer dat hulle verbale eenhede is, is dit klaar al 'n konstatering van die feit dat aan die uitdrukkingsgeheel 'n bepaalde sintaktiese funksie toegesê word. Iemand anders kan hierdie uitdrukkingsgehele 'n sintaktiese funksie ontsê, maar die feit bly staan dat hulle uitdrukkingsgehele bly en is in die Afrikaanse taal. Die werklike sintaktiese funksie kan dus noual toeledig konstaterings-

uitdrukkingsgeheel en dis nl. dat 'n uitdrukkingsgeheel sy linguistiese funksie as sodanig enkel en uitsluitend ontleen aan ons wete wat ons daarmee doen. Hierdie feit splits die uitdrukkingsgeheel op in sy samestellende momente want dit kom hierop neer: dat twee taalbeskouers aan die afsonderlike momente (bewaar plus geheim) verskillende linguistiese waardes gaan toeken.

Overdiep in sy ontleding van die sintaksis van die 17de eeu konsentreer op die werkwoordelike moment bewaar wat vir hom nou semanties "leeg" sou geword het en eers weer met geheim "vol" gemaak kan word en daarom is 'n geheim bewaar vir hom 'n verbale eenheid. Vir ander weer sal bewaar as selfstandige werkwoord fungeer (semanties "vol"!)) en 'n geheim dan as voorwerp.

Hiermee is ons in die middel van ons probleem met die twee kante:

- 1) is die gesubstantiveerde werkwoord lid van 'n verbale eenheid, dan is die dat-/of-sinslid 'n voorwerp.
- 2) is die gesubstantiveerde werkwoord nie 'n lid van 'n verbale eenheid nie dan is die dat-/of-sinslid 'n byvoeglike bepaling by geheim.

Maar soos ons dit nou stel, verlé ons die klem want Overdiep sou gesê he: 33*):

- 1) is die werkwoord semanties leeg dan
- 2) is die werkwoord semanties "vol" dan ...

Ons moet nou eers die vraag beantwoord: hoe kom Overdiep tot sy idee van semanties "leeg" en "vol" woorde? Ons kan vereers sê dat sy begrip van semanties "leeg" aansluit by 'n ander begrip nl. verswakte betekenis wat voortspruit uit die opvatting dat 'n woord 'n betekenis-kern sou besit 34*). Vir ons het 'n woord 'n begin-betekenis waarby onderskeidings geïntegreer kan word sodat die betekenis, soos Reichling dit uitdruk: in 'n ander lyn of in 'n ander dimensie uitgebou word. Die betekenis van 'n woord besit "rekbaarheid" en juis omdat dit 'n gebruiksgedagte is, kan ons verskeie sake daarin dink, m.a.w. ons kan dit in verskeie situasies gebruik deur sy

(betekenis-)/
33*) Dis nie altyd maklik om uit te maak wat Overdiep werklik sê nie.

(betekenis-) onderskeidings te releveer solank ons maar net weet wat ons met daardie woord doen. Die werkwoord bewaar wat Overdiep nou semanties "leeg" beskou saam met geheim kry alleen maar 'n bepaalde betekenis-onderskeiding gereleveer en daardie onderskeiding behoort net so tot die geheel van die betekenis bewaar as die "eerste" onderskeiding/^{waarvan} die mense sou sê dit was die "kern"-onderskeiding. Hierdie gereleveerde onderskeiding saam met geheim is dan wat die (ouer) taalkundiges die "verswakte" betekenis sou noem - 'n verswakking vanaf die "kern"-betekenis dus. So gee Van Dale van "geven" enkele "betekenisse" (wat ons vermoed nou die "kern"-betekenis moet uitmaak) en dan 'n degraderende indeling: "verswakking van betekenis" en hier vind ons dan gee saam met bevel, ook 'n uitdrukkingsgeheel. Dus gee het "verswak" van die kern af i.p.v. dat dit in die uitdrukking ('n) bevel gee 'n bepaalde betekenis-onderskeiding gereleveer kry. Sodra hy "verswak" het, is hy semanties "leeg". O.i. is alle woordbetekenisse ewe "vol", ewe onafhanklik om te simboliseer. Overdiep se stilistiese metode gaan self sover dat van die woord as taalmoment met eie wettelikheid niks meer oorbly nie: betekenis word by hom sintaktiese funksie sonder meer. En as die betekenis "leeg" is, dan is die sintaktiese funksie ook "leeg" en dis presies wat hy met bewaar (plus geheim), gee (plus bevel), e.a. ook bedoel. Omdat die funksie "verswak" het (tot 'n koppelwoord) het die betekenis ook "verswak". Selfs hierdie opvatting van Overdiep (wat 'n dwingende gevolgtrekking uit sy hele werk is, alhoewel nie altyd duidelik genoem nie) is in stryd met jongere taalopvattinge, want dit is nie die funksie wat die betekenis "maak" nie maar dis die betekenis wat die funksie moontlik maak. Overdiep slaan ook een fase oor, nl. dié van woordmaking want voordat 'n woord die betekenis kan kry wat hy in 'n sin het (ons sê dus nie dat 'n woord eers in 'n sin 'n betekenis kry nie) moet daar 'n ander moontlikheid bestaan, nl. om in 'n sin daardie betekenis te kan kry en hierdie moontlikheid lê in die woord as sodanig nog voordat dit in 'n sin gebruik (was) word. Hierdie moontlikheid kry hy as die woord gemaak word, as ons vir die eerste

Gee se leksikale aard maak 'n sintaktiese verbinding met 'n substantief moontlik, maar sy betekenis skryf nie 'n bepaalde kategorie van substantiewe voor nie. Waarom is die betekenis dan nou verswak (Van Dale) as dit saam met die substantief bevel gebruik word?

As Overdiep gee as semanties "leeg" beskou sodra dit saam met bevel gebruik word en dan daarmee te konne gee dat gee as 'n soort koppelwerkwoord fungeer dan sien hy oor die hoof dat ('n) bevel gee as uitdrukkingsgeheel gebruik word en dan vergeet hy o.i. om te vra wat is die bedoeling van die taalgebruiker nou in 'n sin soos: Hy het bevel gegee om te trek. Is die bedoeling nou dat om te trek die woord bevel nader moet bepaal, m.a.w. weet die taalgebruiker nog dat hy dit so gebruik? want: bevel en om te trek en gee ontleen hulle linguistiese funksie as sodanig enkel en uitsluitend aan ons wete wat ons daarmee doen. En as ons net iets iets doen dan het ons 'n bedoeling en is die bedoeling nou dat gee gesegde moet wees, bevel die voorwerp en om te trek die byvoeglike bepaling? Dit is o.i. die vraag wat moet beslis word, want nou gee Overdiep toe dat as ons bevel byvoeglik nader gaan bepaal: 'n streng bevel dan word gee semanties ' "voller" sodat bevel nou duidelik voorwerp is en om te trek byvoeglike bepaling. Nou vra ons: kry gee dan daardoor 'n ander betekenis wat "voller" is? Gee beteken o.i. ⁱⁿalbei gevalle nog maar gee. Kan dieselfde betekenis dan nou in die een geval "vol" wees en in die ander geval "leeg"? Dit is onmoontlik en alleen die funksie kan verander: "vol" as selfstandige werkwoord en "leeg" as koppelwoord. Maar die moontlikheid besit gee al inherent vanaf die eerste keer wat die woord lig gesien het.

Ons reken dat die probleem anders hokyk: *moet word en stap* vir stap het ons gevra en vra nog verder:

- (1) wat is 'n uitdrukkingsgeheel want ('n) bevel gee is so 'n geheel?
- (2) As ons dit weet dan kan ons vra of die gewoonte nie daarvoor verantwoordelik is dat ('n) bevel gee 'n verbale eenheid is nie, want wat doen die gewoonte? Dit verklaar vir ons of die taalgebruiker weet of hy ('n) bevel as voorwerp gebruik of nie. Dus of hy die

die werkwoord bevel. Maar daardeur "verswak" geen betekenis nie. Al wat "verswak" is die eie-waarde wat toegeken word aan die substantiviese bevel (nie die eie-waarde wat hy inherent besit nie) want om watter ander redes laat val ons reël-matig die onderskeidende moment 'n in : Hy het bevel gegee dat ons moet trek, maar behou dit reël-matig in: Hy het 'n bevel uitgeskryf dat ons moet trek, d.w.s. in 'n nie-uitdrukkingsgeheel?

Ons reken verder dat om die bedoeling van die taal-gebruiker hier op te spoor daar gekyk moet word hoedat in elke uitdrukkingsgeheel die eie-waarde van die gesubstantiveerde werkwoord (die saak daarvan) geaktueer word. Ons kan geen ander metode bedink nie. Maar dan voeg ons onmiddellik by dat die bedoeling in die taalstruktuur beliggam en deur taalmiddels aanwysbaar moet wees. So sal ons die eie-waarde sorteer totdat ons kom by die gevalle waar die uitdrukkingsgeheel as verbale eenheid afhanklik word van ons subjektiewe oordeel insake die geaktiveerde eie-waarde en daar laat ons die probleem oop omdat ons nie glo aan gevoel as 'n mededeelbare maatstaf nie. Tog gebruik ons baie ons gevoel maar dan alleen waar dit taalervaring is, maar dan word dit nie meer maatstaf nie, maar enkel die konstatering van 'n ervaarde feit.

Maatstaf interpreteer ons dan deurgaans in hierdie werk as:

- 1) 'n reeks feite wat nagespoor is en as onderskeidende werklikhede mededeelbaar gemaak word.
- 2) 'n reeks feite wat nagespoor is en as onderskeidende werklikhede hulleself mededeelbaar maak. Die blote prinsiep waarvolgens die klassifikasie van materiaal geskied, is op sigself genome al 'n maatstaf, solank die feite nie meer-duidend gaan word nie. Word dit meerduidend dan word die beginsel van 1) toegepas om een prinsiep van 'n ander te onderskei, maar
- 3) is onderskeiding by ons ook nie moontlik nie dan word deur prinsipes van klassifikasie sodanige gevalle byeengebring en die maatstaf oopgelaat.

Uitgaande van die relevantheid van die eie-waarde van die gesubstantiveerde werkwoord soos deur taalmiddels aangegee, onderskei onderskei ons:

Die gerealiseerde eie-waarde is relevant vir die gesubstantiveerde saak en ook vir die verbindbaarheid van die dat-/of-sinlid met daardie saak, maar dis nie deurslaggewend vir ons ken (onderskeiding) van die bepaalde konteksuele verband van die gesubstantiveerde werkwoord nie omdat ons laasgenoemde betrekking reeds aan of saam met 'n ander (meer objektiewe) faktor kan ken, 'n faktor wat ook betrekking het op die eie-waarde.

1. Een so 'n ander faktor is die plek van die gesubstantiveerde werkwoord in die sinlid, 'n plek wat hom totaal losmaak van 'n gesegde-funksie. Sy sintaktiese funksie bepaal dan ook hier duidelik sy plek. Die eie-waarde bepaal nie die sintaktiese funksie nie, maar van die sintaktiese funksie lees ons die eie-waarde af. Die gesubstantiveerde werkwoord kry hier deur sy plek geen (moontlike) semantiese waarde om as uitdrukkingsgeheel te fungeer nie en as die uitdrukkingsgeheel opgehef word, word die moontlikheid van 'n verbale eenheid ook opgehef omdat hierdie verbale eenheid slegs kan bestaan nadat dit 'n uitdrukkingsgeheel geword het. En omdat daardie probleem van 'n verbale eenheid self irrelevant word, daarom ken ons die konteksuele verband van die gesubstantiveerde werkwoord en dit lei tot die vasstelling van 'n byvoeglike funksie en die uitsluiting van 'n voorwerpsfunksie van die dat-/of-sinlid. So vind ons:

(a) die gesubstantiveerde werkwoord word deur 'n voorsetsel geskei van die gesegde. Hierdie gesegde kan wees:

(i) 'n duidelike nie-verbale eenheid of self wel 'n moontlike verbale eenheid, maar een met momente waarvan een daarvan nie self 'n gesubstantiveerde werkwoord is nie:

Ek het groot geword met die gedagte dat dit so is.
 Ek glo nie aan jou uitleg dat dit kan gebeur nie.
 Ek het hom genader met die versoek of hy nie sal kom nie.

Ek gaan uit van die veronderstelling dat so-iets moontlik is.

So-iets gee aanleiding tot die vraag of daar

(ii) self 'n moontlike 35*) verbale eenheid met een van die lede wel 'n gesubstantiveerde werkwoord, maar een wat (vgl. voetnoot 35*) in die bepaalde sin buite ons probleem val:

Hy spreek 'n mening uit oor die vraag of dit wenslik is.

Hy stel 'n ondersoek in na die besluit dat gehelp moet word.

Hy vertoon sy verbasing oor die versoek of ons wil kom.

(b) die gesubstantiveerde werkwoord is self reeds 'n bepaling of deel van 'n bepaling by 'n ander substantief wat konteksueel is (afgesien van die aard van die gesegde):

(a) Die onderwerp van 'n sinslid.

Die probleem met betrekking tot die vraag of ons sal moet betaal, is nie bevredigend opgelos nie.

(b) 'n Voorwerp in 'n sinslid.

Hy het die gedagtewisseling na aanleiding van die vraag of daar weer oorlog sal wees, kortgevat. Ons sal die ondersoek na die versoek of ons nie hulp kan stuur nie, voortsit.

Sodra die gesubstantiveerde werkwoord op hierdie wyse gaan losstaan van die (moontlike) funksie van 'n lid van 'n verbale eenheid, ken ons hom in 'n ander bepaalde funksie sodat die vraag of die dat-/of-sinslid 'n byvoeglike bepaling of 'n voorwerp is, onmiddellik opgelos word. Die gesubstantiveerde werkwoord se geaktueerde eie-waarde word dan, soos reeds gesê, vir die ken (onderskeiding) van sy funksie irrelevant. Die probleem is nie om die funksie van 'n gesubstantiveerde werkwoord met 'n duidelike geaktiveerde eie-waarde te kan ken nie, maar om hom te kan ken daar waar die eie-waarde in 'n bepaalde posisie in die sin minimaal (globaal) is. Met 'n minimale eie-waarde kan die gesubstantiveerde werkwoord op 'n bepaalde plek (maar nie die plekke wat ons nou net aangewys het nie) op die grens van twee verskillende funksies kom lê en daarom moes ons eers die gevalle soek waar hierdie grens nie kan bestaan nie al is die eie-waarde ook minimaal. In die voorafgaande afdelings en in ander soortgelyke konstruksies wat hierdie grens duidelik kan ophef, is die eie-waarde

van die/

35*) Ons sê hier ook weer moontlike en bedoel daarmee: wie dit as 'n verbale eenheid wil beskou, kan dit doen en dit raak ons prinsipe nie hier nie want dit is nie daardie gesubstantiveerde werkwoord (so

van die gesubstantiveerde werkwoord vir ons alleen maar van belang vir sover ons daar as verksynsel mee moet rekening hou. Dit is vir ons doel wat die voorafgaande strukture betref, geen deur-strukturering-moment vir die ken van die funksie nie.

Voorbeelde van duidelik verhoogde eie-waarde van die gesubstantiveerde werkwoord in die plekke so pas aangedui is bv.

So-iets gee aanleiding tot die netelige vraag of...
Ons sal die ondersoek na die mening van die vorige
aand, nl. of, voortsit

2. Nog 'n sodanige faktor is die gebruik van 'n gesegde-woord wat op grond van 'n semantiese faktor nie saam met die gesubstantiveerde werkwoord 'n verbale eenheid vorm nie, alhoewel daardie gesubstantiveerde werkwoord binne sy funksie-veld as lid van 'n verbale eenheid begin lê, d.w.s. sy plek in die sin hef nie meer die moontlikheid van 'n interpretasie as 'n verbale eenheid op nie. Hierdie semantiese faktor sal ons hieronder telkens verantwoord. Hierdie materiaal vorm die oorloop tot die gevalle wat in para 3, verderaan alleen (objektief) op die geaktiveerde eie-waarde kan staatmaak. Wat hierdie twee paragrawe van mekaar skei, is dus alleen maar die semantiese faktor wat eie aan die gesegde-woord is:

Hy herhaal weer die vraag of ons bereid is.

Die semantiese faktor: die uitdrukking: 'n vraag stel/vra kan hoogstens die moontlikhede tot 'n verbale eenheid vorm.

Hy het 'n bevel uitgeskryf dat ons moet trek.

Die semantiese faktor: die uitdrukking: bevel gee/ontvang kan hoogstens die moontlikhede tot 'n verbale eenheid vorm.

Hy het 'n berig opgestel dat dit gereent het.

Die semantiese faktor: die uitdrukking: berig stuur/ontvang kan hoogstens die moontlikhede tot 'n verbale eenheid vorm.

Ons het oorgegaan tot 'n ooreenkoms dat ons mekaar sal steun.

Die semantiese faktor: die uitdrukking: tot ooreenkoms maak/kom kan hoogstens die moontlikhede tot 'n verbale eenheid vorm.

As ons nou hierdie semantiese faktor as objektiewe kenmiddel gebruik, dan word die eie-waarde van die gesubstantiveerde

paragraaf van belang wees, hierdie genoemde semantiese faktor is vir ons die bewys dat die eie-waarde wel deeglik vir ons funksioneel is en kan wees, al is dit hier tot sekondêre faktor gemaak (hy is nie sekondêr, nie, maar ons maak hom sekondêr, ons verkies 'n objektiewe(r) maatstaf bo hom). Vanwaar hierdie funksionaliteit van die eie-waarde? Omdat genoemde semantiese faktor d.w.s. die semantiek van 'n gesegdewoord wat nie 'n uitdrukkingsgeheel vorm nie, telkens die bewys kan lewer hoedat die geaktiveerde eie-waarde van die gesubstantiveerde werkwoord daardeur verhoog kan word, d.w.s. hoër geaktiveer word as in die geval van 'n vaste uitdrukking, bv. Hy het bevel gegee dat d.w.s. bevel sonder lidwoord gaan oor tot bevel plus lidwoord indien 'n ander gesegde-woord die vaste uitdrukking ophef: Hy het 'n bevel uitgebou dat ...

Dieselfde kan gebeur met die volgende, om maar net 'n paar te noem:

Jy moet berig stuur of jy iets nodig het X Jy moet 'n berig uitskryf dat d.w.s. met 'n lidwoord.
Ek het tot ('n) ontdekking gekom dat

In hierdie laaste voorbeeld is daar twee moontlikhede in die vaste uitdrukking: sonder of met die lidwoord. Sonder die lidwoord bewys al meer dat ontdekking saam met kom 'n lae(r) eie-waarde begin kry. Maar saam met 'n ander gesegde-woord is 'n lidwoord reël-matig, d.w.s. 'n hoër eie-waarde is die bedoeling:

Ons het die ontdekking dat ... , bestudeer.

Die geaktiveerde eie-waarde^{word} dus hier bepaal deur die genoemde semantiese faktor en dit moet ook vir ons bepaal of die dat-/of-sinslid 'n byvoeglike bepaling is of nie. Maar die gevolgtrekking is dat vir elke gesubstantiveerde werkwoord, algemeen gesproke, vir elke substantief in 'n vaste uitdrukking, bv. ook: tot die gevolgtrekking raak/kom, eers daar eers 'n skema van geaktiveerde eie-waardes vasgestel moet word al na gelang van die verskynsels, bv. 'n Substantief soos bevel word in die taalgebruik buite 'n vaste uitdrukking in die enkelvoud geaktiveer met 'n onbepaalde lidwoord wat 'n sekere eie-waarde aan daardie saak gee:

Hy het 'n bevel oorgesein dat ...

Dit is die minimale eie-waarde buite 'n vaste uitdrukking. Maar binne 'n vaste uitdrukking word die onbepaalde lidwoord weer 'n verhoogde eie-waarde omdat die gebruik van bevel saam met gee 'n minimale eie-waarde vertoon met die nie-gebruik van 'n onbepaalde lidwoord. Vgl. ook: tot ontdekking kom en 'n ontdekking maak.

Eers nadat hierdie skema vasgestel is, kan gewaag word om te sê dat bevel in 'n sin ook funksionele verandering ondergaan het vanaf 'n voorwerp tot 'n lid van 'n verbale eenheid, maar so 'n verandering is nie noodwendig 'n verswakking nie. Bevel moet eers die gebruikelike eie-waarde buite die vaste uitdrukking prys gegee het (36*).

Hierdie gebruikelike eie-waarde buite en binne 'n vaste uitdrukking verskil al na gelang van die aard van die vaste uitdrukking. Want daar is substantiewe wat in 'n vaste uitdrukking hulle minimale eie-waarde nie aangegee kry deur die totale nie-gebruik van 'n lidwoord, of deur 'n onbepaalde lidwoord nie, maar wel deur 'n bepaalde waarvan ons sou verwag dat dit 'n hoë eie-waarde releveer:

Tot di slotsom raak,
Van die veronderstelling uitgaan
Die mening toegedaan wees
Die hoop koester

Met die aanduiding van wanneer o.i. 'n uitdrukkingsgeheel eers as 'n verbale eenheid beskou kan word, reken ons dat ons nie verder op die saak hoef in te gaan nie (37*) en sal ons ons in die volgende paragraaf dan alleen maar besighou met wat vir ons lyk op duidelik geaktiveerde eie-waarde en maak dus die kenbare verhoogde eie-waarde nou ons maatstaf:

3. Die gereleveerde eie-waarde is relevant vir die substantiewiese saak en ook vir die verbindbaarheid van die dat-/of-sinslid en dit is wel deurslaggewend vir ons ken van die bepaalde betrekking

van die/

36*) Is dit nie ook wat gebeur met huis saam met toe nie? Bv. ons gaan na die huis toe X Ons gaan huistoe (sonder die lidwoord). Verlies van eie-waarde maak huis funksioneel saam met toe 'n bywoord en dit lei tot 'n eenheidsaksent. Vanwaar dan nou die rede dat ons huistoe (sonder lidw.) los moet skryf?

37*) Vgl. die invloed van die eie-waarde op sinsmodelle: In die yskas is botter (R + Vf + S = normale sinsmodel) X Die botter is in die yskas

van die sekondêre sinslid. Ons ken d.w.s. onderskei dus nie die bepaalde betrekking primer aan ander faktore nie. Dit is net die ander kant van die gevalle wat onder 2. behandel is, omdat ons hier die uitdrukkingsgeheel self teëkom:

Jy moet ons 'n beriggie stuur of jy iets nodig het.
 Niemand sal my die verspotte vraag stel of ek nog nie getroud is nie.
 Ek het tot die verbasende ontdekking gekom dat ek by hom veilig is.

Met 'n sodanig verhoogde eie-waarde is die gesubstantiveerde werkwoord dan 'n voorwerp in die regerende sinslid en die sekondêre sinslid daarby 'n byvoeglike bepaling. d.w.s. die verhoogde eie-waarde van hierdie substantief verhinder dat die uitdrukkingsgeheel as 'n verbale eenheid fungeer.

Laat ons eers saamvat:

Afdelinge 1, 2 en 3 is dus gerangskik volgens die volgende prinsipes:

1. die plek van die gesubstantiveerde werkwoord in die sinslid maak 'n uitdrukkingsgeheel met hierdie substantief as een moment daarvan onmoontlik. Daar is geen ander moment waarmee 'n sodanige uitdrukkingsgeheel tot stand kan gebring word nie.
2. die plek van die gesubstantiveerde werkwoord skep wel die moontlikheid van 'n uitdrukkingsgeheel, maar die semantiese faktor van die gesegde-woord hef die uitdrukkingsgeheel op en so ook die moontlikheid van 'n verbale eenheid.
3. die plek van die gesubstantiveerde werkwoord skep die moontlikheid van 'n uitdrukkingsgeheel en die semantiese faktor van die "gesegde-woord" maak dat die uitdrukkingsgeheel 'n verbale eenheid kan wees, maar die verbale eenheid (nie die uitdrukkingsgeheel nie) word opgehef deur 'n duidelik verhoogde eie-waarde van die gesubstantiveerde werkwoord.

In die geval van 1 en 2 word die uitdrukkingsgeheel opgehef en in die van 3 alleen die verbale eenheid.

En so kom ons by die laaste prinsipe:

4. die plek van die gesubstantiveerde werkwoord skep die moontlikheid

woord" maak dat die uitdrukingsgeheel 'n verbale eenheid kan wees en die eie-waarde van die gesubstantiveerde werkwoord is nie verhoog om die "verbale eenheid" op te hef nie:

Jy moet berig stuur of jy kom
Daar is bevel gegee dat ons moet kom.

Die logiese gevolgtrekking is nou dat hierdie die verbale eenhede moet wees. Die antwoord kan "Ja" of "Nee" wees. Ons vra eers na 'n sisteem van eie-waardes in die taal voordat ons die maatstaf vir die verbale eenheid mededeelbaar kan maak.

B. Of noem 'n byvoeglike verband by 'n substantief in 'n Onderwerpsverband. (vir A kyk p. 128).

Toe ons die voorwerpsverband teenoor die byvoeglike gestel het met as middelpunt 'n substantief in die regerende sinslid wat moontlik as voorwerp geïnterpreteer kan word, of as sodanig geïnterpreteer moet word, is daarop gewys dat die inhoud van die dat-/of-sinslid 'n (veronderstelde) feitlikheid is. Enige ander substantief, behalwe feit, wat dus nie die feitlikheid saam nie en daarom is die sekondêre sinslid altyd 'n byvoeglike bepaling by 'n sodanige substantief. Daarom kan ons nou ons materiaal hier soos volg indeel:

(a) Die substantief wat as onderwerp fungeer is geen gesubstantiveerde werkwoord nie en ook nie die substantief feit nie. Die sekondêre sinslid is dus byvoeglik:

Die kruis of ons moet aanval, gee ons nogal hoofbrekens.
Die probleem of armes te goed voor moet gesorg word, word by die stig groter.
Op die vergadering was daar geen mens nie of hy het 'n sambreel gehad.
Vir 'n oomblik is daar die illusie of die veld om hom stil geword het.

(b) Die substantief wat as onderwerp fungeer is 'n gesubstantiveerde werkwoord en daarom ook nie die substantief feit nie. Die sekondêre sinslid is daarom byvoeglik:

Die vraag of ons 'n straatkollekte moet hou, is nou opgelos.
Die versoek of die stant nie sal ingryp nie, is toegestaan.

Die probleem wat ons by die gesubstantiveerde werkwoord gehad het, los hom hier self op omdat in 'n onderwerpsfunksie daar geen

geen verbale eenheid nie.

Die probleem wat grammatici hier by (a) en (b) geskep het, spruit voort uit die mening dat die substantiewe vraag, versoek ens. en wat (a) betref: nuus, kwessie, ens. so een is met die sekondêre sinslid dat hulle weggelaat kan word. Hierdie mening het ons alreeds mee afgehandel omdat o.i. slegs 'n substantief wat saamvattend gelyk is aan die inhoud van die sekondêre sinslid werklik daarmee gelyk kan wees en die enigste substantief vir daardie doel is die substantief die feit. Hiermee doen ons ook weg met die vae begrip bystelling omdat dit vir ons hier bloot 'n veelslagtige stopwoord geword het.

As verskynsel noteer ons hier verder vir (a) en (b) die onderwerp met 'n verhoogde eie-waarde:

Die netelige kwessie of die familie nou ingeroep moet word, is vandag darem uit die weg geruim.
Die brandende vraag of van die probleem 'n politieke twispunt gemaak moet word, is sover deur niemand ondersteun nie.

(a) Die substantief wat **as** onderwerp (kan) fungeer is die substantief die feit:

(i) die eie-waarde van die substantief is sodanig verhoog dat wetend 'n bepaalde feit gereleveer word. Die sekondêre sinslid is daarom byvoeglik:

Die reedsbesproke feit of die landsake deur die regering alleen moet beheer word, was lank 'n moeilike vraag gewees.
Die feit wat gister gemeld is, nl. of daar nie stappe gedoen moet word nie, het opspraak verwek.

(ii) die eie-waarde van die substantief feit is nie verhoog nie. Die vraag is nou of wetend 'n bepaalde feit gereleveer word as ons sê:

Die feit of hy sal kom, is onseker.
Die feit of hy sal opdag, is bespreek

O.i. is die feit hier ook weer funksioneel gelyk aan 'n anafoor sodat:

en: Dit is onseker of hy sal kom
Die feit of hy sal kom, is onseker

dieselfde interpreteerbaarheid gee. Die onderwerp van die laasge-

sinslid is dus 'n voorwerp.

C. Die totale materiaal van die byvoeglike of-sinslid word nog gerangskik volgens die aard van die verband van die regerende sinslid:

(i) Die of-sinslid is afhanklik van 'n primêre verband.

Die partytjie was 'n sukses gewees en daar was geen mens of hy het belooft om weer te kom nie.

(ii) Die of-sinslid is afhanklik van 'n onderwerpsverband.

Daar is nooit gesê dat die groot twyfel of ek ooit sal opdaag, van Jan afkomstig is nie.

(iii) Die of-sinslid is afhanklik van 'n voorwerpsverband.

Onthou nou dat hy jou die moeilike vraag of jy bereid sal wees om mee te doen, vandag gaan stel.

(iv) Die of-sinslid is afhanklik van 'n naamwoordelike gesegde.

Die plan was dat die vraag of alles in orde is, nie aangeroer moes word nie.

(v) Die of-sinslid is afhanklik van 'n byvoeglike verband.

Jan was die man wat die onredelike keuse gestel het: of vandag help of die saak vir 'n onbepaalde tyd uitstel.

(vi) Die of-sinslid is afhanklik van 'n bywoordelike verband.

(a) van plek:

Ons sal hom vind waar daar geen mens is of hy drink saam nie.

(b) van tyd:

Hy het uitgehou totdat geen oomblik verbygegaan het nie of die asemhaling word swaarder.

(c) van doel, rede, oorsaak, gevolg:

Ek is nie kwaad omdat jy die vraag stel of ek daar teenwoordig was nie.

Ons moet 'n vergadering belê sodat die aangeroerde kwessie of 'n vereniging gestig moet word, aandag kan geniet.

Ons vermy hom nou deurdat hy die ernstige twyfel of ons geskik is, by die publiek gewek het.

Ons het iemand anders aangestel met die gevolg dat die vae onsekerheid of die werk ooit sal vorder nou uit die weg geruim is.

(d) van voorwaarde:

Ons baat daar niks by nie op voorwaarde daaruit vloei as vanself die verdere vraag of so 'n dag dan nie iets kunsmatig is as dit nie aan 'n bepaalde datum verbonde is nie.

(e) van toewyding:

(f) van beperking.

Ons sal kan vry kom, behalwe as hulle die moeilike vraag of ons nie ook gehelp het nie, gaan stel.

(g) van verhouding

Die vergadering het warmer geword al/^{na-}~~nate~~ die spreker meer aangedring het op die vraag of hulle hom dan nie vertrou nie.

(h) van graad.

Hy is so noeg vir die lewe dat hy nie eers meer let op die besorgde twyfel van sy familie of hy ooit weer sal herstel nie.

(i) van vergelyking.

Daardie sekte maak altyd asof die menslike hunkering na 'n wete of die einde goed sal verloop, gladnie bestaan nie.

AFDELING I.

Of noem 'n vergelyking. (Vergelykende hoedanigheid).

In hierdie gebruik is of die mededinger van asof. Ons onderskei die volgende:

(a) die verbinding volg op 'n onpersoonlike werkwoord.

Dis of ek nooit siek was nie.
Dit lyk of hy almal altyd te lyf wil gaan.
Dit skyn of alles vandag glinster.

(b) die verbinding volg op 'n selfstandige werkwoord wat nie ook as naamwoordelike gesegde bruikbaar is nie.

Hy loop of hy 'n laaistok ingesluk het.
Hy staan altyd of hy nie boe of ba kan sê nie.
Hy maak of hy 'n mens nie ken nie.

(c) die verbinding volg op 'n selfstandige werkwoord wat wel as naamwoordelike gesegde bruikbaar is, of andersom.

Hy lyk van stryk af of hy iets wil sê wat hy nie uitkry nie. X Hy verbaas hom.

(d) die verbinding volg op 'n naamwoordelike gesegde wat nie ook as selfstandige werkwoord bruikbaar is nie.

Hy lyk altyd seker of daar nooit iets skeef kan loop nie.
Hy is uitasem of hy tien myl ver geloop het.

'n Verdere ontleding van die taalateriaal wys die volgende uit:

(i) 'n Handeling word met 'n handeling vergelyk.

Jy praat of jy baie geld geërf het.

(ii) 'n Handeling word met 'n toestand vergelyk.

Jy swem vandag reestig of jy 'n haai is.

(iii) 'n Toestand word met 'n toestand vergelyk.

Jan lyk benoud of hy bang is.

(iv) 'n Toestand word met 'n handeling vergelyk.

Jy lyk moeg of jy ver kon geloop het.

Sodra daar 'n hoedanigheidswoord in die regerende sinslid gebruik word, dan word asof blykbaar dominanter, bv.

Jy loop maklik asof(of!) jy vlerke aan jou voete het.

SAMEVATTING.

In 'n kort samevatting van hierdie werk kan slegs maar op enkele hoofteite gewys word.

In die Inleiding doen ons verantwoording van die begrip saak en die betekenis van soos en of en wys daarop dat hulle noem-funksies nie met hulle betekenis geïdentifiseer moet word nie omdat hulle noemfunksies slegs maar op die betekenis terugvoerbaar is.

Hoofstuk I.Die Taaltegniese Woord Soos.

Aan die hand van taalmateriaal toon ons aan hoedat 'n bepaalde algemene gebruik van soos struktureel in vier groepe val:

- (a) 'n Tweeledige (hoedanigheid-) struktuur (hoof-tipe)
- (b) 'n Tweeledige (hoedanigheid-) struktuur (sub-tipe (a))
- (c) 'n Tweeledige (hoedanigheid-) struktuur (sub-tipe (b))
- (d) 'n Drieledige (hoedanigheid-) struktuur .

Die materiaal wat hieronder val, bewys die volgende:

- (i) onder groepe (a) en (d) val die gebruik waar die vergelijkende hoedanigheid ("vergeliking") altyd sy teenstelling in die egte hoedanigheid ("hoedanigheid") vind en andersom.
- (ii) onder groepe (b) en (c) val die gebruik waar die egte hoedanigheid nie sy teenstelling in die vergelijkende vind nie.

Die probleem by (i), d.w.s. by groepe (a) en (d) was dan nou om uit te vind hoedat die egte en die vergelijkende hoedanigheid van mekaar onderskei kan word. Ons wys dan ook op die verwarrende teësprak wat daar in die voorbeelde van grammatici lê en ons slaan ons die weg in om 'n oplossing te vind. Hiervoor en ook vir die bespreking van of was dit nou nodig dat ons eers verantwoording doen van verskeie begrippe, bv. woord, woordgroep, sin, sintaksis, betekenis, prinsipe, struktuur, e.a., en na ontleding van 'n paar voorbeelde uit grammatika-boeke wys ons daarop hoedat struktuur vir ons doel insluit: kontekstuele struktuur ('n bepaalde soort sintaktiese struktuur), sinstruktuur, hoedanigheidstruktuur en sakestruktuur.

Gekom by sake-struktuur ontwikkel ons nou aan die hand van feite die begrippe van identiteit en nie-identiteit (geopponeertheid) van sake en ons vind in 'n sin met soos:

1. Direk-identieke sake.
2. Kruis-identieke sake.
3. Geopponeerde sake.
4. Absoluut; geopponeerde sake.

Nou word aangetoon hoedat die onderskeid tussen 'n egte en 'n vergelykende hoedanigheid aan die sake-struktuur vasgekoppel lê en ons wys dan ook daarop hoedat 'n bepaalde wysiging in die sake-struktuur die vergelykende hoedanigheid onaangetas laat en dan weer hoedat 'n ander soort wysiging die vergelykende hoedanigheid kan laat oorgaan tot 'n egte hoedanigheid en andersom.

Wat die sake-struktuur betref, kan ons aantoon dat nie alle bywoordelike sake vir die onderskeid tussen die twee noemfunksies relevant is nie en ons verdeel die bywoordelike sake soos volg: die wat altyd oop is en die wat 'of as oop 'of as geslote bywoordelike sake gerealiseer kan word.

By die sub-tipes, d.w.s. die strukturele ^{groepe} (b) en (c), vind die egte hoedanigheid egter nie sy teenstelling in die vergelykende nie. Wat die sake-struktuur betref, toon ons dan aan:

- (i) dat dit by sub-tipe (a) ten dele relevant is omdat die soos-sinslid alleen maar intens betrokke is op één bepaalde saak in die sinslid waarvan die soos-sinslid afhanklik is,
- (ii) dat dit by sub-tipe (b) heeltemal irrelevant is.

Die materiaal wat onder die bogenoemde vier strukturele ^{groepe} bespreek is, het ons as die "problematiese materiaal" beskou en ons wou aantoon hoedat elke gebruik tog in 'n mate onderskeibaar is. By die ander noemfunksies van soos (die byvoeglike, onderwerps- en voorwerpsverband) het ons nie dieselfde probleme gehad nie en ons wou van bespreking het dan ook in 'n ander rigting gegaan.

Hoofstuk 11.Die Taaltegniese Woord Of.

Die bespreking van of vang aan by die toegewingsverband waar ons al die volgende verbindingsgroepe vind: of... (en) of(-te). Na die dominante gebruik, onderskei ons hier die volgende groep(e): (1) of ...en of, (2) of....of, (3) of, (4) of...of(-te), (5) of(-te). Ons taak was nou eers om die reëls vir hierdie dominante gebruiksvorme te agterhaal, vorme wat ook vir die onderwerps- en voorwerpsverband bruikbaar is. Ons vind dit dan ook in die struktuur van die sin sees dit saamhang met die proses van sanetrekking, 'n proses wat ons opnuut noes formuleer omdat die tradisionele definisie(s) die indruk gee dat in die taalgebruik die woord (betekenis) die doel is i.p.v. die middel.

Ons stel dan nou twee vrae na aanleiding van die dominante vorm en probeer om die antwoorde daarop te gee:

- (i) is die gebruikte vorm die oorsaak van die sanetrekkingproses (effek), of
- (ii) is die gebruikte vorm die effek en die sanetrekkingproses daarvan die oorsaak ?

Die volgende vraag is: stel die bepaalde vorm van die verbindingsroep 'n beperking op die kontekstuele verband van die teenstellend alternatiewe sark wat ook in die tyd ná die tweede lid van die verbindingsroep verskyn? Ons toon dan aan:

- (i) hoedat dit onder sekere opsigte wel die geval kan wees, en
- (ii) hoedat dit onder ander opsigte nie die geval kan wees nie.

Dit lei dan tot 'n rangskikking van die materiaal volgens die prinsipes wat dominant is.

By die bespreking van die onderwerps-, voorwerpsverband en die bywoordelike verbande van tyd, voorwaarde, omstandigheid en vergelyking word die materiaal in hoofsaak gerangskik volgens (beperkte) prinsipes wat 'n variasie in die gebruik kan illustreer.

Wat die byvoeglike verband betref, noes ons ons weer op onder bepaalde...

vol teespraak is. By die byvoeglike verband van soos het ons al begin deur die begrip bystelling aan te val en ons kan aantoon hoedat dit 'n begrip geword het wat alles dek behalwe die verskynsel waarop dit toegepas word. Ons werk dan ook nêrens met hierdie begrip nie.

Grammatici vind dat hulle grootste probleem by die byvoeglike verband gekonsentreer is om die substantief wat as antesedent van die of byvoeglike bepaling moet dien, sodat gevra word:

- (a) is hierdie substantief 'n voorwerp/onderwerp en die of-sinslid daarby 'n byvoeglike bepaling? of
- (b) is hierdie substantief "so een met die of-sinslid dat dit maar weggelaat kan word sonder om die "sin" te verstoort," of
- (c) is hierdie substantief (as dit 'n sg. gesubstantiveerde werkwoord is) 'n deel van die gesegde (ons kry dan die "verbale eenheid") en die of-sinslid 'n voorwerp?

Wat (a) en (b) betref, toon ons dan aan dat daar twee kategorieë van substantiviese sake is waarmee rekening gehou moet word. Ten eerste is daar die substantiviese saak feit (Ek twyfel aan die feit of) en ten tweede dié wat daarbuite val, soos nuus, geskinder, ens. Dan raak ons tot die gevolgtrekking:

(i) Die substantiviese saak feit kan alleen 'n voorwerp/onderwerp wees as dit op 'n bepaalde wyse wat in die taalstruktuur beliggaan is, gerealiseer word, anders funksioneer dit soos 'n gewone anafoor: dit, daaron, ens.

(ii) Die ander kategorie van substantiviese sake is altyd 'n voorwerp/onderwerp en die of-sinslid daarby 'n byvoeglike bepaling; maar dan ook bepaalde posisies in die sinslid in aanmerking geneem.

Wat (c) betref, nl. die sg. gesubstantiveerde werkwoord vind ons dat grammatici nie kan besluit wanneer die gesubstantiveerde werkwoord (behalwe as dit onderwerp is) nou aanleiding gee tot 'n verbale eenheid saam met die gesegde en wanneer nie.

Ten eerste doen ons verantwoording van ons begrip van

geheel. Voorts wys ons daarop dat van die taalstruktuur afgelees kan word dat in sommige gebruike die moontlikheid van 'n interpretasie as 'n verbale eenheid heeltemal uitgeslote is. Ten slotte kom ons dan deur 'n proses van eliminasie tot die materiaal waar die verbale eenheid nog meerduidend kan wees en wys alleen maar hoedat 'n bepaalde geaktiveerde eie-waarde van die sg. gesubstantiveerde werkwoord (as sakk), soos in die taalstruktuur beliggaa, vir ons die oplossing van die probleem hier kan gee.

* *****

LITERATUUROPGAVE.

- Ach, Narzies Zur psychologischen Grundlegung der sprachlichen Verständigung. Bericht, p. 122 vlg.
- Acket, J.M. De Sylleps. N.Tg. XLIII.
- Alphen, J. van De Vraagzin. N. Tg. VIII.
- Ammann, Hermann Vom doppelten Sinne der sprachlichen Formen. Heidelberg, 1920.
- Die menschliche Rede.
I. Teil: Die Idee der Sprache und das Wesen der Wortbedeutung. Lehr i. B. 1925.
II. Teil: Der Satz. Lehr i.B. 1928.
- Apeldoorn, C en De Jong A.J. Beknopte Nederlandse Spraakkunst. Purmerend, 1935 (Afgekort: Apeldoorn)
- Ballard, P.B. Thought and Language. London 1934.
- Bally, G. Psychologische Phänomene im Bedeutungswandel. Bern 1924.
- Barnes, A.S.V. Afrikaanse Grammatika en Taalkunde vir Afrikaanssprekende Leerlinge. Nas.Pers. 1945.
- Bazell, C.E. Notes on Synchronic Grammar. English Studies, XIX, 1937, p.205 vlg.
..... On Form and Function, Journal of English and Germanic Philology, XXXVII, 1938, p. 331.
- Bockering-Vinckers Amphibiën in 't Woordenrijk. Noord en Zuid IV, p.1 vlg. en p. 127 vlg.
- Beer, Taco de Het Onderwerp bij de causatieven. Noord & Zuid XXVI, p. 543 vlg.
- Behrens, Fred Vergelijkingen in de gesproken Taal. Taal en Letteren IX, p. 221 vlg.
- Berger, L.H.M. De Ontwikkeling van de logisch-grammatische functies tusschen het twaalfde en het achtiende levensjaar. Utrecht-Nijmegen, 1927.
- Bericht: Bericht über den XII. Kongress der Deutschen Gesellschaft für Psychologie. Jena, 1932 (Afgekort: Bericht)
- Bilderdijk, W. Nederlandsche Spraakkunst. 's Gravenhage 1826.
- Blake, F.R. A Semantic Analysis of Case. Curme Volume of Linguistic Studies, p.34 vlg.
..... Artikel in Language VII, p. 49 insake Hjelmslev se Principes de grammaire générale. Royal Danish Ac. Copenhagen, 1928.

- Bloch & Trager Outline of Linguistic Analysis. Baltimore, Md., 1942.
- Bloomfield, L. A Set of Postulates for the Science of Language. Language 11, 1926, p.153 vlg.
 Language. New York, 1933.
 Linguistic Aspects of Science. International Encyclopaedia of Unified Science 1:4. Chicago, 1939.
 Philosophical Aspects of Language. Studies in The History of Culture. Menasha, Wis., 1942.
- Blümel, R. Einführung in die Syntax. Heidelberg, 1914. 'Verbindungen von Ganzem und Teil' und andere Gruppen syntaktischer Beziehung in der nhd. Umgang-sprache. Indog. Forsch. XXXIV.
- Booyesen, C.M., o.a. 'Die nuwe praktiese Grammatika, Stylkursus en Klankleer. Nas. Pers. 1942. (Afgekort: Booyesen).
- Bosch, J.H.van den Over Samenstellingen. Taal en Letteren 111.
- Bouman, A.C. Bijdrage tot de Syntaxis der "dat"-zinnen in het Germaansch. Utrecht, 1918. (Afgekort: Bouman, Dat-sinne).
 Afrikaanse Spraakkuns (met E.C.Pienaar). Stellenbosch 1924 (Afgekort: Bouman, Sprk).
 Over ongemotiveerde inversie. N.Tg. XVI.
 Syntaktiese groepen in Afrikaans. N.Tg. XVI.
 Die Probleem van die inwendige Taalvorm. N.Tg. XXII.
- Brandenstein, W. Kritische Musterung der neueren Theorien des Nebensatzes. Indog. Forsch. XLIV, p. 117 vlg.
- Broens, O Darstellung und Würdigung des Sprachphilosophischen Gegensatzes zwischen Paul, Wundt und Marty. Betzdorf, 1913
- Brouwer, Jan Predicatieve Bepalingen. Taal & Letteren 11.
- Bruggencate, H.L. ten Subjecten, predicaat en hun beide verhouding in zin en oordeel. De Idee, 1928, p. 288 vlg.
- Bühler, Karl Kritische Musterung der neueren Theorien des Satzes. Indog. Jahrbuch, VI Bnd. Berlin-Leipzig, 1918, p.1 vlg.
 Vom Wesen der Syntax. Idealistische Neuphilologie. Festschrift für Karl Vossler. Heidelberg, 1922, p. 54 vlg.
 Phonetik und Phonologie. Travaux IV, p.28 vlg.
 Das Ganze der Sprachtheorie, ihr Aufbau und ihre Teile, Bericht, p. 95 vlg.
 Die Axiomatik der Sprachwissenschaften. Kant-studien. Band XXXVIII. Berlin, 1933 p. 19 vlg.
 Ausdruckstheorie. Das System an der Geschichte aufgezeigt. Jena 1933.

- Das Strukturmodell der Sprache, *Travaux* VI.
 Der dritte Hauptsatz der Sprachtheorie, *Onzieme Congres Intern. de Psychologie, Rapports et comptes rendus*, 1938
- Buiskool, H.E. Iets over voorwerpen en bijwoordelijke bepalingen, *N.Tg.* XXX,
- Butler, Samuel *Thought and Language; Essays on Life, Art and Science*, London, 1904
- Byrne, Jones *General Principles of the structure of Language*, London 1892,
- Clark, John *Manual of Linguistics*, Edinburgh, 1893
- Collinson, W.E. *Some German Particles and their English Equivalents - a study in the technique of conversation*, German Studies presented to Prof. H.G. Fiedler, Oxford, 1938, p. 106 vlg.
 *Some Recent developments of Syntactical Theory. A critical Survey*, Hertford 1942.
 *Some Recent Trends in Linguistic Theory with special reference to Syntactics*, *Lingua* 1, 3, p.306 vlg.
- Corradi, H. *Das Subjek der sogenannten unpersönlichen Verben*, *Zeitschrift für vergleichende Sprachforschung*, 1925, Heft. 1
- Oosijn, P.J. & Te Winkel J.. *Nederlandsche Spraakkunst*. Haarlem, 1877
- Gurme, G.O. *Grammar of the German Language*, New York, 1922,
 *Grammar of the English Language*. (met F. Kurath), Vol.III: *Syntax*, New York, 1931 (Afgelinkt: Gurme, *Syntax*).
 *Musings on the English Subjunctive*, *Journal of English and German Language*, XXX, p. 1 vlg.
- Cyzevskyj, D. *Phonologie und Psychologie*, *Travaux* II.
- Dalen, van *Grammatische en Logische Onderwerp*, *Noord & Zuid*, XXVII, p. 186 vlg.
 *Bijwoorden en Voegwoorden*, *Noord & Zuid* XXXIX, p.326 vlg.
 *Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal*.
- Dashiell, J.F. *A Physiological-Behavioristic Description of Thinking*, *Psych. Rev.* 1925, Vol. 32 p. 54 vlg.
- Dempe, Helmut *Was ist Sprache?* Weimar, 1930.
 *Sprache und Volksgeist*, *Indog. Forschung*, LII, 1934, p. 89 vlg.
- Deutschbein, Max *System der neuenglischen Syntax*. Cöthen, 1917.
 *Das Resultativum im Neuenglischen*, *Streitberg-Festsache* 1924, p. 36 vlg.
- Dittrich, Ottomar *Grundzüge der Sprachpsychologie*. Halle 1904.

- Die Probleme der Sprachpsychologie und ihre gegenwärtigen Lösungsmöglichkeiten. Leipzig, 1913.
- Drach, E. Grundgedanken der deutschen Satzlehre. Berlin 1937.
- Duijker, H.C.J. Extralinguale Elementen in de Spraak. Taal en Psychische Werkelijkheid I. Amsterdam 1946.
- Klank en gebaar als middelen van Expressie. Alg. Ned. Tijdschrift v. Wijsb. en Psychol. 34, 1941.
- Easton, M.W. Analogy and Uniformity. American Journal of Philology, Vol. V, p.164 vlg.
- Ellerbeck, S.J. Het Woord. Nederlandsch Tijdschrift voor Psychologie IV (Nov. 1936), p. 361 vlg.
- Erdmann, Karl Otto Grundzüge der deutschen Syntax. Stuttgart, 1886 - 98 (ret: Oskar Mensing)
- Die Bedeutung des Wortes. Leipzig, 1925
- Ettmayer, K, von Analytische Syntax der französischen Sprache mit besonderer Berücksichtigung des Alt-französischen. Halle, 1930.
- Syntax, Psychologie, Philosophie. Zeitschr. für franz. Sprache und Litt. Vol. LVI, p. 21 vlg.
- Ueber die Kriterien der syntaktischen Interpretation. Zeitschr. für franz. Sprache und Litt. Vol. LVII.
- Zur Grundlinien der Entwicklungsgeschichte der Syntax. Germ. Rom. monatschrift, XX (1932), p. 208 vlg.
- Faddegon, B. De Systematiek der Syntaxis. Neophilologus VII.
- The Categories of Tense or Time, Manner of Action, and Aspect, as expressed by the Verb. Donum. Natal. Schrijnen, 1929, p. 116 vlg.
- Phonetics and Phonology. Amsterdam, 1938.
- Firth, J.R. Linguistics and the functional Point of View. English Studies XVI, 1934, p.18 vlg.
- Resensie van Straumann so: Newspaper headlines - a study in Linguistic Method. London 1933. English Studies XVII, 1935, p. 111 vlg.
- The Semantics of Linguistic Science. Lingua 1, 4, p. 393 vlg.
- Franz, Wilhelm Ellipse und Bedeutungswandel. English Studien, Band 62 (1927), p. 25 vlg.
- Funke, Otto Ueber Prinzipienfragen der Sprachwissenschaft. Engl. Studien LVIII, p. 177 vlg.
- Jespersens Lehre von den three ranks. Engl. Studien LX, p. 140 vlg.
- Innere Sprachform. 1924.
- Von den semasiologischen Einheiten und ihrer Herleitung. Engl. Studien 60

- Studien zur Geschichte der Sprachphilosophie. Bern, 1927.
- Gaarenstroom, J.K. De Klemtoon in die Nederlandsche Taal. Gulemborg, 1887.
- Gabelentz, Von der Die Sprachwissenschaft, Ihre Aufgaben, Methoden und bisherigen Ergebnisse. Leipzig. 1901.
 Weiteres zur vergleichenden Syntax. Zeit. für Völkerpsychologie und Sprachwissenschaft VIII, p. 144 vlg.
- Gardiner, Alan Some Thoughts on the Subject of Language. Man, 11, 1919.
 The definition of the Word and the Sentence. The British Journal of Psych. General Section, Vol.XII, 1921-22
 The Theory of Speech and Language, Oxford 1932.
- Gläzer, Edgar Grundlegendes zum Satzprobleme. Zeitschrift für Rom. Phil. LI, 1931, p. 527 vlg.
- Grave, Salverda de Taal en Gedachte. N.Tg. XVI.
- Groot, A.W. de De Wetten der Phonologie en hun betekenis voor de studie van het Nederlands. N. Tg. XXV.
 De Structuur van het Nederlands. N.Tg. XXXIII.
 De Nidle. Zinsintonatie in het licht der Structurele Taalkunde N.Tg. XXXVII.
 Structural Linguistics and Phonetic Law. Lingua 1,2.
 Structural Linguistics and Word Classes. Lingua, 1, 4.
- Grote, A. Ueber die Funktion der Copula. Eine Untersuchung der Logische und Sprachlichen Grundlagen des Urteils. Leipzig, 1935.
- Grünbaum, A.A. Sprache als Handlung. Bericht, p. 164
- Guitart, J.J. De Intonatie van het Nederlandsch 1925.
- Havers, W. Handbuch der erklärenden Syntax - ein Versuch zur Erforschung der Bedingungen und Triebkräfte in Syntax und Stilistik. Heidelberg, 1931.
- Herman, E. Die Wortarten. Berlin, 1928.
- Hertog C.H.de De Nederlandsche Taal. Practische Spraakkunst van het hedendaagsche Nederlandsch, 2 dln. Amsterdam, 1897 (Deel 2 afgekort: Den Hertog 11).
- Husserl, Edmund Logische Untersuchungen. Zweiter Band. Untersuchungen zur Phänomenologie und Theorie der Erkenntnis. I Teil, Halle a.d.S. 1922
- Jespersen, Otto Essentials of English Grammar. London 1933.

- Jessurun de Mesquita, J.... Over Bühler's Theorie der Taal, Tijdschrift voor Wijsbegeerte XXVI, p. 83 vlg.
- Kainz, F. Psychologie der Sprache. Stuttgart, 1 (1941), 11(1943)
- Kaakebeen, G.G. Over Vergelijkingen en Beknopte Zinnen. Taal & Letteren II.
- Kalepky, Th Neuaufbau der Grammatik, Leipzig, 1928.
- Kent, R.G. Language and Philology. Boston, 1923.
- Keyser, M.L. de Bespreking van beknopte sinne in Noord & Zuid XXIX, p. 49.
- Köhler, Wolfgang Gestalt Psychology. An introduction to new concepts in modern Psychology. New York.
- Kollewijn, R.A. Teenstellende en nevenschikte Zinnen. Taal & Letteren I.
..... Voorwerpen. Taal & Letteren IX.
- Kraner, W. Resensie van B.H. Erne' en Jc. Snit se Nieuwe Nederlandse Spraakkunst met Oefeningen. N. Tg. XXXIX.
- Kruisinga, E. An English Grammar for Dutch Students. Vol. I: A Shorter Accidence and Syntax. Vol. II: Grammar and Idiom. Utrecht 1917.
..... Het Nederlands van Nu. Amsterdam 1938.
- Kroesch, S.H. Analogy as a Factor in Semantic Change. Language, 11, p.35 vlg.
..... Change of meaning by Analogy. Studies in Honor of H. Collitz. Baltimore 1930, p. 176 vlg.
- Kuhns Zeitschrift: Zeitschrift für vergleichende Sprachforschung auf den Gebiete der Indogermanischen Sprache. Begründet von A. Kuhn.
- Labuschagne, F.J. Grammatika, Taalwetenskap en Taalonderwys. Inougurele Rede, Koers V, 6, Junie 1938.
..... Nog: "Toe" - Los of Vas. Oorgedruk uit Wetenskap en Kuns, April 1948.
- Laftran, E. Zur Frage des Modus in deutschen Bedingungssätzen. Zeitschrift für Deutsche Phil. LVI, p. 284 vlg.
- Laguna, Grace Andrus de ... Speech. Its Function and Development, New-Haven, London 1927.
- Langeveld, M.J. Taal en Denken. Groningen, den Haag, Batavia, 1934.
..... Karl Bühler en de Taalpsychologie. N. Tg. XXIII.
..... Taal en Sprak. N. Tg. XXIX.
- Leipold, W.F. Form or Function as the basis of Grammar. Journal of English and Germanic Philology XXXVI 1925 - 1926 vlg.

- Lingua: International Review of General Linguistics. Editors: A.W. de Groot, A.J.B.N. Reichling. Haarlem.
- Lerch, E. Historische französische Syntax. Leipzig 1925. Vol. I.
 Untergeordnete Sätze und unterordnende Konjunktionen. Leipzig, 1929. Vol. II.
 Modalität, stimmführung und affektische Verkürzung; Interjektionen und Nominalsätze; Stimmdruck und Wortstellung. Leipzig, 1934. Vol. III.
- Made, G. Verb. Subst. im English. Diss. 1910.
- Martinak, Eduard Psychologische Untersuchungen zur Bedeutungslehre. Leipzig, 1901.
- Marty, Anton Untersuchungen zur Grundlegung der allgemeinen Grammatik und Sprachphilosophie. Halle a.S. 1908.
 Zur Sprachphilosophie. Die logische, lokalisiertische und andere Kasus-theorien. Halle 1910.
- Matthaei, Rupprecht Das Gestaltproblem. München 1929.
- Merwe, G.P. v.d. 'n Handleiding vir Sekondêre Afrikaans-leerlinge. Nas. Pers 1941 (Afgelort: V.d. Merwe).
- Moerkerken, van Over de Verbindingen der zinnen in Gotisch.
- Müller-Freienfels, R. Das Denken und die Phantasie. Leipzig, 1916.
- Naes, O. Das grammatische Begriffssystem im Lichte der neuen Logik. Norsk Tidsskrift for Sprogvidenskap VI, p. 5 vlg.
- Nauta, G.A. Verkorting bij betrekkelijke Zinnen. Noord & Zuid, XXVI.
- Neckel, Gustav Ueber die altgermanischen Relativsätze. Palaestra, Bd. 5 (1900).
 Die germanischen Relativpartikeln. Berlin 1900.
- Nehring, Alfons Zur Begriffsbestimmung des Satzes. Kuhns Zeitschrift 55, 1927, p. 238 vlg.
 Studien zur Theorie des Nebensatzes I. Kuhns Zeitschrift 57, 1929, p. 118 vlg.
- Nesfield, J.G. English Grammar, Past and Present. London 1922.
- N. Tg.: De Nieuwe Taalgids, Onder Redaktie van C.G.N. de Vooy. Groningen, Batavia.
- Norden, Adolf Einführung in die wissenschaftliche Betrachtung der Sprache. Vertaling deur H.W. Pollak. Halle 1923.
- Notermans, J. De Zin. Batavia. 1935.

- Nyrop, Kr. Das Leben der Wörter. Leipzig, 1903.
Duitse vertaling (uit Deens) deur Vogt.
- Oberman, H & Bartels, A. .. Nederlandse Spraakkunst. Zutphen,
MCMXXXVIII (afgekort: Oberman).
- Ogden C.K. & Richards, A... The Meaning of Meaning. London, 1946.
- Onions, C.T. An Advanced English Syntax. London 1904
- Overdiep, G.S. Vorm, betekenis en functie. N. Tg. XX.
..... De Studie der Nederlandsche Syntaxis.
..... N. Tg. XIX.
..... Zinsvormen en woordbetekenis. Onze
..... Taaltuin IV.
..... Zeventiende-eeuwsche Syntaxis. 3 Stukke
..... Groningen, 1931-1935. (Afgekort: Overdiep
..... 17, 1, 11, 111)
..... Stilistische Grammatica van het moderne
..... Nederlandsch. Zwolle, 1937.
- Otto, E. Zur Grundlegung der Sprachwissenschaft.
..... Bielefeld-Leipzig, 1919.
- Palaestra: Untersuchungen und Texte aus der deut-
..... schen und englischen Philologie, herausge-
..... geben von Alois Brandl. und Erich Schmidt.
- Paul, H. Prinzipien der Sprachgeschichte, Halle
..... a.S. 1909.
- Plate, R. Zur historischen und psychologischen
..... Vertufung der deutschen Schulsyntax.
..... Mönich, 1935.
- Polle, F. Wie denkt das Volk über die Sprache?
..... Leipzig, 1904.
- Porzezinzki, Viktor Einleitung in die Sprachwissenschaft.
..... Uit Russies vertaal deur Erich Boehme.
..... Leipzig, 1910.
- Pos, H.J. Zur Logik der Sprachwissenschaft. Heidel-
..... berg, 1922.
..... Ueber den Aufbau der grammatischen Inter-
..... pretation. Blätter für Deutsche Philoso-
..... phie. 6 Bnd. Berlin 1922, p.295 vlg.
..... Implizierte functies in de Taal. 1925
..... Zur Problematik der Sprachphilosophie.
..... Philosophischer Anzeiger III. Bonn
..... 1929, p. 148 vlg.
..... Het Onbepaalde in de Taal en in die Taal-
..... kunde. Rede uitgespr. op den Dies Natalis
..... der Vrije Univ. 21 Oct. 1929 . Amsterdam.
..... De Taal als Symbolische Functie. De
..... Uitdrukkingswijze der Wetenschap.
..... Groningen-Batavia, 1934.
..... Het Affect en zijn uitdrukking in de
..... Taal. Nederlandsch Tijdschrift voor
..... Psychologie. Jrg. 1934. Amsterdam-
..... Weenen, p. 209 vlg.
..... Phonologie en Betekenisleer. Mededeelingen
..... der Kon. Akad. v. Wet., afd. Lett.
..... Nieuwe reeks, Deel I, no. 13. Amsterdam
..... 1938.

- Potgieter D.J. Juta se Nuwe Afrikaanse Grammatika vir Middelbare Skole, Kaapstad, 1939.
- PoutsmaA Grammar of Late Modern English (Afgekort: Poutsma).
- Reichling, Anton Enkele notities bij de syntakties-stilistiese metode (van Overdiep). N. Tg. XXVII.
 De theorie der grammatica en de didactiek. Paedagogische Studiën, 15de jrg., p.449 vlg.
 Het Woord. Een studie omtrent de grondslag van Taal en Taalgebruik. Nijmegen, 1935.
 Het handelingskarakter van het Woord. N.Tg. XXXI.
 Bij het "Derde Stuk" van de "Zeventiende-eeuwsche Syntaxis", N.Tg. XXXI.
 Over Essentiële en Toevallige Grammatica-regels. Openbare les gegeven op 7 Februari 1939.
 De Taal, Haar wetten en haar Wezen. E.N.S.I.E.
 Over het personale aspect in het taalgebruik. Bundel Opstelle van Oudleerlingen aangeboden aan prof.dr.C.G.N. de Vooy, p. 283 vlg. Groningen-Batavia 1940.
 Wat is Algemene Taalwetenschap? Inoug. rede 12 Mei 1947. Groningen-Batavia. Verskyn ook in Lingua I, I.
- Ries, John Was ist Syntax. Prag. 1927 (I).
 Zur Wortgruppenlehre, Prag. 1928 (II).
 Was ist ein Satz. Prag, 1931 (III)
 Ferdinand Sommer: Vergle. shende Syntax der Schulsprache. Englische Studien 56,
 Zur Gliederung der Syntax und der Gesamtgrammatik. Anzeiger für Indog. Sprach- und Altertumskunde, Bd.XXXIV.
- Rozwadowsky, Jan van Wortbildung und Wortbedeutung. Heidelberg, 1914.
- Roux, J.J lo Oor die Afrikaanse Sintaksis I. Amsterdam, 1923.
- Royen, O.F.M.,Gerlach Spraak en Taal. Amsterdam. 1933
- Sander, F. Experimentelle Ergebnisse der Gestaltpsychologie. Bericht über den X Kongress für experim. Psychologie Bonn, 1927. Jena 1928, p. 100 vlg.
- Sandfeld-Jenssen, Kristian .. Die Sprachwissenschaft. Leipzig-Berlin 1923.
- Sandman, Manfred On Linguistic Expression. Mod. Lang. Review XXXVI.
- Sapir, Edward Language. New York 1921
 Sound Patterns in Language. Language I, p.37 vlg.
 The Status of Linguistics as a Science.

- Saussure, F. de Cours de linguistique générale. Paris 1922.
- Schrijnen, Jos Handleiding bij de studie der vergelijkende Indog. Taalwetenschap. 1924 - 1925. (Afkort: Schrynen, Handleiding).
- Schubiger, Maria The Role of Intonation in Spoken English. Cambridge, 1925.
 English Intonation and Syntax. Proceedings of the Second International Congress of Phonetic Sciences. Cambridge, 1936, p. 87 vlg.
- Schurr, Fr. Sprachwissenschaft und Zeitgeist. Marburg 1922.
- Segal, J. Ueber die Vorstellen von Objekten und Situationen. Stuttgart 1916.
- Seidel, Eugen Geschichte und Kritik der wichtigsten Satzdefinitionen. Jena, 1935.
- Selz, Otto Zur Psychologie des produktiven Denkens und des Irrtums. Bonn, 1922.
- Sheffield, A.D. Grammar and Thinking. New York-London, 1912.
- Sommer, F. Vergleichende Syntax der Schulsprachen. Leipzig, 1925.
- Sonnenschein A New English Grammar. Oxford 1921.
 The Soul of Grammar. Cambridge, 1927.
- Spruyt, C.B. Leerboek der Formeele Logica, bewerkt naar de dictaten van wijlen prof. Spruyt, door M. Honigh, Haarlem, 1903.
- Sperber, H. Ueber den affekt als Ursache der Sprachveränderung. Versuch einer dynamologischen Betrachtung des Sprachlebens. Halle a.S. 1914.
 Einführung in die Bedeutungslehre. Bonn-Leipzig, 1923.
- Staargard, Er. W.F. Wat is Logisch? Amsterdam 1925.
- Stenzel, Julius Sinn, Bedeutung, Begriff, Definition. Ein Beitrag zur Frage der Sprachmelodie. Jahrbuch für Philologie I. München 1925, p. 160 vlg.
 Philosophie der Sprache. München-Berlin, 1934.
- Stern, Gustaf Meaning and change of Meaning with special reference to the English Language. Göteborg, 1932.
- Stocklein, J. Bedeutungswandel der Wörter, seine Entstehung und Entwicklung. München, 1898.
- Straumann, H. Newspaper Headlines. A Study in Linguistic Method. London 1933.

